

**‘N VERGELYKENDE KWALITATIEWE BESKRYWING VAN DIE
ONTWIKKELINGSTADIA VAN ERIK ERIKSON EN CHAKRA-
ONTWIKKELING.**

deur

JEANNE SMIT

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

(Voorligtingsielkunde)

In die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Studieleier: Me E du Preez

April 2003

DANKBETUIGINGS

Om ‘n tesis op eie stoom aan te pak, is onmoontlik. Daarom bedank ek die volgende persone:

- My studieleier, Elizabeth Du Preez, vir haar eindeloze geduld tydens die voltooiing van die studie.
- Nelia Oets, vir die taalversorging en afronding van die finale produk.
- My ouers, Hennie en Elizabeth, vir die geleentheid om ‘n Meestersgraad af te lê en vir hulle morele ondersteuning gedurende die afgelope twee jaar..
- My familie en vriende vir hul aanmoediging en Yanic wat deurgaans gesorg het vir ‘n ligte luim.
- Niel, vir sy emosionele ondersteuning en vertroue in my.

**A COMPARATIVE QUALITATIVE DESCRIPTION OF THE
DEVELOPMENTAL STAGES OF ERIK ERIKSON AND CHAKRA
DEVELOPMENT**

Name:	Jeanne Smit
Supervisor:	Ms E. du Preez
Department:	Psychology
Degree:	Master of Arts (Counseling Psychology)

SUMMARY

The aim of this study is to investigate the resemblance between the developmental stages and developmental tasks of the seven chakras (Judith, 1996) and Erik Erikson's developmental theory (Bee, 1996). The researcher aims to describe the similarities between the chakra system and developmental psychology.

The discussion of literature was divided into two components. Firstly, Stages 1-8 of Erikson's developmental theory were discussed. Secondly, the chakra system was discussed. The researcher discussed the following concepts to explain the term *chakra system*: the human and the body; chakra definitions and associations, chakra names, and the colours associated with the chakras. For the purposes of this study, the functions of the separate chakras and the development of the chakra system were focal points.

The study was done at a private yoga organisation in Durbanville, Cape Town, where the participants of the study regularly took part in classes. These participants were chosen because of their reliability (adults and regular participation) and their receptivity for alternative healing. Their age and gender was also relevant to the study, because the researcher used non-probability sampling. The main prerequisites for individuals to participate in the study were regular attendance and the individuals' status as adults.

Die analyse van die data is met die literatuurstudie vergelyk, en die navorsing het tot die gevolg trekking gekom dat die primêre temas, wat in beide die lewensgeskiedenisvraelys en die chakra-indeks geïdentifiseer is, ooreenstem met Erikson se agt ontwikkelingstadia. Die navorsing het ook tot die gevolg trekking gekom dat daar wel ooreenstemminge is tussen die ontwikkelingstadia en ontwikkelingstake van die sewe chakras en die ontwikkelingstadia en ontwikkelingstake wat Erik Erikson geïdentifiseer het. Dit beteken dus dat Erikson se ontwikkelingsteorie ooreenstemminge met die ontwikkeling van die chakra-sisteem toon.

SLEUTELBEGRIPPE

Chakra-sisteem, Chakra-ontwikkeling, Funksies van die chakras, Erik Erikson se agt ontwikkelingstadia, Ontwikkelingsteorieë, Inhoudsanalise, Begrondte teorie, Illustratiewe metode, Chakra-indeks, Lewensgeskiedenisvraelys.

INHOUDSOPGawe

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling	2
1.3 Metode	4
1.4 Uitleg van die studie	5

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE

2.1 Inleiding	7
2.2 Erikson se ontwikkelingsteorie	7
2.2.1 Agtergrond	7
2.2.2 Spesifikasies van die agt ontwikkelingstadia	8
2.3 Erikson se agt ontwikkelingstadia	8
2.3.1 Stadium 1 (0-1 jaar)	8
2.3.2 Stadium 2 (2-3 jaar)	9
2.3.3 Stadium 3 (4-5 jaar)	10
2.3.4 Stadium 4 (6-12 jaar)	10
2.3.5 Stadium 5 (13-18 jaar)	11
2.3.6 Stadium 6 (19-25 jaar)	12
2.3.7 Stadium 7 (25-65 jaar)	13
2.3.8 Stadium 8 (65 jaar +)	14
2.4 Kommentaar: Erikson se ontwikkelingsteorie	15
2.5 Chakra-sisteem	15
2.5.1 Die mens en die liggaam	15
2.6 Chakra definiëring en assosiasies	17
2.7 Chakra lokalisasie, benaming en kleur	19
2.7.1 Lokalisasie	20
2.7.2 Kleur	20
2.8 Funksies van die chakras as vlakke van bewustheid	21
2.8.1 Chakra 1	21
2.8.2 Chakra 2	22
2.8.3 Chakra 3	22
2.8.4 Chakra 4	23
2.8.5 Chakra 5	24

2.8.6 Chakra 6	24
2.8.7 Chakra 7	25
2.9 Globale chakra funksionering	25
2.10 Teoretiese fokus van die studie	26
2.11 Chakras en ontwikkelingsteorie	27
2.12 Ontwikkelingsbenadering tot die chakra-sisteem	30
2.12.1 Chakra 1 (mid-swangerskap tot 12 maande)	30
2.12.2 Chakra 2 (6-24 maande)	30
2.12.3 Chakra 3 (18 maande tot ongeveer 4 jaar)	31
2.12.4 Chakra 4 (4-7 jaar)	31
2.12.5 Chakra 5 (6-12 jaar)	31
2.12.6 Chakra 6 (Adolesensie)	32
2.12.7 Chakra 7 (Vroeë volwassenheid en daarna)	32
2.13 Gevolgtrekking	32
2.14 Samevatting	33
HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE	34
3.1 Inleiding	34
3.2 Doel van die studie	34
3.3 Respondente	34
3.4 Navorsingsontwerp	35
3.5 Data-insameling	36
3.5.1 Chakra-indeks	37
3.5.2 Lewensgeskiedenisvraelys	40
3.5.3 Afdelings in die aangepaste lewensgeskiedenisvraelys	42
3.6 Metode van data analise	44
3.6.1 Fundamentele reëls vir die prosedure van kwalitatiewe inhoudsanalise	47
3.6.2 Kodering	49
3.6.3 Koderingseenhede	50
3.6.4 Oop kodering	51
3.6.5 Aksiale (teoretiese) kodering	52
3.6.6 Selektiewe kodering	53
3.6.7 Betrouwbaarheid en geldigheid	53
3.6.8 Metodes om betrouwbaarheid van resultate te bevorder	56
3.7 Samevatting	57

HOOFSTUK 4: RESULTATE	58
4.1 Inleiding	58
4.2 Agtergrond	58
4.3 Primêre en sekondêre temas in chakra-indeks	59
4.3.1 Chakra 1 (baarmoeder-12 maande)	60
4.3.2 Chakra 2 (12maande –2 jaar)	62
4.3.3 Chakra 3 (2-4 jaar)	64
4.3.4 Chakra 4 (4-7 jaar)	65
4.3.5 Chakra 5 (7-12 jaar)	66
4.3.6 Chakra 6 (12-18 jaar)	68
4.3.7 Chakra 7 (18 jaar+)	71
4.4 Primêre temas in lewensgeskiedenisvraelys	73
4.4.1 Fase 1: Oorlewing	74
4.4.2 Fase 2: Verbintenis	75
4.4.3 Fase 3: Uitreiking	76
4.4.4 Fase 4: Bewustheid	76
4.4.5 Fase 5: Selfontwikkeling	78
4.4.6 Fase 6: Aanvaarding	79
4.4.7 Fase 7: Universaliteit	80
4.5 Vergelyking van die temas vanuit die chakra-indeks met Erikson se teorie	83
4.6 Erikson se agt ontwikkelingstadia	84
4.6.1 Stadium 1	84
4.6.2 Stadium 2	86
4.6.3 Stadium 3	86
4.6.4 Stadium 4	87
4.6.5 Stadium 5	88
4.6.6 Stadium 6	90
4.6.7 Stadium 7	90
4.6.8 Stadium 8	91
4.7 Vergelyking van die temas vanuit die lewensgeskiedenisvraelys met Erikson se ontwikkelingstadia	94
4.7.1 Stadium 1 versus baarmoeder-2 jaar	96
4.7.2 Stadium 2 versus 2-4 jaar	96
4.7.3 Stadium 3 versus 4-7 jaar	96
4.7.4 Stadium 4 versus 7-12 jaar	97
4.7.5 Stadium 5 versus 12-18 jaar	97
4.7.6 Stadium 6-8 versus 19-65 jaar	97
4.8 Samevatting	98

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	99
5.1 Inleiding	99
5.2 Doel van die studie	99
5.3 Probleme ervaar tydens studie	100
5.6 Kritiese evaluering	101
5.5 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing	102
 VERWYSINGS	 105
 ADDENDA	
Addendum 1: Vrywaringsvorm	111
Addendum 2: Multimodale Lewensgeskiedenisvraelys	112
Addendum 3: Aangepaste Lewensgeskiedenisvraelys	122
Addendum 4: Chakra-indeks	128
Addendum 5: Lewensgeskiedenisvraelys: Kodering 1	133
Addendum 6: Lewensgeskiedenisvraelys: Kodering 2	140
Addendum 7: Lewensgeskiedenisvraelys: Kodering 3	146
Addendum 8: Lewensgeskiedenisvraelys: Kodering 4	150
Addendum 9: Chakra-indeks: Kodering 1	151
Addendum 10: Chakra-indeks: Kodering 2	156
Addendum 11: Chakra-indeks: Kodering 3	159
Addendum 12: Chakra-indeks: Kodering	161
 LYS VAN TABELLE	
Tabel 1: Chakra, lokalisasie, benaming en kleur	20
Tabel 2: Primêre en sekondêre temas in chakra-indeks	59
Tabel 3: Vergelyking van die temas vanuit die chakra-indeks met Erikson se teorie	83
Tabel 4: Vergelyking van Erikson se ontwikkelingstadia met die ontwikkeling van die chakrasisteem	93

Tabel 5:	Ooreenkomste tussen temas in Erikson se ontwikkelings-teorie en die chakrasisteem	94
Tabel 6:	Vergelyking van die temas in die lewensgeskiedenisvraelys met Erikson se ontwikkelingstadia	95

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Inleiding

Die gemeenskap binne die Suid-Afrikaanse konteks is tot op hede bekend met verskeie ontwikkelingsmodelle in die veld van ontwikkelingsielkunde. Die chakra-sisteem, wat in die Indiese kultuur onstaan het (Patterson, 1998), word ook as ‘n ontwikkelingsmodel gedefinieer (Judith, 1996). Aangesien Suid-Afrika ‘n multi-kulturele agtergrond het, was die verskynsel van globalisering onder andere ‘n oorweging vir die ondersoek na ‘n tradisioneel Oosterse konsepsualisering van sielkunde en gevallestudies. In Westerse genesing is die algemene praktyk om spiritualiteit óf te ontken óf as patologies te etiketteer (Bailey, 1970), terwyl die ontwikkelingsteorie van die chakra-sisteem spiritualiteit wel inkorporeer.

Binne die Westerse filosofie van genesing val die klem steeds op mediese intervensies soos medikasie, inspuitings, bestraling en operasies. Patterson (1998) staaf dat die fundamentele oortuiginge van die Indiese kultuur (en dus die chakra teorie) daarop ingestel is om dinge soos balans, selfvernuwing, transcendensie, harmonie en die kwaliteit van holisme te inkorporeer. Aangesien Oosterse genesingspraktyke ongeveer vyf duisend jaar gelede onstaan het (en nog steeds bestaan), sou dit foutief wees om ‘n alternatiewe of holistiese terapie in genesing te ignoreer. Esoteriese, Oosterse genesing mag miskien nuut wees binne die Westerse kultuur, maar dit lê ingebied in Oosterse oortuiginge. Die navorsing ag dit dus noodsaaklik om ‘n studie te doen wat verwys na die Oosterse konsepsualisering van menslike ontwikkeling.

Judith (1996), ‘n Westerse, kliniese sielkundige, postuleer dat die chakra-sisteem ‘n gelykwaardige geldigheid tot ander sielkundige teorieë het. Sy beweer ook dat die teorie rondom die chakra-sisteem buigbaarder as Westerse sielkundige teorieë is, omdat dit kognitiewe, liggaamlike en geestelike

aspekte inkorporeer. Hierdie siening van Judith was ‘n verdere aansporing tot die navorser se studie binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks

Die navorser se studie fokus op die ontwikkelingstadia van die chakra-sisteem en hoe dit met Erik Erikson (Bee, 1996) se agt ontwikkelingstadia vergelyk. Sherwood (2000) definieer die sewe chakras in die chakra-sisteem as transformasie sentrums wat verskillende frekwensies van energie na gedagtes en na emosionele- en fisiese sensasies transformeer. In Hoofstuk 2 brei die navorser hierop uit, asook op Erikson se ontwikkelingstadia.

Die samelewingskonteks waarbinne die studie afgelê is, is ‘n privaat joga-organisasie in Durbanville, Kaapstad. Hier bied ‘n gekwalifiseerde joga-instruktrise tweeweeklik jogaklasse aan wat een en ‘n halwe uur per klas duur. Die deelnemers aan die studie was volwassenes wat die joga klasse op ‘n gereelde basis bywoon. Die betroubaarheid van bogenoemde deelnemers en hul ontvanklikheid vir alternatiewe genesing het die navorser gemotiveer om hierdie deelnemers by die eksperiment te betrek. Die sosiale konteks waarteen die studie afgelê is, is dié van ‘n Westerse gemeenskap waar die liggaam benader word as ‘n entiteit wat losstaande is van konstrukte soos kultuur, genesing, verstand en spiritualiteit. In terme van kulturele agtergrond is die studie benader vanuit ‘n multi-kulturele Suid-Afrikaanse konteks.

1.2 Probleemstelling

Na aanleiding van bogenoemde konteks formuleer die navorser die volgende navorsingsdoelstelling: ‘n Vergelykende, kwalitatiewe beskrywing van die ontwikkelingstadia van Erik Erikson en van chakra-ontwikkeling. Met hierdie vergelyking wil die navorser vasstel of daar ‘n ooreenstemming is tussen die ontwikkelingstadia van Westerse en Oosterse ontwikkelingsteorieë. Nadat die navorser literatuur rondom die navorsingsdoelstelling bestudeer het, het die navorser tot die gevolg trekking gekom dat daar ‘n intense tekort aan literatuur of inligting is rakende die oorweging, kombinasie en vergelyking van Oosterse alternatiewe filosofieë

en Westerse psigoterapie. ‘n Verdere bevinding was dat literatuur oor alternatiewe, holistiese denke of uitgangspunte betreffende menslike ontwikkeling ook moeilik bekombaar was.

Hoewel Jung (in Hull, 1978) dekades gelede die voorstel gemaak het dat ‘n vergelykende beskrywing tussen die idees en praktyke van Oosterse en Westerse filosofieë gemaak moet word, is daar steeds beperkte navorsing betreffende die onderwerp. Volgens Atwood en Martin (1991) is beide die ontkenning van spiritualiteit, en die dualiteit tussen liggaam en gees leemtes in moderne Westerse literatuur. Hierdie twee skrywers beskou spirituele tradisies as sisteme wat diepgaande persoonlike veranderinge teweegbring kan bring. Indien Westerse terapeute dit sou oorweeg om sekere Oosterse tegnieke in terapie te inkorporeer, sou dit individue moontlik kon bystaan om ‘n nuwe ontwikkelingstadium van harmonie tussen liggaam, verstand en gees te bereik.

Dit skyn ook belangrik te wees dat die sosiale konteks of die gemeenskap ‘n ontvanklikheid vir ‘n moontlike kombinasie tussen Oosterse en Westerse genesingsparaktyke moet ontwikkel voordat die terapeut so ‘n verskuiwing in denke moontlik kan maak. Tot op hede is die verdeling van bogenoemde belangstelling nog nie in enige literatuur bekend gemaak nie. Die navorsers is van mening is dat dit van die individu in die sosiale konteks afhang of hy/sy ontvanklik sal wees vir ‘n gekombineerde terapeutiese sessie. ‘n Gedeelte van die gemeenskap beweeg terug na natuurlike geneesmiddels ten opsigte van beide medikasie en terapie. ‘n Ander gedeelte van die gemeenskap raak egter al hoe meer vasgevang in ‘n wetenskaplike en tegnologiese verklaring van persoonlike en sielkundige klagtes (Furnham, 2002).

1.3 Metode

Die navorsingsproses van die studie is as volg gestruktureer:

- a.) Na afloop van ‘n literatuurstudie bepaal die navorser die presiese formulering van die navorsingsvraag, die praktiese betekenis van die studie en hoe die studie bydra tot die konstruksie van sosiale teorieë.
- b.) Die navorser identifiseer dan die deelnemers aan die studie: gereelde, volwasse bywoners van jogaklasse te Durbanville, Kaapstad, en maak gebruik van nie-waarskynlike steekproefneming om die respondentte te identifiseer.
- c.) Daar word van die deelnemers vereis om twee vraelyste (chakra-indeks en lewensgeskiedenisvraelys) onafhanklik van die navorser in te vul. ‘n Periode van twee tot drie weke word aan die respondentte toegestaan om die vraelyste te voltooi.
- d.) Kwalitatiewe data-analise word gebruik om die studie se opnames te evaluateer (Babbie, 1998). Deur middel van ‘n inhoudsanalise, gegrond op begronde teorie, identifiseer die navorser eerstens primêre temas in beide die chakra-indeks en die lewensgeskiedenisvraelys. Erik Erikson se agt ontwikkelingstadia (in Bee, 1996) word deur middel van die illustratiewe metode (Neuman, 2000) as reeds-bestaaande kategorieë gebruik. Die tweede deel van die inhoudsanalise is daarop gerig om te bepaal of die temas, wat in die vraelyste geïdentifiseer is, in die bestaande agt kategorieë pas. Die doel met die gebruik van inhoudsanalise is dus om te bepaal of die ontwikkeling van die chakra-sisteem ooreenkoms toon met die ontwikkelingsteorie van Erikson.
- e) Laastens word die analise van die data met die literatuurstudie vergelyk en maak die navorser ‘n gevolg trekking aangaande die resultate van die studie.

1.4 Uitleg van studie

1.4.1 Hoofstuk 1

In Hoofstuk 1 bespreek die navorser die navorsingsdoelstelling en die motivering vir die studie. In aansluiting hierby gebruik die navorser leemtes in die literatuur as ondersteuning vir die noodsaaklikheid van die studie. ‘n Kort uiteensetting van die metode van analise en ‘n uitleg van die studie as geheel word ook in Hoofstuk 1 gedek.

1.4.2 Hoofstuk 2

Hoofstuk 2 begin met ‘n bespreking van Erik Erikson se agt ontwikkelingstadia. Hierna bespreek die navorser die chakra-sisteem, die funksies van die chakra-sisteem, en die ontwikkelingstadia van die chakra-sisteem. Bogenoemde bespreking geskied vanuit bestaande literatuur wat van toepassing is op die navorser se studie.

1.4.3 Hoofstuk 3

Hierdie hoofstuk gaan oor die navorsingsmetode wat gebruik is vir die doeleindes van die studie. Die navorser verwys ook na die respondentie in die studie. Die metode van data-insameling en data-analise is ‘n ander belangrike faset van die derde hoofstuk. In die laaste afdeling van Hoofstuk 3 bespreek die navorser die geldigheid en betroubaarheid van die studie.

1.4.4 Hoofstuk 4

Die navorser skenk in hierdie hoofstuk aandag aan die resultate wat deur die studie verkry is. Die weergawe van data, die data-analise en die bespreking van die data is die hoofdoel van hierdie studie. Die navorser bepaal in hierdie hoofstuk of die hipotese, dat daar ooreenstemming is tussen Erikson se ontwikkelingstadia en die ontwikkeling van die chakras, in die studie bewys kon word.

1.4.5 Hoofstuk 5

Hoofstuk 5 verwys na die gevolgtrekking van die studie. Die navorser verwys na die doel van die studie en probleme wat tydens die studie ervaar is, en verskaf dan ‘n kritiese evaluering van die studie in sy geheel. Laastens maak die navorser aanbevelings vir toekomstige studies binne dieselfde veld van ondersoek.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk val die klem op die bespreking van Erik Erikson se ontwikkelingsteorie, sowel as op die chakra-sisteem, die funksies van die chakras, en die ontwikkelingstadia van die chakra-sisteem.

2.2 Erikson se ontwikkelingsteorie

2.2.1 Ter agtergrond

Bee (1996), wat die ontwikkelingsteorie van Erikson as stadia van ontwikkeling na volwassenheid kategoriseer, word as primêre bron gebruik. Sy beweer dat ‘n sleutelkonsep in Erikson se teorie die geleidelike en stapsgewyse ontstaan van ‘n identiteit is. Erikson is veral bekend vir sy teorie oor menslike ontwikkeling, waarin hy agt ontwikkelingstadia onderskei wat die totale lewensloop dek. Sy ontwikkelingsteorie kan ook gesien word as ‘n persoonlikheidsteorie en word as volg deur Meyer, Moore en Viljoen (1988) verduidelik: “Die ontwikkeling van die persoonlikheid duur voort deur die lewensloop en probleme wat tydens ontwikkeling onstaan, word op ‘n spontane wyse in latere stadia deur die individu reggestel” (p.155). Die stadia, waarna herhaaldelik verwys word, word ook deur Louw en Edwards (1993) uitgestip. Volgens hulle word die lewensloop verdeel in agt stadia wat elk gekenmerk word deur ‘n psigososiale krisis. Die krisisse verwys na ‘n situasie waarin individue hulself ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Louw en Edwards dui aan dat Erikson die oplossing van elke krisis eerder in terme van die sintese van die twee pole verstaan, as in terme van ‘n keuse van die positiewe pool.

2.2.2 Spesifikasies van die agt ontwikkelingstadia

Craig (1996) verwys na ‘n *psigososiale uitkomste* wat ooreenstem met die agt stadia waarna Bee (1996) verwys. Die verskillende stadia sien as volg daaruit: basiese vertroue versus wantroue (0-1 jaar); ontonomie versus skaamte en twyfeling (2-3 jaar); inisiatief versus skuld (4-5 jaar); ywer versus minderwaardigheid (6-12 jaar); identiteit versus roloverwarring (13-18 jaar); intimiteit versus isolasie (19-25 jaar); voortplanting versus selfbeheptheid en stagnasie (25-65 jaar); en ego-integriteit versus wanhoop (65 jaar+).

Erikson (in Craig, 1996). beskou hierdie agt stadia van ontwikkeling ook in terme van psigososiale stadia: oraal-sensorsies (1), spier-anaal (2), lokomotories-genitaal (3), latensie (4), puberteit en adolessensie (5), jong volwassenheid (6), volwassenheid (7), en bekwaamheid (8).

Die agt stadia van ontwikkeling, soos Erikson (in Hall, 1985) dit omskryf het, word vervolgens bespreek.

2.3 Erikson se agt ontwikkelingstadia

2.3.1 Stadium 1

Basiese vertroue versus wantroue (0-1 jaar)

Die eerste manifestasie van sosiale vertroue by die baba het, volgens Erikson (in Hall, 1985), te make met die gemak van voeding, diepte van slaap en ontspanne dikderm funksies. Hy sê verder dat die baba se eerste sosiale sukses figureer wanneer die baba in staat is om die moeder sonder onophoudelike angs of woede buite sig te hê. Dit vind plaas wanneer die moeder ‘n innerlike sekerheid, sowel as ‘n uiterlike voorspelbaarheid vir die baba geword het.

Newman en Newman (1975) skryf dat vertroue by ‘n baba, wat nog nie deur middel van taal kan kommunikeer nie, deur eksperimentering en ervaring onstaan. Die baba ontwikkel toenemend ‘n gevoel dat hy/sy ‘n waardige entiteit is en bou vertroue op dat sy/haar behoeftes bevredig sal word. Hierdie vertroue word hoofsaaklik gevestig

deur middel van interaksies met familielede. Wanneer die versorger nie tussen die baba se behoeftes onderskei nie, mag ‘n gevoel van wantroue in die omgewing ontstaan. Onderliggend aan die oplossing van die krisis in hierdie stadium is die proses waartydens die versorger en kind ‘n wedersydse verhouding tot stand bring. Zimberoff en Hartman (2000) verwys na hierdie verhouding as ‘n gesonde koafhanklikheid wat die volgende ontwikkelingstake insluit: die uitdrukking van behoeftes; die aanvaarding van versorging; die vorming van emosionele verbintenis; en die aanleer van vertroue in volwassenes. Die belangrikste oorlewingstaak, wat by hierdie fundamentele take aansluit, is die baba se wil om te leef.

2.3.2 Stadium 2

Outonomie versus skaamte en twyfeling (2-3 jaar)

Boeree (1997) is van mening dat ‘n kleuter van hierdie ouderdom, wat toegelaat word om die omgewing te verken en te manipuleer, ‘n mate van outonomie of onafhanklikheid sal ontwikkel. Hoewel skaamte en twyfeling nadelig vir die ontwikkeling kan wees, redeneer hy dat ‘n mate van skaamte en twyfeling nogtans voordelig is want “...without that you will develop the maladaptive tendency Erikson calls ‘impulsiveness’, a sort of shameless willfulness that leads you, in later childhood and even adulthood, to jump into things without proper consideration of your abilities” (p.5). Boeree beweer ook dat die individu wilskrag en determinasie sal ontwikkel indien daar ‘n positiewe balans tussen outonomie en skaamte en twyfeling tot stand kom.

Die kleuter se behoeftes in hierdie stadium het te make met die vermoë om vrye keuses te maak en die self te beheer. Volgens Hall (1985) lê die hoofkomponente van ontwikkeling in hierdie stadium daarin dat die selfvertroue wat die kleuter aanleer ‘n mate van onafhanklikheid tot gevolg het. Die moontlikheid bestaan egter ook dat die kleuter skaamte en twyfel mag ontwikkel ten opsigte van sy/haar vermoë om onafhanklik te funksioneer.

2.3.3 Stadium 3

Inisiatief versus skuld (4-5 jaar)

Erikson (in Craig, 1996) sê dat kinders tussen die ouerdom van 4 en 5 jaar eksplloreer hoe die wêreld funksioneer en hoe hulle die wêreld kan affekteer. Op hierdie stadium van hulle leeftyd bestaan die wêreld uit beide werklikheid en fantasie. Indien kinders se eksplorasie en aktiwiteite oor die algemeen effektief is, leer hulle om konstruktief met mense en dinge om te gaan. Hulle verkry dan ook ‘n sterk sin vir inisiatief. Indien kinders tydens hierdie ouerdom egter oormatig gekritiseer en gestraf word, leer hulle om oor die meeste van hul aksies skuldig te voel.

In aansluiting hierby bespreek Lord (2002) ook die impak van bloedskande op die eerste drie ontwikkelingstadia wat Erikson geïdentifiseer het. Hy glo dat bloedskande daaropvolgende stadia kan wysig, aangesien die eerste drie stadia die fondasie van ‘n persoon se lewe vorm. Hunter, Goodwin en Wilson (1992) voel dat die derde stadium, inisiatief versus skuld, as volg deur bloedskande belemmer word. Wanneer die kind met bloedskande geassosieer word, ontwikkel die kind die idee dat hy/sy - en nie die ouers nie - die oorsaak van bloedskande is. Volgens Fritz, Stoll en Wagner (1981) veroorsaak dit skuldgevoelens wat die kind met ‘n tekort aan vertroue, ‘n lae selfbeeld en ‘n gebrek aan selfbeheersing laat.

2.3.4 Stadium 4

Vlyt/Fluksheid versus ondergeskiktheid/minderwaardigheid (6-12 jaar)

Erikson (1963a) beskou hierdie stadium as ‘n stadium van toegang tot die lewe. Die kind leer om erkenning te verkry as reaksie op wat hy/sy produseer en ontwikkel sodoende ‘n gevoel van fluksheid (vlyt). Hy sê dat die kind nou ‘n gretige eenheid van ‘n produktiewe situasie word en dat die kind se ego-grense nou ook vaardighede insluit.

Die werksbeginsel leer die kind om die plesier van werksvoltooiing deur middel van gelykmatige konsentrasie en volhardende ywer te ervaar. Die grootste gevaar vir die kind in hierdie stadium lê in ‘n gevoel van onbevoegdheid en minderwaardigheid.

Origens is hierdie ‘n sosiaal-beslissende stadium, aangesien vlyt ook aktiwiteite met en sonder ander behels (Erikson, 1963a). ‘n Gevoel vir die verdeling van arbeid en vir die lewensgewoontes en gedrag van ‘n kultuur ontwikkel ook tydens hierdie stadium. ‘n Fundamentele gevaar, wat Erikson identifiseer, is die beperkinge op die self en die inkorting van horisonne wanneer die kind slegs sy /haar eie werk inkorporeer. Bogenoemde formuleer hy as volg: Indien die kind werk as sy/haar enigste verantwoordelikheid beskou, en sukses slegs in terme van werk bepaal, mag die kind moontlik (ten gunste van ander) ‘n denklose konformis word.

2.3.5 Stadium 5

Identiteit versus roldiffusie/rolverwarring (13-18 jaar)

‘n Groot hoeveelheid navorsing is gesentreerd rondom die vyfde stadium, wat te doen het met adolessensie of die krisis van identiteit versus rolverwarring. Marcia (1976) het byvoorbeeld onderhoude gevoer waarvolgens ‘n evaluering van die individu se graad van krisis en verpligtinge in verhouding tot beroep en ideologie die identiteitstatus sou bepaal.

Verskeie outeurs assosieer die verkryging van identiteit met verskillende dinge. Vir Marcia (1979) is bevredigende interpersoonlike verhoudings van belang. Cross en Allen (1970) voel dat akademiese sukses ‘n rol speel, terwyl Podd (1972) die verkryging van identiteit verbind aan morele ontwikkeling. Hier teenoor redeneer Marcia en Friedman (1970), en ook Orlofsky (1987), dat identiteit nie konsekwent met selfagting is nie. In aansluiting hierby meen Matteson (1974) dat identiteit ook nie konsekwent is met die lokus van beheer nie.

Adolessensie staan vir Erikson (1968) sentraal tot sy teorie, want sodra die individu hierdie stadium bereik, vind sekere veranderinge plaas. Die gebruik van identifikasie as ‘n metode van aanpassing word gestaak en die vorming van identiteit neem ‘n aanvang. Rosenthal, Gurney en Moore (1981) maak melding van bepaalde gevolge wanneer ‘n identiteit nie suksesvol tydens adolessensie gevorm word nie. Indien die adolescent nie slaag in die vorming van ‘n sterk identiteit, wat gegrond is in familie, ras en ideologie nie, kan hindernisse tydens volwassenheid ervaar word. Opregte intimiteit word byna onmoontlik en stabiele, lang termyn verhoudings

onwaarskynlik. Volgens Erikson (in Woodward, 1994) is identiteitsvorming ‘n lewenslange proses, al vind dit grotendeels onbewustelik plaas

Erikson (1963b) brei sy idee van die onbewuste proses van identiteitsvorming uit deur identiteitsvorming te omskryf as ‘n sielkundige proses wat sosiale prosesse reflekter, maar ook ‘n sosiale proses wat sielkundige prosesse reflekter. In verband hiermee het Hodgson en Fischer (1979) byvoorbeeld ‘n studie afgelê om verskille tussen die geslagte ten opsigte van die ontwikkeling van identiteit en intimiteit te evalueer. Hul bevinding was dat vroue op interpersoonlike aspekte en mans meer op intrapersoonlike aspekte van identiteit fokus. Volgens bogenoemde studie fokus mans op die intrapersoonlike aspekte van ‘n identiteitstatus, intimiteitstatus en selfbeeld.

2.3.6 Stadium 6

Intimiteit versus isolasie (19-25 jaar)

Erikson (in Hall, 1983) beweer dat opregte intimiteit die bereidwilligheid is om die self aan ‘n ander persoon toe te vertrou, en dat dit moontlik opoffering en tegemoetkoming kan behels. Verder meen hy dat liefde, ‘n wederkerige en volwasse gehegtheid, die basiese krag van jong volwassenheid is. Hamachek (1988) verwys na die gedragsuitdrukkings van sintoniese en distoniese elemente van elke stadium, wat terapeute kan gebruik om ego-ontwikkeling te evalueer. Volgens hierdie benadering sou die terapeut, wanneer intimiteit bestudeer word, uitvra na die skeiding-verbinding spanning.

Sommige feministiese kritiek lees dat Erikson se teorie nie die ervaring van vroue akkuraat weergee nie. Die ontwikkelingstake van identiteit en intimiteit, en die ouderdomsgroep waarin Erikson hierdie uitdagings klassifiseer, word deur navorsers soos Douvan en Adelson, Marcia en Orlofsky (in Horst, 1995) bevraagteken. Hulle beweer dat die vroulike geslag hierdie ontwikkelingstake op ‘n ander manier as die manlike geslag benader. Volgens hierdie skrywers het die verskil te make met die belangrikheid wat verhoudings in die lewe van die vroulike geslag het. Origens redeneer Douvan en Adelson (in Horst, 1995) dat Erikson vroue as afhanklik en passief uitbeeld. Horst (1995) meen dat Erikson wel interpersoonlike en

intrapersoonlike temas deur sy teorie weef en sodoende ook die vroulike geslag inkorporeer. Stadium 6 verwys byvoorbeeld na die intrapersoonlike en interpersoonlike fokus van die onderskeie geslagte. In aansluiting hierby meen Hodgson en Fischer (1979) dat die nastrewing van verskeie identiteitsontwikkelinge die selfbeeld van die twee geslagte op verskillende maniere affekteer. Navorsing het byvoorbeeld getoond dat vroue meer intiem is as mans en dat intimiteit by mans meer met identiteit geassosieer word as by vroue.

2.3.7 Stadium 7

Voortplanting versus selfbeheptheid en stagnasie (25-65 jaar)

Die kwessie van voortplanting word op verskillende maniere aangespreek. Volgens Stevens (1983) is voortplanting die kapasiteit om te gee sonder ‘n verwagting om iets terug te ontvang. Hy redeneer dat voortplanting gereeld in godsdiestige simbole gereflekteer word en dat besorgdheid meestal ‘n onderskeidende kenmerk van godsdiestige organisasie is. Erikson (1982) noem die ego-kwaliteit, wat vanuit hierdie stadium ontstaan, ook sorg. Volgens hom stem besorgdheid, as ‘n ego-kwaliteit, ooreen met die waarde van liefdadigheid. Hy het ook belanggestel in die Ooste se benadering tot besorgdheid en het byvoorbeeld aan Sudhir Kakar (‘n bekende Oosterse filosoof) gevra wat die Hindoe-term vir besorgdheid is. Kakar (in Erikson, 1982) het geantwoord: “The adult is said to fulfill his tasks by practicing *Dama* (Restraint), *Dana* (Charity), and *Daya* (Compassion)” (p.58). Erikson (in Hall, 1983) noem ook dat die Hindoes na besorgdheid verwys as die behoud van die wêreld.

Hier teenoor beweer Erikson, Erikson en Kivnick (in Christiansen & Palkovitz, 1998) dat voortplanting meestal deur middel van ouerskap uitgeleef word. Hulle redeneer dat die ontwikkeling van voortplanting ‘n wederkerige verhouding tussen volwassenheid en afhanklikheid veronderstel. Kotre (1984) verdeel voortplanting in vier kategorieë: biologiese-, tegniese-, kulturele- en ouerlike voortplanting. Snarey (1993) sluit Kotre (1984) se verskillende kategorieë van voortplanting in sy studie rondom die vaderfiguur in, maar hy hanteer tegniese- en kulturele voortplanting as een kategorie. Hy noem hierdie kategorie die gemeenskapsvoortplanting. Volgens Christiansen en Palkovitz (1998) het Erikson nie tussen bogenoemde vier kategorieë

onderskei nie, maar het hy wel gesê het dat voortplanting deur pro-kreatiwiteit, kreatiwiteit, produktiwiteit, adviserings, onderrig en versorging mag ontwikkel.

2.3.8 Stadium 8

Ego-integriteit versus wanhoop (65 jaar+)

Erikson (1982) redeneer dat wysheid die ego-sterkte van die finale ontwikkelingstadia is. Hy definieer wysheid as die verwyderde, maar aktiewe, beheptheid met die lewe, selfs in die aangesig van die dood. Hy postuleer verder dat wysheid die behoud van integriteit en ervaring weespieël in plaas van die veragting vir menslike mislukkinge en die vrees vir die finaliteit van die mens se sterflikheid. Erikson (in Zimberoff & Hartman, 2001, p. 17) glo ook dat ‘n individu se lewensiklus vervul is wanneer terminale duidelikheid en ‘n finale eksistensiële identiteit voortspruit uit die kulminasie van die individu se psigososiale ontwikkeling.

Volgens Erikson (in Hall, 1983) sal die grootste verandering in die laaste stadium van die individu se lewe saamhang met ‘n betrokkenheid by kwessies wat voorheen as onhanteerbaar beskou is. In ‘n gesprek met Hall verwys Erikson (in Hall, 1983) na die denke van bejaardes wanneer hy sê dat hulle soos kinders dink wanneer dit kom by geluk, speelsheid en verwondering – dinge wat hul as volwassenes moes prysgee.

2.4 Kommentaar ten opsigte van Erikson se ontwikkelingsteorie

Craig, (in Domino & Affonso, 1990) omskryf Erikson se teorie as ‘n teorie wat gekarakteriseer word deur ‘n proses van ewewig waarin die psigososiale balans verskuif van een stadium tot die volgende. Tydens elke stadium is daar spesifieke uitdagings, al bly dieselfde tema beslissend vir voorafgaande en daaropvolgende stadia.

2.5 Die Chakra-sisteem

Aangesien Judith (1996) begrippe in verstaanbare en konkrete terme verduidelik, sal haar teorie hoofsaaklik gebruik word wanneer die ontwikkelingsbenadering tot die chakras bespreek word. Voorlopig vind die navorser dit egter voordeliger om gebruik te maak van die insae van verskeie ander outeurs aangaande die chakra-sisteem.

2.5.1 Die mens en die liggaam

In hierdie afdeling word die chakra-sisteem bespreek in terme van die menslike liggaam. Die bespreking word gedoen aan die hand van die Oosterse, esoteriese filosofie van die liggaam en nie in terme van ‘n Westerse bio-mediese model nie. Vir die meeste mense in ons Westerse gemeenskap maak die begrip *chakra-sisteem* nie deel uit van ons alledaagse gespreksvoering nie. Die konsep is abstrak, onbekend en vreemd. In hul pogings om die menslike bestaan te verstaan, maak Westerlinge selde van chakras gebruik om menslike funksionering mee te verduidelik. Ter inleiding tot die bespreking van die chakra-sisteem word die fisiese en eteriese liggaam eers as agtergrond bespreek.

Die fisiese liggaam

Wanneer daar in die Westerse kultuur na die siel verwys word, word dit geverbaliseer as *my siel*. Die verwysing word gebruik asof die liggaam die ware persoon is en die siel iets is wat deur die liggaam besit word (Judith, 1996). Leadbeater (1994) is van mening dat, vanuit ‘n Oosterse konsepsualisering van die siel, bogenoemde verwysing ‘n vae en onakkurate verwysing is. Sy bewering is dat die mens ‘n siel is wat in besit is van verskeie liggome. Hy redeneer dat ons ‘n liggaam het om die fisiese mee te verrig maar ook liggome het om met emosionele en geestestoestande om te gaan. Medici is egter geneig om slegs aandag te skenk aan die dele van die liggaam wat sigbaar is (byvoorbeeld die verskeie liggaamsdele), terwyl die onsigbare, dog fisiese materie van die liggaam, soos byvoorbeeld die siel, buite rekening gelaat word. In Teosofie (die mistieke leer van die bestaan van Wese, wat gedeeltelik op Boeddhistiese opvatting berus) praat van bogenoemde as die eteriese liggaam (Leadbeater, 1994).

Die eteriese liggaam

Bailey (1970) beweer dat die eteriese liggaam een hooffunksie het naamlik om die fisiese liggaam lewensvatbaar te maak en energie aan die liggaam te verskaf. Volgens hom is die eteriese liggaam ‘n web van energiestrome, lyne van fors, en lig. Hy maak dus die stelling dat die eteriese liggaam ‘n sender is vir energie na die fisiese liggaam toe. Om die lokalisasie en die bestaan van die chakras beter te verstaan, is dit noodsaaklik om die eteriese liggaam duideliker te omskryf. Bailey beskryf die eteriese liggaam as ‘n liggaam wat saamgestel is uit lyne van krag en punte waar die lyne oorkruis. Energie-sentrumms word dus gevorm waar die lyne oorkruis. Waar menigte lyne mekaar oorkruis word groter sentra van energie gevorm en sewe hoofsentrumms kom voor waar selfs groter strome van energie ontmoet (soos in die kop en spinaalkoord). Hierdie hoofsentrumms is algemeen bekend as chakras. Hoewel daar ook kleiner sentrumms geïdentifiseer word, word slegs die sewe hoofsentrumms vir die doeleindes van hierdie studie bestudeer.

Volgens Bailey (1970) is die sewe sentrumms (chakras) dus binne die eteriese liggaam geleë en dien hulle as fokuspunte vir die ontvangs en verspreiding van energie. Die sentra is die ontvangers van sewe verskillende tipes energie wat vanuit die omgewing en die innerlike spirituele natuur van die mens verkry word. Hierdie energie word deur die hele liggaam versprei. Die konsep chakra-sisteem het ontstaan vanuit die Oosterse filosofie en kan gesien word as ‘n sewe-vlakkige filosofiese model van die heelal - *sewe* vanweë die aanname dat die chakra-sisteem hoofsaaklik uit sewe chakras bestaan.

2.6 Chakra definiering en assosiasies

Daar is verskeie teorieë en interpretasies aangaande die chakra-sisteem. Die werke van Brennan (1988), Johari (2000) en Judith (1996) is belangrik vir die definiering van die chakras. Brennan (1988) gebruik byvoorbeeld die chakras in haar praktyk van energiegenesing, wat sy in *Hands of light: a guide to healing through the human energy field* beskryf. Johari (2000) gee ‘n grondige spirituele interpretasie van die chakras in *Chakras: energy centres of transformations*. Judith (1996) se weergawe

van die chakras in *Eastern body, western mind* verbind die liggaam en gees en neem die leser deur ‘n transformasie van bewustheid.

Brennan (1988) vestig die aandag op die hoeveelheid dele (*petals*) van elke chakra, hoewel sy die chakras ook verstaan teen die agtergrond van Oosterse esoteriese literatuur. Sy beweer dat “these petals appear to be small rotating vortices spinning at very high rates and each vortex metabolizes an energy vibration that resonates at it’s particular spin frequency” (p.48). Brennan maak die afleiding dat die chakras direk verband hou met enige patologie in die liggaam, aangesien hul die liggaam lewensvatbaar maak. Sy verduidelik byvoorbeeld dat die chakra van die bekken area (Chakra 2) vier klein openinge het en vier basiese frekwensies van energie metaboliseer.

Volgens Brennan (1988) word elke chakra ook met ‘n kleur geassosieer: Chakra 1 - rooi; Chakra 2 - oranje; Chakra 3 - geel; Chakra 4 - groen; Chakra 5 - blou; Chakra 6 - indigo; en Chakra 7 - violet of wit. Sy postuleer dat die kleure wat in elke chakra waargeneem word, verband hou met die frekwensie van energie wat teen elke chakra se spoed metaboliseer. Origens word elke chakra met ‘n spesifieke endokriene klier en ‘n hoofsenuwee-netwerk (*plexus*) geassosieer. Volgens Brennan bestaan daar ‘n proses van energie-opgaarding en energie-verspreiding, wat as volg plaasvind. Die chakra absorbeer die universele- of primêre energie (*prana*), breek dit op in komponente en stuur dit dan deur energiekanale (*nadis*) na die senuweesisteem, die endokriene kliere en die bloed om sodoende die liggaam daarmee te versorg.

Johari (2000) bied ‘n alternatiewe konsepsualisering aan om die chakras mee te verstaan. Hy meen dat chakras subtiele sentrums is wat in die spinaalkoord gevestig is en nie in die algemene senuweevleg (*plexus*), wat buite die spinaalkoord lê nie. Johari identifiseer ook vyf *tanmantras* (suiwer frekwensies of wesens). Die vyf tanmantras is die volgende: klank (*shabda*), reuk (*gandha*), smaak (*rasa*), vorm (*rupa*) en tas (*sparsha*). Elke chakra word met ‘n element geassosieer, soos byvoorbeeld die *Muladhara* (Chakra 1) wat met die aarde geassosieer word. Aangesien die tanmantras elk met ‘n spesifieke sintuig geassosieer word, word elke chakra ook met ‘n spesifieke orgaan geassosieer. Johari (2000, p. 73) definieer die chakras dus in wese nie net as fisiese sentrums nie, maar ook as sentrums wat

psigiese of verstandelike energie na spirituele energie transformeer. Elke chakra is ‘n stoorkamer van verskeie soorte psigofisiese energie wat deur die asem geaktiveer word wanneer die energie van die een na die ander chakra beweeg met die vloei van die elemente.

Die woord *chakra* is Sanskrit en word deur Judith (1996, p. 5) omskryf as ‘n sentrum van aktiwiteit wat lewensenergie ontvang, assimileer en uitdruk. Sy is van mening dat ‘n chakra direk vertaal kan word as ‘n *wiel* of *disket*. Hierdie disket verwys na ‘n bio-energieke sfeer wat spin en wat voortspruit uit die ganglia van die hoofsenuwee in die omgewing van die spinaalkoord. Daar is sewe van hierdie diskette wat in ‘n kolom van energie al langs die spinaalkoord gerangskik is en strek vanaf die basis van die spinaalkoord tot by die bopunt van die individu se kop. Aangesien die chakras, volgens Judith, deel is van die eteriese liggaam kan daar beweer word dat die chakras nie fisiese entiteite is nie, al het hulle ‘n prominente effek op die fisiese liggaam. Chakras het dus ‘n spesifieke lokalisasie, maar bestaan nie in die fisiese sin van die woord nie. Judith sê verder dat die chakras waargeneem word deur dit wat ons om onsself laat manifesteer.

Uit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat Brennan (1988) meen dat energie in die onderskeie chakras gemobiliseer word. Hierdie universele energie word voorsien aan die senuweesisteem, die endokriene kliere en die bloed om die liggaam sodoende te versorg. Johari (2000) omskryf chakras weer as transformasie-sentrum wat psigiese energie omsit na spirituele energie, en Judith (1996) glo dat chakras aktiwiteitssentra is wat lewensenergie ontvang, assimileer en uitstuur.

Vir die doel van hierdie skripsie, integreer die navorser die genoemde werke van Brennan (1988), Johari (2000) en Judith (1996) en omskryf dan die chakra-sisteem as volg. ‘n Chakra is ‘n nie-sigbare energiesentrum wat nietemin gekoppel word aan ‘n spesifieke lokalisasie in die liggaam en wat met ‘n spesifieke kleur geassosieer word. Hierdie energiesentrum ontvang, assimileer en versprei energie na verskeie dele van die liggaam om sodoende die liggaam te versorg. Bogenoemde proses verwys na die transformasie van energie. Die chakras dien ook as sentra vir die transformasie van psigiese energie na spirituele energie en hou direk verband met patologie, aangesien hulle die liggaam lewensvatbaar maak. Indien sekere

energieblokkasies of ‘n oormaat of tekort aan energie in die chakra-sisteem onstaan, sal daar ‘n fisiese of psigiese manifestering in die liggaam plaasvind. Beide hierdie manifestasies kan apart of tesame in Westerse terme as patologie omskryf word.

2.7 Chakra lokalisasie, benaming en kleur

Met die verskeie omskrywinge van ‘n chakra in gedagte, is die benaming van elke chakra, die lokalisasie; en die kleur wat met elk geassosieer word, belangrik vir ‘n beter begrip van hierdie konsep. Die detail, wat in Tabel 1 voorgestel word, sal vervolgens bespreek word.

Tabel 1: Chakra benaming, lokalisasie en kleur

Chakra	Lokalisasie	Kleur
Een (<i>Muladhara</i>)	Perineum	Rooi
Twee (<i>Svadhisthana</i>)	Bokant geslagsorgane	Oranje
Drie (<i>Manipura</i>)	Buikvleg (<i>solar plexus</i>) rondom die individu se middel	Geel
Vier (<i>Anahata</i>)	Hart	Groen
Vyf (<i>Vissudha</i>)	Keelarea	Blou
Ses (<i>Ajna</i>)	Bokant en tussen die wenkbroue	Indigo
Sewe (<i>Sahasrara</i>)	Kroon van die kop	Violet

2.7.1 Lokalisasie

Vaughan (1995, p. 104) verskaf die volgende beskrywing van die verskillende chakras. Die eerste chakra, die *Muladhara* (letterlik vertaal as *root support*), is fisiologies gelokaliseer in die perineum. Chakra 2 (*Svadhisthana*) is net bokant die geslagsorgane geleë. Die derde chakra (*Manipura*) is fisiologies in die buikvleg, of boonste gedeelte van die abdomen, onder die diafragma geleë. Bokant die diafragma, in die omgewing van die hart, lê die vierde chakra (*Anahata*). Judith (1996) lokaliseer Chakra 5 (*Vissudha*) meer spesifiek as Vaughan wanneer sy verwys na die keelarea (*pharyngeal plexus*) as die lokalisasie van hierdie chakra.

Chakra 6 (*Ajna*) is, volgens Vaughan, geleë in die omgewing van die derde oog net bokant en tussen die wenkbroue, terwyl Chakra 7 (*Sahasrara*) by die kroon van die kop gevind word.

2.7.2. Kleur

Judith (1996) verduidelik dat soos daar sewe vlakke in die chakra-sisteem is, so is daar ook sewe kleure in die reënboog en hierdie kleure word respektiewelik met die chakras geassosieer. Die stadigste vibrasie van visuele lig (rooi) word met die eerste chakra geassosieer en die vinnigste en kortste vibrasie van visuele lig (violet) met die kroon (sewende) chakra. Chakras 2 tot 6 stem dus respektiewelik ooreen met oranje, geel, groen, blou en indigo.

2.8 Funksies van die chakras as vlakke van bewustheid

2.8.1 Chakra 1

Vaughan (1995, p. 100) sê dat Chakra 1 gesien kan word as die mees basiese vlak van selfbewustheid, wat oor die algemeen bekend staan as *ek*-bewustheid. Sy is verder van mening dat die self met die liggaam geïdentifiseer word en dat die dominante realiteit van hierdie chakra materialisties van aard is. Op hierdie vlak van bewustheid is bewusheid van die liggaam gedifferensieer, maar dit identifiseer nog steeds met die liggaam eerder as met die verstand. Judith (1996) is onder die indruk dat Chakra 1 ooreenstem met prenatal ontwikkeling en die babatydperk, dit wil sê vanaf middel swangerskap tot en met 12 maande na geboorte. Gesonde ontwikkeling op hierdie vlak van bewusheid kan, volgens Vaughan (1995), suksesvolle gevolge hê vir die bereiking van materialistiese doelwitte en die bevrediging van basiese behoeftes, soos voeding en beskutting.

Sherwood (2000) verstaan die funksies van Chakra 1 op ‘n ander manier. Hy postuleer dat die eerste chakra afwaarts in die rigting van die aarde open en dat dit die individu aan sy/haar fisiese omgewing verbind. Sy teorie lees verder dat energie vanaf die aarde die subtiele energiestroom deur die eerste chakra binnegaan. Dit is dan ook as gevolg van die eerste chakra dat ‘n persoon sy/haar konneksie met die

aarde voel. Volgens Sherwood onderhou Chakra 1 in die algemeen die gesondheid van die liggaam van onder die boude tot net bokant die geslagsorgane. In die besonder is Chakra 1 egter verantwoordelik vir die vertering en ekskresie van voedsel.

2.8.2 Chakra 2

Volgens Johari (2000) neem die uitbreiding van die persoonlikheid in die tweede chakra ‘n aanvang. Bewustheid verskuif nou na behoeftes en fantasieë van seksuele aard en kreatiwiteit. Hy sê ook dat hindernisse, soos onkunde en oneerbiedigheid in hierdie chakra oorkom word en dinge soos wanbalans en disharmonie vernietig word. Origens meen hy dat ‘n persoon tussen die ouderdom van agt en veertien vanuit tweede chakra motivering optree.

Rama (1979) bespreek die chakras vanuit ‘n psigoterapeutiese oogpunt en beskou seksuele impulse en sensoriese plesier as die fokus van die tweede chakra se funksies. In samehang hiermee word die energie van die sentrum gebruik vir die oorlewing van die spesie. Rama veronderstel dus dat die doel van die tweede chakra meer as net eenvoudige selfbeskerming is. Hy sê verder dat die tweede chakra verantwoordelik is vir kreatiwiteit. Met verwysing na Freudiaanse psigo-analise verduidelik Rama die intense impak van die tweede chakra se energie. Hierdie sentrum se energie is so intens dat onderdrukking daarvan ‘n deurlopende invloed op motivering en persoonlikheid kan hê.

2.8.3 Chakra 3

Wanneer Judith (1996) insae lewer oor die derde chakra sê sy dat die eerste drie chakras ons met die aarde verbind en ons betrokke, gemotiveerd en aktief hou. Sy identifiseer ook ander fasette wat met die derde chakra geassosieer word. Chakra 3 se basiese kwessie hou vir Judith verband met mag en wilskrag. Lewensvatbaarheid, spontaneïteit, wilskrag, selfbeeld en doelgerigtheid is verdere kwessies wat met die derde chakra geassosieer word. ‘n Selfdefiniërende oriëntasie maak ook deel uit van Chakra 3 se doel van transformasie.

Myss (1996) sluit by hierdie siening aan en verwys na die derde chakra as die chakra wat te doen het met die energie van persoonlike mag. Volgens Myss, word die dominante vibrasie in ons ontwikkeling gedurende puberteit. Sy postuleer ook dat die derde chakra ons blystaan in die proses van individualisering, die vorming van die self en die ontwikkeling van die ego en persoonlikheid (onafhanklik van die identiteit wat ons geërf het). Myss stem dus ooreen met Judith se teorie wanneer sy redeneer dat die derde energiesentrum te doen het met kwessies wat verband hou met die ontwikkeling van persoonlike mag en ‘n selfbeeld.

2.8.4 Chakra 4

Chakra 4 is, soos reeds genoem, bekend as die hart-chakra. Bailey (1970) spreek haarself as volg oor hierdie chakra uit: Sy sê dat die hart-chakra ooreenstem met die hart van die son en daarom as die bron van lig en liefde omskryf kan word. In aansluiting hierby word die emosionele natuur onder die beheer van die gees gebring en die begeerte van die laer persoonlike self word na liefde getransformeer. Die hartsentrum registreer met ander woorde die energie van liefde. Wanneer die hartsentrum aktief raak, ontwikkel die individu stelselmatig ‘n hechter verhouding met die gees, terwyl die vlak van bewustheid ook uitbrei. Hierdie uitbreiding van bewustheid verwys onder andere na ‘n toename in die verantwoordelikheid om diensbaar te wees en om te werk. Bailey glo dat die individu nou betrokke raak by verhoudings wat menslikheid dien.

Anders as Bailey konsentreer Brennan (1988) op die psigodinamiese funksionering van die chakras, wat verband hou met die eerste drie liggeme van die aura, naamlik fisiese, geestelike (*mental*) en emosionele interaksies. Sy verduidelik bogenoemde aan die hand van ‘n voorbeeld: wanneer ‘n individu se hart-chakra behoorlik funksioneer, is die individu daartoe in staat om lief te hê. Verder identifiseer sy die hart chakra met die *thymus* (endokriene klier) wat die hart, bloed, vagus-senuwee en die sirkulêre sisteem versorg.

2.8.5 Chakra 5

Beide Judith (1996) en Bailey (1970) maak melding van ‘n eteriese veld. In verband hiermee meen Judith dat individue se aandag van die fisiese na die subtiele eteriese veld beweeg. Laasgenoemde, wat algemeen bekend staan as die aura, word gegenereer deur die totaliteit van interne prosesse.

Hoewel resonansie die onderliggende beginsel van die vyfde chakra is, beweer Judith (1996) dat kommunikasie, as die uitruil van informasie en energie, die funksie en doel van die vyfde chakra is. ‘n Teken van ‘n gesonde chakra, een wat met beide liggaam en gees verbind is, is volgens haar ‘n resonante en ritmiese stem wat opreg en duidelik praat. Dit sou betekenisvol wees dat daar in gesprekke ‘n balans bestaan tussen die vermoë om te luister en die vermoë om te reageer. Op grond hiervan identifiseer Judith dan ook drie hooftake van chakra vyf: self-uitdrukking, simboliese redenering en kommunikasie-vaardighede.

2.8.6 Chakra 6

Wilber (1985) maak melding van ‘n ooreenstemming tussen filosofieë soos byvoorbeeld Buddhisme, Hinduïsme en Christendom, wat almal rondom die menslike natuur se grense van bestaan en funksionering draai. Hierdie tradisies bevestig dat daar bo en behalwe die ego-gees ook ‘n hoër vlak van bewusheid bestaan. Wilber redeneer dat hierdie vlak van bewusheid by die sesde chakra (*Ajna*) begin waar bewusheid in die rigting van die transpersoonlike beweeg. Bewusheid is met ander woorde nou trans-verbaal en trans-persoonlik en begin om die ware, subtiele sfeer (*realm*) binne te dring.

In verband hiermee verwys Wilber (1985) onder andere na ‘n laer subtiele sfeer. Hierdie laer subtiele gebied bestaan uit die *Ajna* chakra, dit wil sê die derde oog (*third eye*). Die derde oog sluit beide astrale en psigiese gebeurtenisse in en domineer hierdie gebeurtenisse. Die laer sfeer bestaan dus beide uit die astrale, wat auras, ware towery en *out-of-body experiences* insluit, en die psigiese lae van bewusheid, dit wil sê psi-fenomene soos pre-kognisie, heldersiendheid en psigokinese.

2.8.7 Chakra 7

Volgens Vaughan (1995) verdwyn die idee van die self op hierdievlak van bewusstheid. Sy omskryf dit as die sfeer van absolute gees, ‘n sfeer van ondubbelbelsinnigheid waar alle verskille te bove gekom word en die individu nie meer as ‘n aparte entiteit bestaan nie. Hierdievlak bly ‘n illusie totdat ‘n persoon ‘n verligting (*enlightenment*), dit wil sê ‘n vlak van ontwikkeling bereik waar die ander sesvlakke gesien kan word as ‘n manifestasie van die kroon- of sewende chakra.

In aansluiting by Vaughan se siening beweer Rama (1976) dat bewusstheid, wanneer dit hoogs ontwikkeld is, primêr in die kroon-chakra fokus. In hierdie energiesentrum van die chakra-sisteem word alle onderskeid van algemene bewusstheid afgebreek. Bewusstheid word tot so ‘n mate uitgebrei dat dit nie meer in verbale terme verklaarbaar is nie. Dit beweeg dus verby die sfeer van intellektuele funksionering. Judith (1996) se siening dat die boonste drie chakras (Chakra 5, 6 en 7) die individu deur middel van kommunikasie, visie en begrip met die universele verbind, maak hierdie abstrakte konsep ietwat duideliker.

2.9 Globale chakra funksionering

In hierdie studie is daar reeds na die chakras verwys as energie-sentrum wat energie transformeer. Om die globale funksies (transformasie en omsetting van energie) van die chakras te omskryf, is die navorsing van Sherwood (2001) waarskynlik die aangewese bron om mee te begin, aangesien hy ‘n deeglike omskrywing van die globale funksionering van die chakras gee. Hy verwys na die chakras as antennas wat energie absorbeer wanneer dit die individu se persoonlike energieveld binnekomm. Die chakras transformeer dan hierdie energie in gedagtes, emosies en fisiese sensasies. Elke chakra dien sodoende as ‘n kanaal vir ‘n verskeidenheid frekwensies van energie wat die individu se persoonlike energieveld binne kom.

Brennan (1988, p. 45) gebruik die analogie dat mense soos sponge is in die see van energie rondom hulself. Sy benader die funksies van die chakras in terme van die aura. Volgens haar gaan al die chakras oop, sodat energie heen en weer tussen die aura en die chakras kan vloei. Judith (1996) redeneer weer dat die aktiwiteite in die

verskeie chakras ons klierprosesse, ons kroniese, fisiese siektes, ons gedagtes en ons gedrag kan beïnvloed net soos wat emosies ons asemhaling, hartklop en metabolisme beïnvloed. Sy assosieer die chakras, volgens hulle lokalisasie in die liggaam, met verskeie toestande van bewustheid, argetipiese elemente en filosofiese konstrukte. Die laer chakras hou byvoorbeeld verband met die praktiese aspekte van ons lewens vanweë hul lokalisasie wat fisies nader aan die aarde is.

2.10 Teoretiese fokus van studie

Die volgende outeurs is as moontlike bronne vir primêre verwysing gedurende die studie oorweeg: Brennan (1988), Myss (1996), Johari (2000) en Judith (1996). Die keuse het uiteindelik op Anodea Judith (1996) gevallen, aangesien sy nie op ‘n spesifieke faset van die chakra-sisteem konsentreer nie, maar die sisteem as ‘n geheel saam met sy hoofkomponente, die individuele chakras, aanbied. Sy evaluateer ook die invloed van menslike gedrag en kultuur op die chakras, sowel as die invloed wat die chakras op menslike gedrag en kultuur het.

Hier teenoor is Barbara Ann Brennan (1988) se fokus intensief gevestig op die energieveld (aura), eerder as op die chakras en die chakra-sisteem, terwyl Caroline Myss (1996) se geestelike benadering die klem laat val op geloof en kultuur. Daarenteen maak Harish Johari (2000) die leser vertroud met die antieke konsepte van chakras en vestig die aandag dan uiteindelik op yoga as sodanig.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik waarom daar dus grotendeels vir die studie in sy geheel gefokus sal word op die funksies van die verskeie chakras, soos Judith (1996) dit geïdentifiseer het. Sy identifiseer egter nie net die funksies van die verskeie chakras nie, maar fokus ook op transformasie en ontwikkeling. Aangesien hierdie studie op die ontwikkeling van die chakras fokus, het dit die navorsing se besluit om Judith (1996) as die primêre bron van verwysing te gebruik, verder versterk.

Dit blyk dat chakras oop en gebalanceerd moet wees vir ‘n individu om ‘n gesonde lewe met onvoorwaardelike geluk te kan lei. Vir die meeste mense sal die aktiwiteite in die afsonderlike chakras verskil, afhangende van die blokkasie in ‘n

spesifieke chakra. Judith (1996) beweer dat die progressie van laer na hoër chakras ‘n progressie van individualiteit na universaliteit is. Om universaliteit te bereik is dit dus nodig om die chakras te beïnvloed, en dit kan gedoen word deur middel van tegnieke soos yoga, asemhaling, fisiese oefening, meditasie en visualisering.

2.11 Chakras en ontwikkelingsteorieë

Afdeling 2.10 en afdeling 2.11 verwys beide na ontwikkelingsteorieë wat aan die chakra-sisteem gekoppel is. Myss (1996) en Wilber (1997) omskryf nie die ontwikkeling van die chakra-sisteem in terme van die onderskeie chakras nie, maar in terme van die chakra-sisteem as geheel. Aangesien die navorser die navorsing primêr op Judith (1996) se teorie en begrip van chakra-sisteem-ontwikkeling baseer, vind die navorser dit voordelig om Myss (1996) en Wilber (1997) afsonderlik in afdeling 2.11 van Judith in afdeling 2.12 te bespreek. Dit is dus duidelik dat die navorser hoofsaaklik van Judith se teorie gebruik maak om die chakra-sisteem met Erikson (in Bee, 1996) se ontwikkelingstadia te vergelyk.

Soos wat daar in ontwikkelingsteorieë verwys word na ontwikkelingstadia wat lei tot volwassewording, so kan die chakra-sisteem ook gesien word in terme van verskillende ontwikkelingstadia. Myss (1996), wat ‘n meestersgraad in teologie het, is medies intuïtief. Dit beteken dat sy die subtiele energie van ons sisteme deur middel van intuïsie kan bekom en die taal van ons elektromagnetiese bestaan kan lees en verstaan. Haar diagnoses dokumenteer die effekte van emosionele energie (verlede en hede) op fisiese gesondheid. Sy is dus in staat om individue se diepste traumatische ervaringe, wat die frekwensie van selle en die volmaaktheid van die energiesisteem beïnvloed, aan te voel.

Myss (1996) verstaan die chakra-sisteem as ‘n argetipiese voorstelling van individuele volwassewording deur middel van sewe onderskeie stadia. Soos vroeër genoem, bestaan die liggaam in die Oosterse filosofieë uit sewe energiesentrums. Myss meen dat elkeen van die energiesentrums ‘n universele, spirituele lewensles insluit wat individue moet leer tydens hulle evolusie na ‘n hoër vlak van bewustheid. Sy neem aan dat die chakras vertikaal gerangskik is vanaf die basis van die spinaalkoord tot by die kroon van die kop en verduidelik dan hoe dit ooreenstem met

ons ontwikkeling as mens. Die chakras is ‘n voorstelling van die mens se toenemende strewe na die goddelike (geestelike), terwyl daar ‘n gelydelike bemeestering van die fisiese wêreld plaasvind. Judith (1996) sluit hierby aan wanneer sy postuleer dat die sewe hoof chakras ooreenstem met die basiese toestande van bewustheid.

Wilber (1997) benader menslike ontwikkeling nie in terme van die verskillende chakras nie, maar vestig die aandag eerder op menslike ontwikkeling as ‘n geheel. Hy omskryf dit as volg:

The course of human development (and evolution at large)
is from subconscious to self-conscious to superconscious;
from pre-personal to personal to transpersonal; from undermental
to mental to overmental; from pretemporal to temporal
to transtemporal, by any other name: eternal (Wilber, 1997, p.89)

Met bogenoemde aanhaling beweer Wilber dat die baba by die eerste stap van menslike ontwikkeling reeds in alle hoedanigheid is. Hoewel die baba se ontwikkeling by die onderbewuste, pre-persoonlike, pre-verstandelike, pre-temporele proses van menslike ontwikkeling begin, sien hy menslike ontwikkeling dus as ‘n ewigdurende proses wat van een vlak na ‘n volgende beweeg. Die vlakke waarna Wilber in hierdie aanhaling verwys, stem ooreen met Myss se idee dat die mens progressief tot ‘n hoër vlak van bewustheid evolueer.

Op ‘n meer konkrete vlak verduidelik Myss (1996) dat die individu tydens elke stadium ‘n beter begrip van persoonlike en spirituele mag verkry, want elke chakra verteenwoordig ‘n spirituele lewensles (of uitdaging) wat algemeen tot alle mense staan. Soos wat die individu elke chakra bemeester, verkry die individu mag en selfkennis wat in die gees geïntegreer word. Myss is ook van mening dat hierdie integrasie die individu bevorder op die weg na spirituele bewustheid. ‘n Voorbeeld van een van die spirituele lewenslesse is die lesse van die eerste chakra, wat met die materiële wêreld verband hou.

Soos reeds genoem, word daar vir die doeleindes van hierdie studie grotendeels op Judith (1996) se ontwikkelingsteorie van die chakras gefokus. Die volgende uitlatings van Judith herinner aan Erik Erikson se ontwikkelingsteorie van persoonlikheid in terme van die impak wat ‘n voltooide stadium op die volgende stadium het. Sy meen dat die ontwikkeling van die vaardighede en konsepte, wat met elke chakra verband hou, progressief in ons lewens plaasvind en dat elke voltooide stadium die gesonde ontwikkeling van die volgende chakra ondersteun. Judith dui aan dat daar spesifieke ontwikkelingstadia is waarin verskeie chakra-vaardighede aangeleer en in die persoonlikheid geïnkorporeer word.

In die algemeen ontwikkel die chakras van onder tot bo, en in ooreenstemming met die kronologiese ouderdom. Afhangende van die individu mag ‘n oorvleueling in die ontwikkeling ontstaan wat sal verseker dat die voorafgaande chakra volledig ontwikkel. Judith (1996) beweer dat die eerste rondte van chakra-ontwikkeling na ongeveer twintig jaar voltooi is, waarna die siklus homself weer herhaal vir volwasse ontwikkeling. Dit is egter noodsaaklik om die ontwikkelingstadia, soos Judith dit geïdentifiseer het, ook te benoem, aangesien dit die doel van hierdie studie is om die raakpunte tussen ‘n ontwikkelingsteorie van die chakra-sisteem en ‘n Westerse ontwikkelingsteorie te ondersoek.

2.12 Ontwikkelingsbenadering tot die chakra-sisteem

2.12.1 Chakra 1

Mid-swangerskap tot 12 maande na geboorte

Die baba se eerste ontwikkelingstaak is om te leer hoe om die liggaam te hanteer. Dit is vir die baba veeleisend om die fisiese wêreld en swaartekrag te trotseer en daarom neem hierdie taak die grootste deel van bewustheid gedurende die eerste jaar van lewe in beslag. Tydens hierdie stadium is die baba se interne fokus hoofsaaklik gerig op oorlewing en fisiese gemak. Wanneer hierdie behoeftes bevredig word, word die gees in die fisiese liggaam geanker en voel die kind welkom in die wêreld. Suksesvolle vordering in hierdie stadium van ontwikkeling gee ons ‘n sin van hoop en bevestig die reg om in die wêreld te wees. Hierdie stadium bou die fondasie van

sekuriteit en verskaf volgens Judith (1996) ook ‘n “...groundedness that enables self-preservation and forms the physical identity” (p. 40).

2.12.2 Chakra 2

Ses maande tot 24 Maande

Judith (1996) verwys na hierdie stadium as *skeiding versus gehegtheid*. Tydens hierdie stadium val die fokus veral op die vorming van ‘n emosionele identiteit wat hoofsaaklik gesentreer is rondom selfbevrediging. Dualiteit, sensasie, gevoel en mobiliteit is ook tiperend vir die ontwikkeling van die tweede chakra. Soos wat die kind eksplorieer, ervaar hy/sy die eerste ervaringe as binêre keuses - goed of sleg, plesier of pyn. Origens motiveer begeerte, behoefte en sensasie die kind se fisiese beweging.

2.12.3 Chakra 3

18 maande tot ongeveer vier jaar

Gedurende hierdie ouderdomsfase is die kleuter van nature selfgesentreerd. Volgens Judith (1996) het hierdie stadium te doen met die vorming van ‘n persoonlike ego-identiteit wat hoofsaaklik op self-definiëring gefokus is. Die vermoë om die self te skep en dan self te definieer, is nou een van die kind se belangrikste wense. Verder het die individu ook ‘n begeerte om ‘n sin van mag en menswees te vestig. Hy/sy is nou bewus van die self as ‘n aparte entiteit en fokus op ‘n magsdinamiek deur middel van eksplorasie en die ontwikkeling van sy/haar persoonlike wil. ‘n Belangrike mylpaal in hierdie ontwikkelingstadium is die bereiking van ‘n sin van outonomie en wilskrag wat met die wil van ander balanseer.

2.12.4 Chakra 4

Vier tot sewe jaar

Hierdie stadium bestaan uit die vorming van verhoudings en ‘n sosiale identiteit. Die hooffokus van bewustheid op hierdie stadium is om te leer hoe konsepte met mekaar verband hou. Origens word die suksesvolle vorming van ‘n gesonde sosiale

identiteit geskoei op selfaanvaarding, wat ‘n persoon toelaat om ander ook te aanvaar.

2.12.5 Chakra 5

Sewe tot twaalf jaar

Chakra 5 is ‘n stadium van eksperimentering, uitbreiding en kreatiewe uitdrukking. Dit word gekenmerk deur ‘n behoefte om energie in kreatiwiteit te kanaliseer en om iets aan die wêreld terug te gee.

2.12.6 Chakra 6

Adolesensie

Judith (1996) beweer dat hierdie ontwikkelingstadium, wanneer dit toegelaat word om ten volle te ontwikkel, kan lei tot die vorming van ‘n argetipiese identiteit wat op self-refleksie gefokus is. Dit bring mee dat die sosiale identiteit meer bewustelik getoets en ondersoek word. Die moontlikheid bestaan ook dat ‘n belangstelling in mitologie, simbolisme en die spirituele kan ontwikkel deur dinge soos byvoorbeeld mode en musiek.

2.12.7 Chakra 7

Vroeë volwassenheid en daarna

Judith (1996) verduidelik dat die sewende chakra verband hou met die verkryging van kennis, die vorming van ‘n wêreldsieling en ‘n strewe na die spirituele. Hierdie stadium het ook te make met ‘n soeke na betekenis, wat vrae rondom die aard van die lewe, die heelal en die self insluit. Laasgenoemde lei tot die vorming van ‘n universele identiteit wat deur middel van self-kennis gevind word.

2.13 Gevolgtrekking

Tydens voorbereiding vir die studie is tekortkominge in terme van die literatuur ondervind. Dit het duidelik geword dat daar slegs beperkte inligting rondom chakras beskikbaar is, veral ten opsigte van ontwikkeling in die konteks van die chakra-

sisteem. Hierdie tekortkominge is terselfdertyd ook die motiveringsfaktor vir die huidige studie. Ter uitbreiding van inligting rondom chakra-ontwikkeling is besluit om die studie te kombineer met die Westerse en wetenskaplike ontwikkelingsteorie van Erik Erikson. Hoewel akademiese leesstof rondom laasgenoemde meer vrylik beskikbaar is, bly die kombinasie met chakra-ontwikkeling ‘n uitdaging in ‘n domein wat nog weinig aangeraak is, naamlik ‘n domein waarin die raakpunte tussen Westerse en Oosterse filosofieë en genesingsbenaderinge ondersoek word.

2.14 Samevatting

Die navorsing het in hierdie hoofstuk eerstens die ontwikkelingsteorie van Erik Erikson bespreek en toe oorgegaan na ‘n bespreking van die chakra-sisteem se bestaan, geassosieerde kenmerke, funksies en ‘n ontwikkelingsbenadering tot die chakra-sisteem.

In die hieropvolgende Hoofstuk 3 fokus die navorsing op die navorsingsmetodologie van die voorgenome studie. Data-insameling en data-analise, wat albei verband hou met die poging om ‘n moontlike koppeling tussen Erikson se ontwikkelingsteorie en die chakra ontwikkelingssisteem te evalueer, is ook in die volgende hoofstuk ingesluit.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetode bespreek. Daar word spesifiek verwys na respondentie, die metode van data-insameling, data-analise, geldigheid en die betroubaarheid van die studie.

3.2 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om vas te stel tot watter mate die ontwikkelingstadia en ontwikkelingstake van die sewe chakras ooreenstem met die ontwikkelingstadia en ontwikkelingstake wat Erik Erikson geïdentifiseer het. Die projek probeer dus om die kontakpunte tussen die chakra-sisteem en ontwikkelingsielkunde te beskryf. Die verskynsel van globalisering in die Suid-Afrikaanse konteks het die bestudering van Oosterse konsepsualisering rakende gevallenstudies in sielkunde gemotiveer. ‘n Verdere motivering vir die studie is om ‘n bewustheid van spiritualiteit binne die algemene praktyk in Westerse genesing te ontwikkel, aangesien Westerse geneeskunde op kognisie en emosie fokus en spiritualiteit uitsluit. Die eksplorerende studie van chakras se ontwikkeling kan dus moontlik as voorbereiding dien vir ‘n studie betreffende die terapeutiese uitkoms van ‘n kliënt wie se konteks so uitgebrei is dat dit ook die spirituele liggaam insluit.

3.3 Respondente

Die volgende voorvereistes is vir die keuse van deelnemers aan hierdie studie geïdentifiseer: volwassenes en bywoning van jogaklasse. Die konteks waarbinne die studie afgelê is, is ‘n privaat joga-organisasie in Durbanville, Kaapstad waar ‘n gekwalificeerde joga-instruktrise tweeweeklik jogaklasse van een en ‘n halwe uur per klas aanbied. Die deelnemers aan die studie was persone wat die jogaklasse op ‘n gereelde basis bygewoon het. Die betroubaarheid van bogenoemde deelnemers (in terme van volwassenheid en gereelde bywoning) en hul ontvanklikheid vir

alternatiewe genesing het hierdie deelnemers geskik gemaak om by die eksperiment betrek te word. Die sosiale konteks waarteen die studie afgelê is, is ‘n multikulturele gemeenskap wat die liggaam benader as ‘n entiteit wat losstaande is van konstrukte soos kultuur, genesing, verstand en spiritualiteit. Aangesien ‘n nie-waarskynlike steekproefneming (Babbie, 1998) gebruik is, was die geslag en ouerdom van die respondentē ook van belang.

3.4 Navorsingsontwerp

Hierdie studie is benader aan die hand van kwalitatiewe navorsing. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om die betekenis van sekere sosiale aksies en situasies duideliker te maak. Gilhooly en Green (1996) beweer dat kwalitatiewe metodes ‘n oordeelkundige, evaluerende, vergelykende en kontrasterende data-analise voorsien en betekenisvolle patronē of temas interpreteer. Volgens hierdie omskrywing was ‘n kwalitatiewe data-analise geskik om ooreenstemmende patronē en temas in die ontwikkeling van chakras en Erikson se ontwikkelingstadia te herken. Die navorser sou dus ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering kon gebruik om die spesifieke ontwikkelingstadia van die chakra-sisteem met Erikson se agt ontwikkelingstadia te vergelyk.

Die volgende idees is, volgens Uwe (1998), sentraal tot kwalitatiewe navorsing: toepaslikheid van metodes en teorieë; perspektiewe van die respondentē en hul diversiteit; die wederkerende effek van die navorsers en die navorsing; en die verskeidenheid benaderings en metodes in kwalitatiewe navorsing. Bogenoemde sentrale idees is deurgaans in gedagte gehou by die voltooiing van hierdie studie.

Gedurende die voorbereiding en uiteensetting van die voorgenome studie is die volgende kriteria van Silverman (2000, p. 12) vir die evaluasie van kwalitatiewe navorsing ook in gedagte gehou:

- Is die metodes van navorsing toepaslik op die aard van die navorsingsdoelstelling?
- Is ‘n bestaande teorie duidelik in die studie?
- Is die kriteria wat gebruik is vir die keuse van respondent, data-insameling en data-analise duidelik?
- Ontmoet die sensitiwiteit van die navorsingsmetode die behoeftes van die navorsingsdoelstelling?
- Is die data-insameling en optekening sistematies hanteer?
- Is daar verwys na aanvaarde prosedures van analise?
- Is die data-analise sistematies?
- Is daar genoegsame bespreking betreffende die verkryging van temas, konsepte en kategorieë vanuit die data?
- Is daar ‘n duidelike onderskeid tussen die data en die interpretasie daarvan?
- Is daar geskikte bespreking oor die bewyse ten gunste van, sowel as teen die navorsers se argumente?

3.5 Data-insameling

Twee vraelyste, naamlik ‘n lewensgeskiedenisvraelys en die chakra-indeks, is gebruik om data mee in te samel. Die lewensgeskiedenisvraelys bied toegang tot tradisionele, Westerse inligting oor die individu se ontwikkelingsgeskiedenis. Die chakra-indeks verskaf daarenteen inligting oor die individu se chakra-ontwikkeling en chakra-sisteem. Die respondent is ‘n tydperk van twee weke gegun om die twee vraelyste te voltooi en beide vraelyste is onafhanklik van die navorsing ingevul. Hierdie twee vraelyste word vervolgens in detail bespreek.

3.5.1 Chakra-indeks

Judith (1996) het die chakra-indeks ontwerp en gebruik dit as ‘n metode om te evalueer watter aspekte van elke chakra oormatig en gebrekkig is. Sy betrek dinge soos vertroue en finansies ook as elemente wat mag bydra tot ‘n oormaat of tekort van energie. Judith dui aan dat die chakra-indeks ‘n persoonlike verklaring is en nie ‘n gestandardiseerde persoonlikheidstoets nie. ‘n Kandidaat hoef slegs die konsepte wat op hom/haar van toepassing is, aan te dui. Sy gee ook ruimte aan elke respondent om addisionele kwessies by te voeg indien dit relevant is tot ‘n betrokke chakra.

Volgens Judith (1996) verskaf die chakra-indeks ‘n analise van die individu se globale patroon, sowel as ‘n grafiese lys van persoonlike kwessies wat aandag nodig het. Die individu se sterkepunte (aangedui in die chakra-indeks) sou die betrokke persoon kon help in die proses om bogenoemde kwessies aan te spreek. Die doel met die chakra-indeks is om die individu se energie-patroon te bepaal deur vas te stel waar die energie in die persoon se sisteem swakker of sterker is. Hierdeur behoort die individu ‘n goeie idee te kry van waar energie in die sisteem oorheersend is, en waar energie heen moet beweeg om ‘n balans in die sisteem te verkry.

Na die afloop van bogenoemde proses, beveel Judith (1996) aan dat die individu (by wyse van ‘n joernaal) reflekteer op gevoelens, situasies en ontwikkelingsmateriaal wat verband hou met spesifieke (onderontwikkelde en oorontwikkelde) chakras, en betrokke raak by sy/haar se genesingsaktiwiteite.

Judith (1996) se uitgangspunt oor gebalanseerde sisteme sluit in dat dit moontlik is om relatief gebalanseerd in elke chakra te wees. Individue wat genoegsame selfgenesing doen, of individue wat bevoorreg was in terme van hul opvoeding, sou byvoorbeeld relatief gebalanseerd kon wees. Vir die doeleindes van hierdie betrokke studie het die navorsing hoofsaaklik gefokus op die ontwikkelingsaspekte soos wat Judith dit geïdentifiseer het.

Bogenoemde inligting, rakende die energiesisteme, is as agtergrond gegee om ‘n beter begrip van die rasional vir die gebruik van die chakra-indeks te verkry. Vervolgens word die chakra-indeks, die kategorieë en die onderverdelings wat in die indeks vir data-insameling gebruik is, bespreek. Die chakra-indeks bestaan uit die volgende afdelings: *kategorie* (aanduidend van die spesifieke chakra), *sterktepunte* (Eng.: *strengths*), *oormaat* (van energie), *tekort* (van energie), en *traumas* (verlede en hede).

In die chakra-indeks het die navorser nie die spesifieke chakras aangedui nie, maar eerder Judith (1996) se assosiasie van elke chakra met die geïdentifiseerde oriëntasie tot die self gebruik. Die navorser se motivering hiervoor was dat die populasie moontlik makliker sou kon identifiseer met terme soos kreatiwiteit en self-uitdrukking as met die geassosieerde teoretiese konsep, soos byvoorbeeld Chakra 5.

In die chakra-indeks word sewe kategorieë aangedui en hulle verteenwoordig die sewe chakras as volg: Fisiese/selfbehoud (Chakra 1); Fisiese/selfbevrediging (Chakra 2); Ego-identiteit/self-definisie (Chakra 3); Sosiaal/aanvaar self en ander (Chakra 4); Kreatiwiteit/self-uitdrukking (Chakra 5); Self-refleksie (Chakra 6); Universele kennis/self-kennis (Chakra 7). Hierdie kategorieë verwys dus na Judith (1996) se oriëntasie tot die self wat met die onderskeie chakras geassosieer kan word.

Judith (1996) verbind sekere sentrale kwessies as volg aan die verskillende chakras: *oorlewing* (Chakra 1); *seksualiteit en emosies* (Chakra 2); *mag en wil* (Chakra 3); *liefde en verhoudings* (Chakra 4); *kommunikasie* (Chakra 5); *intuïsie en verbeelding* (Chakra 6); *bewustheid* (Chakra 7).

Die kategorieë *oormaat* en *tekort* in die chakra-indeks (sien Addendum 4) hou verband met kwessies wat kan dui op ‘n oormaat of tekort van energie. Die doel van hierdie twee kategorieë is om vas te stel of daar ‘n oormaat of tekort aan energie in ‘n spesifieke chakra is en, indien wel, tot watter mate toe. Hierdie kategorieë mag verband hou met ‘n persoon se vaardigheid om spanning te hanteer. Judith (1996) beweer dat ‘n individu se hantering van spanning (negatiewe ervaringe of trauma) gewoonlik in een van twee kategorieë pas. Die eerste kategorie dui op meer

beskikbare energie en aandag om die spanning mee te beveg en die tweede kategorie duï aan dat energie en aandag verminder, sodat die individu van die situasie onttrek. Judith (1996) definieer die oormaat en tekort fenomeen ook as ‘n patroon van vermyding of oorkompensasie. Sy beweer dat vermyding na ‘n *chakra-tekort* lei en oorkompensasie na ‘n *chakra-oormaat*. Oormatige chakras oorkompenseer vir verlies of skade deur die spesifieke kwessie oormatig en op ‘n disfunksionele manier te hanteer. So ‘n proses sal die genesingsproses dus nie suksesvol kan aan help nie. Judith verduidelik verder dat ‘n vermydingsrespons ontstaan wanneer ‘n individu nie genoegsame ontwikkeling het om ten volle op ‘n spesifieke vlak te funksioneer nie en die situasie dan gevvolglik eerder vermy.

Dit wil voorkom asof dit “normaal” is om in die loop van ‘n leeftyd oormatig in sekere areas en onvoldoende in ander areas te funksioneer. Indien ‘n persoon ‘n tekort in die eerste chakra het, is dit algemeen dat hierdie persoon ‘n oormaat in een van die ander chakras sal hê (Judith, 1996). Dit is egter ook moontlik om sowel ‘n oormaat as ‘n tekort in dieselfde chakra te hê.

Oormatige chakras en chakras met tekorte is beide die resultaat van hanteringstrategieë ten opsigte van spanning, trauma en onaangename situasies. Beide ekstreme chakras (oormaat en tekort aan energie) lei tot disfunksionele gedrag en gesondheidsprobleme.

Om ‘n aanduiding te kry van die oormaat, die tekort, of beide, in die individu se chakra-sisteem het die navorser dus die afdelings *oormaat* en *tekort* behou wat Judith (1996) geïdentifiseer het. Die oormaat of tekort in spesifieke chakras is dan vergelyk met die persoon se ontwikkelingsgeskiedenis. Sodoende kon die ontwikkelingstadia van die chakras vergelyk word met die ontwikkelingstadia wat Erik Erikson (in Bee, 1996) geïdentifiseer het.

Die derde kategorie in die chakra-indeks het die naam *strengths* wat direk vertaal kan word as ‘n individu se sterktepunte in ‘n gegewe chakra. Hierdie kategorie is ontleen aan die gebalanseerde karaktertrekke wat aan elke chakra gekoppel is (Judith, 1996).

Volgens die navorser was dit noodsaaklik om die afdeling *traumas* (verlede en hede) in die chakra-indeks te inkorporeer, aangesien traumas vanuit die kinderde een van die moontlike oorsake van chakra-blokkering is (Judith, 1996). Chakra-blokkering beïnvloed die oormaat, die tekort, of beide, in ‘n bepaalde chakra. Daarom sou die traumas wat ‘n respondent aangedui het die aangeduide oormaat en tekort in ‘n spesifieke chakra beter verstaanbaar maak. Traumas wat in die chakra-indeks aangedui is, is verder in ooreenstemming gebring met die individu se lewensgeschiedenisvraelys en ooreenstemmende ontwikkelingstadia.

Die navorser het dus die formaat van die chakra-indeks gebruik soos dit deur Judith (1996) bepaal is en het slegs die afdeling, *traumas*, om bogenoemde redes bygevoeg. Dit wil voorkom asof Judith die chakra-indeks primêr gebruik het om ‘n oormaat en tekort aan energie in chakras te bepaal. Sodra laasgenoemde vasgestel is, is die inligting gebruik om chakra-balansering deur middel van verskeie tegnieke toe te pas.

Die navorser se doel met die chakra-indeks is nie heeltemal dieselfde nie. Die chakra-indeks is nie net gebruik om energieverbreiding in individue se chakras te bepaal nie, maar ook om die huidige toestand van die individu se sewe chakras te koppel aan die individu se chakra-ontwikkeling.

3.5.2 Lewensgeschiedenisvraelys

Die lewensgeschiedenisvraelys wat in hierdie studie gebruik is, is gebaseer op Lazarus (1976) se Multimodale Lewensgeschiedenisvraelys (sien Addendum 2). ‘n Omvattende agtergrond van die teorie, verbonde aan multimodale gedragsterapie, is daarom van belang. Lazarus skryf dat daar met ‘n multimodale oriëntasie geen identifikasie met ‘n spesifieke paradigma veronderstel word nie.

Die aangepaste lewensgeschiedenisvraelys is ook op die multimodale paradigma geskoei. Dit beteken dat die vraelys die individu evalueer in die modaliteite wat deur multimodale teorie geïdentifiseer is. Dit het die navorser in staat gestel om spesifieke inligting, sowel as ‘n holistiese begrip, van die respondent te verkry. Die navorser het huis gebruik gemaak van ‘n variant van die Multimodale Vraelys om ‘n

globale idee te verkry van die deelnemer se persoonlike geskiedenis en ontwikkeling.

Die doel van multimodale terapie is om emosionele ongemak te verminder en om persoonlike groei te versnel en te vestig. ‘n Multimodale terapie beklemtoon dat weinig probleme, indien enige, ‘n enkele oorsaak of ‘n enkele “genesing” het. Volgens Lazarus (1981) erken multimodale terapie menslike, psigiese ongemak in terme van meervoudige vlakke en lae. Dit bring mee dat terapeute hul observasies dus nie in globale of ongedifferensieerde terme maak nie, maar menslike persoonlikheid in diskrete, interaktiewe modaliteite of dimensies kategoriseer (Lazarus, 1981). Lazarus (1981) beweer dat “by assessing each individual through each of these specific modalities, and then examining the salient interactions among them, one is better able to achieve a thorough and holistic understanding of the person and his or her social environment” (p.13). In die lig van hierdie stelling het die navorser besluit om die Multimodale Vraelys in hierdie navorsing te gebruik.

Die doel van die gestandardiseerde Multimodale Lewensgeskiedenisvraelys word vervolgens bespreek. Volgens Lazarus (1981) is die doel met bogenoemde vraelys om ‘n omvattende geheelbeeld van ‘n individu se agtergrond te verkry. Die multimodale terapeut sou die betrokke vraelys gebruik om die terapeutiese proses en program te faciliteer. Lazarus postuleer dat dit belangrik is om rekord te hou in psigoterapie want vraelyste laat die individu toe om probleme deeglik te ondersoek.

Die kategorieë en spesifieke vrae wat die Multimodale Lewensgeskiedenisvraelys dek, het genoegsame inligting aan die navorser verskaf aangaande respondent se agtergrond en geskiedenis. Die navorser kon hierdie inligting toe aanpas om dit vanuit ‘n ontwikkelingsperspektief te benader. Verskeie aanpassings is in die Multimodale Lewensgeskiedenisvraelys aangebring en Addenda 2 en 3 verskaf ‘n goeie idee van die spesifieke veranderinge wat gemaak is. Die motivering vir die aanpassing word vervolgens bespreek.

3.5.3 Afdelings in die aangepaste lewensgeskiedenisvraelys (sien Addendum 3)

Afdeling 1

Algemene inligting

Die navorser het oordeelkundig besluit om die biografiese of algemene inligting (Vraag 1 in die Multimodale Vraelys) te minimaliseer, aangesien ‘n ekstensiewe uitbreiding nie relevant tot die studie sou wees nie. Afdeling 1, in die aangepaste lewensgeskiedenisvraelys, sluit dus die respondent se naam, ouderdom, geslag, beroep en huwelikstatus in.

Afdeling 2

Beskrywing van probleme

Die beskrywing van die aanmeldingsprobleem (Vraag 2 in die Multimodale Vraelys) is in Afdeling 2 van die aangepaste lewensgeskiedenisvraelys vereenvoudig en gekoppel aan drie oorkoepelende ontwikkelingskategorieë: *childhood, adolescence, adulthood*. Aangesien die navorser die individue nie as kliënte nie, maar as navorsingsrespondente genader het, en ook inligting betreffende ontwikkelingstadia benodig het, het die navorser nie in gedetailleerde aanmeldingsprobleme belanggestel nie. Die navorser het daarom ‘n opsomming van Vraag 2 gemaak wat slegs hoofkwessies tydens die kinderjare, adolessensie en volwassenheid dek.

Afdeling 3

Persoonlike en sosiale geskiedenis

Afdeling 3, in die aangepaste lewensgeskiedenisvraelys, word aan die respondent gestel as ‘n samevatting van die informasie wat die Multimodale Vraelys in Vraag 3 vereis. Die response van respondente in hierdie afdeling verskaf inligting wat verband hou met die individu se persoonlike en sosiale geskiedenis.

Anders as in die vorige drie afdelings is Afdeling 4 tot Afdeling 9 van die aangepaste vraelys ekwivalent aan die Multimodale Lewensgeskiedenisvraelys se modaliteitsanalise van huidige probleme in Vraag 4 tot Vraag 9. Hierdie afdeling

binne die Multimodale Vraelys is so ontwerp dat die kliënt geleentheid het om huidige probleme in detail te beskryf. Dieselfde afdeling is georganiseer in ooreenstemming met die volgende sewe modaliteite: “Behaviour, Feelings, Physical Sensations, Images, Thoughts, Interpersonal Relationships and Biological Factors: BASIC ID” (Lazarus, 1981, p. 218).

Afdelings 4 en 5

Gedrag en gevoelens

Die navorser het toepaslike vrae vanuit Vraag 4 (*behaviour*) en Vraag 5 (*feelings*) gekies vir die doeleindes van Afdeling 4 en 5 van die aangepaste lewensgeskiedenisvraelys. Hierdie uitgekose vrae is direk oorgeneem vanuit Vrae 4 en 5 in die Multimodale Vraelys.

Afdeling 6,7, en 8

Beelde, gedagtes en interpersoonlike verhoudings

Vrae wat relevant is tot menslike ontwikkeling is vanuit Vrae 7, 8 en 9 van die Multimodale Vraelys gekies. Hierdie vrae hou verband met inligting aangaande beelde, denke en interpersoonlike verhoudings.

Afdeling 9

Opeenvolgende geskiedenis

In plaas daarvan om die respondent se geskiedenis op te deel in kategorieë van 5 jaar elk (soos in die Multimodale Vraelys), het die navorser van die respondent verlang om op sy/haar lewensgeskiedenis te reflekteer binne die sewe kategorieë wat Judith (1996) by chakra-ontwikkeling geïdentifiseer het. Inligting aangaande die respondent se ontwikkeling is sodoende oor ‘n groter tydperk verkry, aangesien Judith die eerste ontwikkelingstadium identifiseer as vanaf mid-swangerskap tot 12 maande na geboorte. Die navorser het hierdie ontwikkelingstadium se omskrywing vereenvoudig na baarmoeder tot 12 maande.

Deur middel van bogenoemde verandering hoop die navorser om te bewys dat data wat met die chakra-sisteem geassosieer is komplimentêr tot sogenaamde Westerse data oor individue se ontwikkelingsgeschiedenis kan staan. Aangesien Erikson se ontwikkelingsteorie as die reeds-bestaaande kategorieë gebruik word, sal die ooreenstemminge deur middel van ouderdom en temas aangedui kan word.

3.6 Metode van data-analise

Die metode van data-analise vir die doeleindes van die studie is gebaseer op ‘n inhoudsanalise wat verband hou met die grondbeginsels van *begronde teorie* (Kolbe & Burnett, 1991). Een van die redes vir die gebruik van inhoudsanalise in die voorgenome studie spruit voort uit Kolbe en Burnett (1991) se standpunt dat inhoudsanalise ‘n belangrike herverskyning gemaak het vir die fasilitering van verskeie ander metodes van analise. ‘n Potensiële bydrae van inhoudsanalise is die rol wat dit kan speel in die ontwikkeling van ‘n teorie. Dit kan ook moontlik ‘n substansiële bydrae lewer tot gedragsnavorsingsaktiwiteite.

Silverman (1994) beskryf inhoudsanalise as volg: Navorser ontwikkel ‘n stel kategorieë en tel dan die hoeveelheid gevalle wat in elke kategorie geplaas is. ‘n Beslissende voorvereiste is om die kategorieë konsekwent te verkry, sodat verskillende kodeerdeers dieselfde resultate vanuit dieselfde materiaal verkry.

Deur middel van ‘n inhoudsanalise van die twee tekste (lewensgeskiedenisvraelys en chakra-indeks) het die navorser gehoop om ‘n beter begrip van deelnemers se onderskeie ontwikkelingskategorieë te kry.

Die algemeenste aanname in kwalitatiewe navorsing is dat inhoudsanalise te doen het met woordfrekwensie-telling. Berelson, Krippendorff en Weber (in Stemler, 2001b) meen dat inhoudsanalise gedefinieer kan word as ‘n sistematiese, herhaalbare tegniek wat ‘n groter hoeveelheid woorde in ‘n teks in minder inhoudskategorieë saamvat. Hierdie proses is op eksplisiete reëls van kodering gebaseer. Volgens Stemler (2001a) behels inhoudsanalise enige tegniek waar die afleidings gemaak word deur die objektiewe en sistematiese identifikasie van die spesifieke karaktertrekke van boodskappe. Stemler en Bebell (in Stemler 2001b)

meen dat inhoudsanalise ook gebruik kan word om patronen en neigings in dokumente te identifiseer.

In aansluiting hierby redeneer Gustafson (1998) dat navorsers deur middel van inhoudsanalise afleidings uit dokumente kan maak deur sekere eienskappe van kommunikasie sistematies te identifiseer en te kwantifiseer.

Kolbe en Burnett (1991, p. 244) bespreek sekere voordele wat verbonde is aan die gebruik van inhoudsanalise tydens kwalitatiewe navorsing. Hulle meen dat inhoudsanalise die moontlikheid van indringende kommunikasie uitsluit. Laasgenoemde onbeperkte kommunikasie is voordelig, veral waar direkte navorsingsmetodes bevooroordeelde response tot gevolg kan hê. Verder bevestig Kolbe en Burnett dat inhoudsanalise die effekte van omgewingsveranderlikes kan evalueer; ‘n empiriese beginpunt vir die generering van nuwe navorsing betreffende die natuur en effek van sekere kommunikasie beskikbaar kan stel; en die potensiaal het om as ‘n ondersteunende navorsingsmetode in multimodale studies te funksioneer.

Die grootste voordeel van inhoudsanalise is, volgens Babbie (1998), die ekonomiese aspek van die metode, beide in terme van tyd en geld. Daar is ook ‘n veiligheidsaspek verbonde aan die proses van inhoudsanalise. In inhoudsanalise is dit gewoonlik makliker om ‘n gedeelte van die navorsing te herhaal eerder as om die navorsing opnuut af te lê. Inhoudsanalise laat navorsers verder toe om prosesse oor lang tydsperiodes te bestudeer.

In die voorgenome studie het die navorsers gebruik gemaak van twee hoof procedures wat Mayring (2001) aangaande kwalitatiewe inhoudsanalise identifiseer: (1) induktiewe kategorie-formulering, en (2) deduktiewe kategorie-toepassing. Hy maak ‘n onderskeid tussen die toepassing van induktiewe en deduktiewe kategorieë. Induktiewe redenering werk byvoorbeeld vanaf spesifieke gevalle na algemene beginsels toe. In die geval van hierdie studie het die induksie-proses behels dat feite gebruik is om ‘n teorie te formuleer. Deduktiewe redenering werk daarenteen vanaf die algemene na die spesifieke toe en Babbie (1998) redeneer dat ‘n teorie tydens die deduksie proses op ‘n spesifieke geval toegepas word.

Die navorsing het in hierdie studie ook gebruik maak van die illustratiewe metode (Neuman, 2000) om data vanuit die lewensgeskiedenisvraelys en die chakra-indeks aan die ontwikkelingsteorie van Erik Erikson te koppel. Neuman beweer dat “...with the illustrative method, a researcher organizes data on the basis of prior theory. Pre-existing theory provides the empty boxes. The researcher sees whether evidence can be gathered to fill them” (p. 427). Met betrekking tot die voorgenome studie kan hierdie stelling as volg verwoord word: Die bewyse (verkry vanuit die lewensgeskiedenis-vraelys en chakra-indeks) in die houers (Erikson se agt ontwikkelingstadia) ondersteun of verwerp die teorie (Erik Erikson se ontwikkelingsteorie) wat die navorsing gebruik om die verwerfde data te interpreteer.

Waar moontlik is inligting uit die lewensgeskiedenisvraelys en die chakra-indeks in hierdie studie dus deur middel van inhoudsanalise en aan die hand van die beginsels van begronde teorie aan bestaande teoretiese konsepte van Erik Erikson se ontwikkelingsteorie gekoppel. Dit behels dat beide die lewensgeskiedenisvraelys en die chakra-indeks se koderingsproses op deduktiewe kategorie-toepassing geskoei is. Data, wat vanuit die twee vraelyste verkry is, is deur middel van induktiewe kategorie-toepassing met Erikson se ontwikkelingsteorie en die illustratiewe metode vergelyk.

3.6.1 Fundamentele reëls vir die prosedure van kwalitatiewe inhoudsanalise

Mayring (2000) beskryf die fundamentele reëls vir die prosedure van kwalitatiewe inhoudsanalise kortliks as volg: Die materiaal moet stap vir stap met die reëls van die prosedure geanalyseer word en in inhoudsanalitiese eenhede verdeel word. Volgens Mayring is kategorieë die sentrale punt van ‘n analyse. Die aspekte van teksinterpretasie word in kategorieë geplaas wat noukeurig gevorm en hersien is tydens die analyse proses.

In hierdie studie is Erik Erikson se agt ontwikkelingskategorieë as bestaande kategorieë gebruik tydens die vergelyking met inligting uit die chakra-indeks en die lewensgeskiedenisvraelys, terwyl Sayers, Cowden en Sherrill (2002) se toepassing van die inhoudsanalise proses op die volgende manier as riglyn gebruik is in die analyse van die data:

- a) Die aanvanklike lees van die transkripsies, naamlik die lewensgeskiedenisvraelys en chakra-indeks, het bestaan uit ‘n mikro-analise wat ‘n gedetailleerde, lyn vir lyn analise van die woorde en sinne van die deelnemers behels het.
- b) In aansluiting by die siening van Strauss en Corbin (in Sayers, Cowden & Sherrill, 2002) is die mikro-analise afgehandel in daaropvolgende fases met onder andere die gebruik van die woord-frekvensie handtellings van beide vraelyste.
- c) Volgens Miles & Huberman (in Sayers, Cowden & Sherrill, 2002) se voorstel is elke sin van die vraelyste vervolgens geanalyseer en in eenhede van betekenis verdeel. Die navorser het toe die eenhede van betekenis in tabelvorm georganiseer. Inligting oor die respondent se respons betreffende sy/haar menslike ontwikkeling tot op hede is verkry deur die lewensgeskiedenisvraelys te ondersoek. Die chakra-indeks het die respondent se respons aangaande die toestand van die sewe chakras verskaf. Die navorser sou ook die frekvensie van sekere response kon vasstel.

In kwalitatiewe inhoudsanalise bestaan daar, volgens Stemler (2001b), die aanname dat woorde wat gereeld voorkom gewoonlik die woorde is wat die grootste besorgdheid reflekter. Hy redeneer verder dat dit moontlik is vir sekere woorde om meervoudige betekenisse te hê. In verband hiermee beveel hy die volgende aan: “A good rule of thumb to follow in the analysis is to use word frequency counts to identify words of potential interest, and then to use a Key Word In Context (KWIC) search to test for the consistency of usage of words”, (Stemler, 2001b, p. 2). In hierdie studie het die navorser ook van bogenoemde voorstelling gebruik gemaak.

- d) Die navorser het die tabelle bestudeer om die onderskeie kategorieë te identifiseer

Weber (in Stemler 2001b) meen dat die basis van kategorisering daarin lê dat ‘n kategorie ‘n groep woorde met gelyke betekenis of konnotasies is. Stemler (2001b) redeneer weer dat wederkerig-eksklusiewe kategorieë onstaan wanneer daar nie ‘n

eenheid tussen twee datapunte val nie en wanneer elke eenheid deur slegs een datapunt gepresenteer word. Hy brei hierop uit deur te sê dat “the requirements of exhaustive categories is met when the data language represents all recording units without exception” (Stemler, 2001b, p. 3). Om die spesifieke kategorieë van die lewensgeskiedenisvraelys te identifiseer, was dit dus nodig om die woorde, frase of sinne te merk wat gebruik is om die vraag wat gevra is aan te spreek. Spesifieke kategorieë vir die chakra-indeks is vasgestel deur die hoogste frekwensie response in elk van die sewe voorafbepaalde kategorieë, soos byvoorbeeld *fisiese selfbehoud*, te identifiseer. Die navorser se einddoel hiermee was om te bepaal tot watter mate die geïdentifiseerde kategorieë, in beide die lewensgeskiedenisvraelys en chakra-indeks, ooreenstem met Erik Erikson se agt ontwikkelingstadia.

- e) Die navorser het die data te doen het wat met die diepte en die breedte van die onderskeie response ondersoek. Die response is genoteer om vas te stel watter response eenmalig of meermalig, sowel as gesamentlik in die twee vraelyste voorgekom het. Hierdie response is toe gebruik om te bepaal tot watter mate hulle ooreenstem met Erikson se ontwikkelingstadia. Die ontwikkelingstake op spesifieke ouderdomme, wat die respondent in die lewensgeskiedenisvraelys geïdentifiseer het, is binne die agt kategorieë van Erikson se ontwikkelingstadia gepas. Die ouerdomme wat Judith (1996) met response uit die chakra-indeks geassosieer het, is vergelyk met die ouerdomme wat met Erikson se agt ontwikkelingstadia geassosieer is.

3.6.2 Kodering

Weber (in Stemler, 2001b) onderskei twee benaderinge tot kodering wat volgens verskillende reëls afgelê word, naamlik *emergent versus a priori*. Vir die doeleindes van hierdie studie (dit wil sê om die inligting wat uit die data verkry is aan Erikson se teorie te koppel) is gebruik gemaak van a priori kodering. Weber beskryf die metode as volg. Wanneer a priori kodering gebruik word, word die kategorieë voor die aanvang van die analise vasgestel en op ‘n spesifieke teorie gebaseer. Professionele kollegas moet ooreenstem met die verkreë kategorieë en dan word die kodering op die data toegepas. Volgens hierdie literatuur kan die

nodige hersiening gemaak word, en kan die kategorieë wedersydse eksklusiwiteit en alomvattendheid maksimaliseer (Weber, in Stemler, 2001b).

Babbie (1998) beweer dat kodering die logika van konsepsualisering (presies wat bestudeer word) en operasionalisering (die proses om stappe vir data-analise uiteen te sit) behels. Hy stel voor dat beide die manifesterende (klaarblyklike) inhoud, en alternatiewelik ook die latente inhoud, gekodeer kan word. Hiermee kan die geldigheid en betroubaarheid van die studie verhoog word. Die kodering van die manifesterende inhoud dui op die kodering van die visuele, sigbare inhoud. Volgens Babbie is die kodering van die manifesterende inhoud van ‘n kommunikasie (geskrewe in die geval van hierdie studie) gelykstaande aan die gebruik van ‘n gestandardiseerde vraelys. Die navorsing het die manifesterende inhoud van hierdie studie gekodeer in terme van woord-frekvensie telling.

3.6.3 Koderingseenhede

Daar is verskeie tipes van koderingseenhede. Vir die doeleindes van hierdie studie is steekprofeenhede gebruik. Steekprofeenhede varieer afhangende van hoe navorsers die data konseptualiseer. Dit kan woorde, sinne of paragrawe wees. Die steekprofeenhede van hierdie studie is woorde in die chakra-indeks en sinne in die lewensgeskiedenisvraelys.

Berg (in Babbie, 1998) plaas kode-ontwikkeling in die konteks van begronde teorie en vergelyk dit met die oplossing van ‘n legkaart. Hy meen dat die operasionele definisie van enige veranderlike saamgestel word uit die kenmerke van die veranderlike. Dit is hierdie kenmerke wat wedersyds eksklusief en alomvattend moet wees.

Punch (1998) skryf dat begronde teorie ‘n strategie vir navorsing, sowel as ‘n metode van data-analise is. Die teorie wat gegenereer word, word dus op die data gegrond. Die essensiële idee in begronde teorie is dat teorie induktief ontwikkel word deur data wat vanuit vraelyste verkry is. Die generering van ‘n abstrakte teorie maak duidelik wat sentraal tot die data staan. Die einddoel in die ontdekking van begronde teorie is om ‘n kernkategorie te vind wat die sentrale idee in die data

verteenwoordig. Vraelyste word met behulp van inhoudsanalise en aan die hand van die beginsels van begronde teorie geanalyseer. Die volgende koderings vorm die basis van begronde teorie: oop kodering, aksiale kodering en selektiewe kodering (Punch, 1998). Die koderings vind nie opeenvolgend nie, maar gelyktydig plaas al is die drie koderingstipes verskillende operasies. . Begronde teorie is in hierdie studie as ‘n metode van data-analise gebruik en die navorser het dus van bogenoemde drie stappe gebruik gemaak in die data-analise proses van die twee vraelyste.

3.6.4 Oop kodering

Oop kodering verteenwoordig die eerste vlak van konsepsuele analise deur middel van data. Punch (1998) sê dat die data gebruik word om abstrakte, konsepsuele kategorieë te genereer vir latere gebruik in die tot stand bring van ‘n teorie. Eenvoudige beskrywing, tematiese analise en interpretasie van die data is elemente wat die oop koderingsproses vergemaklik. Dit is egter nie die essensie van begronde teorie kodering nie. Punch beweer dat die analitiese en teoretiese verandering van die data die essensie van begronde teorie kodering is. Laasgenoemde sou beteken dat meer abstrakte kategorieë gegenereer kan word. Die generering van abstrakte, gegrondte konsepte word dus uiteindelik die boustene van die teorie.

Die navorser het ook gebruik gemaak van die konsep-indikator model (Punch, 1998). Die idee dat ‘n konsep verskeie, moontlike empiriese indikators het, is die sentrale idee agter hierdie model. Die indikators, wat verkry is uit die vraelyste en die chakra-indeks, is met mekaar vergelyk en hul ooreenkoms en verskille is geëvalueer om die konsep (kategorie) af te lei. Die navorser het dus probeer om addisionele indikators van ‘n spesifieke konsep te spesifiseer. Volgens Punch (1998) bestaan die proses van etikettering in oop kodering uit twee hoof aktiwiteite, naamlik vergelykings tref en vrae vra. Dit sou beteken dat verskeie dele van die data met mekaar vergelyk word om kategorieë te genereer. Punch meld ook dat navorsers dikwels die volgende vrae met oop kodering gebruik: (1) Waarvan is die data ‘n voorbeeld? (2) Wat verteenwoordig die data? (3) Na watter kategorie verwys die data? Laasgenoemde proses verteenwoordig die konseptualisering van data.

In oop kodering word die proses van etiketering deur die model en bogenoemde vrae gelei. Die indikators in die data word deurlopend met mekaar vergelyk. Navorsers gebruik oop kodering om konsepsuele etikette en kategorieë te genereer vir die bou van ‘n teorie (Punch, 1998). Deur slegs gebruik te maak van kategorieë en etikette wat vanuit die data gegenereer is, verseker dit dat hierdie data gegrond is in die data. Die einddoel met oop kodering in die geval van hierdie studie was om die data in die chakra-indeks, sowel as in die lewensgeskiedenisvraelys te konseptualiseer. Punch meen dat die proses van kategorisering gebalanseer moet word deur twee verdere prosesse. Eerstens moet ‘n oorsig van die data in gedagte gehou word, eerder as om slegs intensiewe kodering te doen. Hy postuleer verder dat die tweede proses handel oor die oordeel van watter deel van die data sentraal tot die data staan. Hierdie twee prosesse sluit in dat navorsers sekere dele van die data intensief kodeer, maar terselfdertyd ‘n oorsig van die data kry deur die gebruik van vergelykings. Volgens Glaser (in Punch, 1998) verskaf die vergelykings aan navorsers konsepsuele patronen wat ooreenkomsste en verskille in die data uitwys. Teoreties gesproke is ‘n stel konsepsuele kategorieë, wat vanuit die data gegenereer is, die uitkomste van oop kodering. Hiervolgens vind ordening en klassifisering van die kategorieë plaas en ‘n idee word gevorm van die sentrale deel van die data. Met betrekking tot die twee antwoordlyste was dit dus belangrik om bogenoemde prosesse ook in gedagte te hou.

3.6.5 Aksiale (teoretiese) kodering

In die tweede stadium van konsepsuele analise word kategorieë verbind en ‘n stel proposisies geproduseer. Aksiale kodering behels dus die verbintenis tussen bestaande kategorieë wat deur oop kodering ontwikkel is (Punch, 1998). Konsepte, wat idees aan mekaar bind, is nodig om bogenoemde verbande te trek. In suiwer begronde teorie is hierdie teoretiese kodes afkomstig van die data. Dit is dus belangrik dat navorsers let op die wyse waarop konsepte verbind is. Soos in die geval van kwantitatiewe analise, word die verhouding eerstens gevind en beskryf en daarna word die verhouding geïnterpreteer.

3.6.6 Selektiewe kodering

Op hierdie vlak van konsepsuele analise selekteer navorsers een aspek as ‘n kern kategorie en konsentreer daarop. Hierdie een kategorie integreer die data, en die begronde teorie word uiteindelik op hierdie een kategorie gebaseer. Die kernkategorie moet die sentrale tema binne die navorsing behels. Volgens Punch (1998) is dit belangrik om met selektiewe kodering te probeer om ‘n samevattende, gekondenseerde en geïntegreerde geheelbeeld van die data te verkry. Strauss en Corbin (in Punch, 1998) sluit hierby aan deur te sê dat kernkonsepte beide die kernkategorie en die storielyn is. Die kernkategorie is die sentrale fenomeen waarin ander kategorieë geïntegreer is en die storielyn is ‘n beskrywende narratief oor die sentrale fenomeen. Die storielyn word gesien as ‘n maatreël wat selektiewe kodering aan die gang sit, en wat ekwivalent is aan ‘n beskrywing wat die teoretiese kodering geproduseer het. As dit geanalyseer word, word dit die kernkategorie genoem. Met analyseer word bedoel om van ‘n beskrywing van die storielyn na ‘n konseptualisering van ‘n storielyn te beweeg.

In selektiewe kodering word dieselfde tegnieke gebruik as in oop- en teoretiese kodering, maar op ‘n hoër vlak van ‘n afgetrokke begrip (Eng: *abstraction*). ‘n Hoër-orde konsep word dus gevind. Volgens Glaser (in Punch, 1998) ontstaan die kernkategorie vanuit die voortdurende vergelykings wat die vorige kodering aangehelp het. Punch (1998) maak die stelling dat, sodra duidelikheid verkry is aangaande ‘n spesifieke kategorie, word die kategorie uitgebrei in terme van die kategorie se eienskappe en sistematies vergelyk met ander kategorieë in die data. Hierna word die verhoudings in die data geldig verklaar. Hierdie stadium is ook aanduidend van kategorieë wat verdere data benodig. In begronde teorie word hierdie stadium *sistematiese digtheid en die versadiging van die teorie* genoem.

3.6.7 Betroubaarheid en geldigheid

Hammersley (in Silverman, 1994) redeneer dat betrouwbaarheid na die graad van konsekwentheid verwys wanneer data deur verskillende observeerders, of deur dieselfde observeerder op verskillende tye, aan dieselfde kategorie toegeskryf word. Volgens hom word geldigheid as “die waarheid” gesien, en dit sou aandui dat die

inligting wat verskaf is ‘n korrekte en objektiewe weergawe is van die data wat verkry is. Hy meen verder dat die interpretasie van die data ‘n akkurate verteenwoordiging moet wees van die sosiale fenomeen waarna dit verwys. In so ‘n geval sou data-analise as geldig beskou word.

Potter en Levine-Donnerstein (1999) benader die kwessie van geldigheid en betrouwbaarheid vanuit ‘n ander oogpunt. Hulle meen dat geldigheid en betrouwbaarheid verskillend benader moet word ten opsigte van verskillende vorms van inhoud en gebruik. Volgens hulle is dit bewys dat die graad van betrouwbaarheid as volg bepaal moet word: persentasies van ooreenstemming moet altyd in koëffisiënte omskryf word, en wel deur middel van ‘n formule wat toevallige ooreenkomste uitsluit.

Weber (in Stemler, 2001b) maak melding van probleme ten opsigte van betrouwbaarheid. Hy noem dat die dubbelsinnigheid van die betekenis van woorde, kategorie definisies en verskeie koderingsreëls gewoonlik probleme in terme van betrouwbaarheid veroorsaak. Verder postuleer hy dat geldigheid tydens inhoudsanalise as volg bewerkstellig word: Om geldige afleidings te maak is dit belangrik dat die klassifikasie-prosedure betroubaar is in terme van konsekwentheid. Dit beteken dat verskillende individue in staat moet wees om die teks op dieselfde manier te kodeer. Om te verhoed dat die betrouwbaarheidskoeffisiënt kunsmatig verkry word, verskaf Stemler ‘n kritiese stap vir inhoudsanalise, naamlik die ontwikkeling van ‘n stel eksplisiete opname-instruksies.

Aangesien die manifesterende inhoud (data) van ‘n studie gekodeer word op die basis van logiese konsepsualisering, word ‘n studie se betrouwbaarheid verhoog indien die konsepsuele raamwerk, sowel as die metode van observasie, gespesifiseer word. Daarom het die navorser besluit om die data van hierdie studie volgens ‘n ontwikkelingsperspektief te konseptualiseer, en om nie-waarskynlike vraelyste en steekproefneming as die metode van observasie te gebruik.

Volgens Babbie (1998) is inhoudsanalise onopdringerig en hy redeneer dat hierdie eienskap ‘n voordeel inhoud vir ‘n studie se betrouwbaarheid. Dit impliseer dat die inhoudsanalis selde ‘n invloed op die bestudeerde subjek het. Die navorser

bevraagteken egter die mate van blootstelling wat deur die vyf respondentie van die betrokke studie ervaar is. Hoewel die vraelyste anoniem ingeval is, lyk dit asof sommige van die respondentie huiwerig was om inligting uit hul privaatlewe te onthul. Vir sommige was dit blykbaar moeilik om bogenoemde inligting aan ‘n vreemdeling (die navorsier) te oorhandig. Die navorsier spekuleer dus dat sommige respondentie die data-insamelingsproses tot ‘n mate tog as indringend ervaar het.

In aansluiting by laasgenoemde verwys Babbie (1998) ook na nadele wat aan inhoudsanalise verbonde is. Eerstens is dit beperk tot die eksaminering van opgeneemde kommunikasie. In die geval van hierdie studie is die tipe kommunikasie waarna Babbie verwys skriftelik in die vorm van twee vraelyste aangebied. Inhoudsanalise kan tweedens probleme met betrekking tot geldigheid veroorsaak. In verband hiermee sê Babbie egter dat die konkretheid van die materiaal, wat in inhoudsanalise bestudeer word, die moontlikheid van betroubaarheid kan versterk.

Die betroubaarheid van inhoudsanalise het, volgens Kolbe en Burnett (1991), te doen met kategoriee en inter-eksaminator betroubaarheid. Inter-eksaminator betroubaarheid word grotendeels beïnvloed deur die prosedure van inhoudsanalise, wat later onder die opskrif *objektiwiteit* bespreek sal word.

Kolbe en Burnett (1991) maak ook melding van swak punte rakende inhoudsanalise. Volgens hulle moet die volgende swak punte van inhoudsanalise in ag geneem word: Hierdie metode is ontvanklik vir die effekte van eensydige navorsers wat besluite aangaande data-insameling, data-analise en die interpretasie van data kan beïnvloed. Inhoudsanalise se potensiaal word verder beperk deurdat die rapportering van spesifieke elemente in kommunikasie beperk is. Hierdie eksplorerende benadering bemoeilik die oorweging van teoretiese perspektiewe. In aansluiting hierby is die oplewering van inhoudsanalise gewoonlik kategoriee data. Alhoewel kategoriee data ryk is aan beskrywing, kategorieë en identifikasie, is dit minder sensitief ten opsigte van subtiele informasie in kommunikasie. Dit is moontlik om hierdie subtiele informasie deur middel van Hoë-orde skale te voorsien.

Volgens Stemler (2001a) is dit belangrik om te verstaan dat ‘n metodologie altyd in diens van die navorsingsdoelstelling staan. Hy sê dat geldigheid die vorm van triangulering aanneem. Triangulering inkorporeer verskeie bronverwysings, metodes, navorsers en teorieë wat die kredietwaardigheid van die studie verhoog. In hierdie studie het die navorser van triangulering gebruik gemaak deur middel van meervoudige data (6 respondent), meervoudige metodes (oop kodering, aksiale kodering en selektiewe kodering; induktiewe en deduktiewe kategorie toepassing; en die metode van illustrasie); meer as een evaluateer (twee onafhanklike eksaminators); en meervoudige teorieë (begronde teorie en Erikson se ontwikkelingsteorie).

3.6.8 Metodes om die betrouwbaarheid van resultate te bevorder

Objektiwiteit

Objektiwiteit verwys na die proses waartydens analitiese kategorieë ontwikkel en gebruik word. Volgens Kolbe en Burnett (1991, p. 246) is presiese operasionele definisies en gedetailleerde reëls en procedures nodig vir ‘n akkurate en betroubare koderingsproses. Die gebruik van veelvoudige, opgeleide en onafhanklike eksaminators verhoog die objektiwiteit. Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van ‘n mentor, sowel as ‘n eksterne eksaminateur, wat as twee onafhanklike eksaminators sal optree. Die objektiwiteit, en sodoende ook die studie se betrouwbaarheid, is deur bogenoemde maatreël verhoog.

Reëls en procedures

Beskrywings van reëls en procedures is belangrik vir die geldigheid van navorsingsbevindinge en toekomstige replikasie. Kolbe en Burnett (1991) verduidelik dat die teenwoordigheid van kategorieë en koderingsreëls ‘n essensiële eerste stap is vir die herhaling van navorsing. Die navorser het die reëls en procedures reeds voor die aanvang van data-analise gespesifiseer. Soos reeds genoem, geskied kodering volgens drie stappe: (1) oop kodering; (2) aksiale kodering; (3) selektiewe kodering. Navorsers identifiseer tydens bogenoemde stappe primêre en sekondêre temas in die teks en gebruik dan hierdie temas om

kategorieë mee te spesifiseer. Hoewel kwalitatiewe navorsing soms as ‘n subjektiewe proses afgemaak word, sou bogenoemde reëls en procedures die betroubaarheid van toekomstige replikasie kon verhoog.

Opleiding van eksaminators

Indien geen kontrole vir die goedkeuring van die navorsing beskikbaar is nie, is Kolbe en Burnett (1991) van mening dat die opleiding van eksaminators belangrik is om die objektiwiteit van ‘n studie te bevorder. In die geval van hierdie studie het die navorser van ‘n studieleier gebruik gemaak om sodoende die objektiwiteit van die navorsing verder te bevorder.

Meting voortoetsing

Die voortoetsing van kategorieë en definisies ondersoek die betroubaarheid van die koderingsproses. Volgens Kolbe en Burnett (1991) is die afwesigheid van verwysing na die opleiding van eksaminators of voortoetsing ‘n gaping in enige navorsingsproses. Om hierdie gaping te vermy het die navorser die resultate onder toesig van een van die onafhanklike eksaminators bespreek alvorens die kategorieë in hierdie studie gefinaliseer is.

3.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die navorser verwys die verkryging van respondenten en die metode van data-insameling wat gebruik is. Die navorser het ook uitgebrei op die metode van data-analise en hoe geldigheid en betroubaarheid in die studie verseker is.

HOOFSTUK 4

RESULTATE

4.1 Inleiding

Die navorser skenk vervolgens aandag aan die resultate wat deur middel van die studie verkry is en maak gebruik van die data-analise en verwerkingsmetodes wat in Hoofstuk 3 bespreek is. Fokuspunte in die bespreking sluit die weergee van die data, ‘n data-analise en die bespreking van die data in. Die transkribering van die uitslae is as ‘n aanhangsel by die skripsie gevoeg.

Die navorser het deur middel van inhoudsanalise, en aan die hand van die beginsels van begronde teorie, temas vanuit die data (die chakra-indeks en die lewensgeschiedenisvraelys) verkry. Die volgende besprekings word in Hoofstuk 4 ingesluit. Die sewe primêre temas en die sekondêre temas, wat vanuit die chakra-indeks verkry is, word eerstens bespreek. Hierop volg ‘n bespreking van die primêre temas wat uit die lewensgeschiedenisvraelys verkry is. Daarna tref die navorser ‘n vergelyking tussen die primêre temas van die chakra-indeks en Erikson se agt ontwikkelingskategorieë. Laastens vergelyk die navorser die primêre temas in die lewensgeschiedenisvraelys kortlik met Erikson se ontwikkelingstadia en verskaf dan ‘n samevatting van die studie se bevindinge.

4.2 Agtergrond

As agtergrond tot die bespreking wat volg, ag die navorser dit nodig om die chakra-indeks en die lewensgeschiedenisvraelys weer kortlik te omskryf. Volgens Judith (1996) verskaf die chakra-indeks ‘n analise van die respondent se globale patroon, asook ‘n grafiese lys van persoonlike kwessies wat aandag verg. Die navorser sal die chakra-indeks dus gebruik om die huidige toestand van die respondent se sewe chakras aan die individu se chakra-ontwikkeling te koppel.

Die lewensgeskiedenisvraelys het inligting aan die navorser verskaf aangaande die respondent se agtergrond en geskiedenis. Hierdie inligting word deur die navorser omskryf om dit sodoende vanuit ‘n Westerse ontwikkelingsperspektief te benader. Die kodering van beide vraelyste kan bestudeer word in Addenda 1 tot 8. Die resultaat van die koderingsprosedure vir beide die vraelyste, naamlik die verkryging van primêre en sekondêre temas word vervolgens bespreek.

4.3 Primêre en sekondêre temas in die chakra-indeks

Die volgende tabel is die finale stap in die koderingsproses van die chakra-indeks en sluit die primêre en sekondêre temas in wat na inhoudsanalise geïdentifiseer is. (Vir meer detail aangaande die koderingsproses, sien Addenda 8 - 12.)

Tabel 2: Primêre en sekondêre temas in die chakra-indeks

Chakra	Primêre Temas	Sekondêre Temas
1	Fisiese identiteit	Fisiese ontwikkeling Stabiliteit
2	Emosies	Emosionele betrokkenheid Beweging
3	Selfontwikkeling	Selfontwikkeling
4	Sosiale identiteit	Sosiale identiteit
5	Self-uitdrukking	Kreatiwiteit Kommunikasie
6	Toestande van bewustheid	Kognisie Transendentale bewustheid
7	Universaliteit	Spirituele konneksie Intelligenzie

Die temas in Tabel 2 is vanuit die chakra-indeks verkry en word met die ontwikkeling van die onderskeie chakras geassosieer. Chakras 1 - 7 het dus respektiewelik die volgende primêre temas: fisiese identiteit; emosies;

selfontwikkeling; sosiale identiteit; self-uitdrukking; toestande van bewustheid; en universaliteit. Sommige van bogenoemde primêre temas bestaan ook uit sekondêre temas wat as volg uiteengesit kan word: fisiese identiteit (fisiese ontwikkeling en stabilitet); emosies (emosionele betrokkenheid en beweging); selfontwikkeling (selfontwikkeling); sosiale identiteit (sosiale identiteit); self-uitdrukking (kommunikasie en kreatiwiteit); toestande van bewustheid (kognisie en transendentale bewustheid); en universaliteit (spirituele konneksie en intelligensie).

4.3.1 Chakra 1 (baarmoeder tot 12 maande)

Primêre tema: Fisiese identiteit

Die primêre tema wat vir Chakra 1 uit die analise van die chakra-indeks geïdentifiseer is, is *fisiese identiteit*. Brennan (1988) ondersteun die identifikasie van fisiese identiteit as die tema vir Chakra 1. Sy sê dat die eerste laag van die aura en die eerste chakra geassosieer is met fisiese funksionering en sensasie wat die individu in staat stel om fisiese plesier en pyn te ervaar.

Sherwood (2000) stem saam met hierdie identifikasie van fisiese identiteit as die primêre tema vir Chakra 1. Hy redeneer dat hormonale veranderinge in die baarmoeder tydens swangerskap die passiwiteit of geldingsdrang van die kind kan beïnvloed. Dit is ook moontlik dat dit die behoeftes, die kwaliteit van verhoudings en die selfbeeld van die kind later kan affekteer. Laasgenoemde moontlike fisiese probleme reflektereer ‘n wanbalans in die kind se subtiele energiesisteem wat beteken dat ‘n kind reeds voor geboorte energie-blokkasie kan ontwikkel. Die fisiese komplikasies mag ook ‘n invloed hê op linker- of regter brein dominansie, wat gewoonlik bepaal hoe intuïtief of rasioneel die kind sal wees. Volgens Sherwood word wanbalans in die moeder se hormoonsisteem ook gekoppel aan aggressie en passiwiteit by die kind.

Sekondêre temas:

Fisiese ontwikkeling

Die proses van geleidelike bewuswording van die fisiese wêreld duur voort na geboorte. Volgens Brennan (1988) is ‘n kind se taak, in die vroeë stadium van lewe,

om gewoond te raak aan die beperkinge van fisiese sensasie en aan die driedimensionele wêreld. Sy postuleer dat sommige babas dit na geboorte moeilik vind om hul verbintenis met die spirituele wêreld van die baarmoeder af te sluit.

Sherwood (2000) gaan van die standpunt uit dat swangerskap en geboorte ‘n impak op die fisiese ontwikkeling van die kind het. Hy sê dat stressors tydens swangerskap en gedurende kraam die baba aan fisiese en psigiese skokke mag blootstel wat in neurose kan ontwikkel. Hy is van mening dat ‘n wanbalans in die swanger moeder se hormoon-sisteem veranderinge met lang termyn gevolge in die fetus kan veroorsaak.

Stabiliteit

Sherwood (2000) skryf ook oor die konsep van stabiliteit. Indien die baba se verbintenis met sy ouers onderbreek is as gevolg van energie-blokkasies in een van die ouers, sal die baba se energieveld voortdurend verbrokkel wees. Hierdie onstabilitet kan ‘n negatiewe effek op die ego-ontwikkeling van die kind hê. Indien die ego primêr in die bewuste ontwikkel, sal die kind nie emosionele volwassenheid bereik nie en dit sou die kind verhinder om later volwasse verhoudings te ontwikkel.

Judith (1996) meen dat die eerste chakra se basiese taak daarin lê om die totale chakra-sisteem te stabiliseer. Verskynsels soos verwaarlosing en verwerping van ‘n kind kan egter die stabiliseringsproses kniehalter. Moontlike gevolge van verwerping is ‘n gevoel van hulpeloosheid en ‘n tekort aan enige iets wat tasbaar is. Hierdie onstabilitet lei tot ‘n wantroue in ander en kan ook ‘n vervreemding van moontlike ondersteuners veroorsaak.

4.3.2 Chakra 2 (12 maande-2 jaar)

Primêre tema: Emosies

Judith (1996) omskryf emosies as instinktiewe reaksies tot sensoriese data. Sy is daarvan oortuig dat emosies ‘n spirituele funksie tydens die ontwikkeling van die tweede chakra het. Hierdie funksie beskryf sy as die taal van die siel wat deur die liggaam gepraat word. Volgens haar is dit ‘n taal waar sensasies met woorde,

gevoelens met sinne en emosies met paragrawe vergelyk kan word. Laasgenoemde boublokke is die primêre vlakke van ons ervaring waardeur ons lewensverhaal ontvou en betekenis daaraan geheg word. Die betekenis integreer ons sisteme en ons ervaring van die wêreld.

In verband met emosies beweer Sherwood (2000) dat daar slegs vier basiese emosies bestaan: geluk, woede, pyn en vrees. Hy is van mening dat alle emosies vanuit genoemde vier emosies ontstaan deur ‘n kombinasie van emosies en die toepassing van emosies op spesifieke situasies.

Volgens Brennan (1988) word die kind se emosionele lewe verryk sodra die tweede chakra ontwikkel.

Sekondêre temas:

Emosionele betrokkenheid

Met die sekondêre tema *emosionele betrokkenheid* verwys die navorsers na konsepte soos seksualiteit, sensasie, verhoudings, verwaarlozing/verwerping.

Vaughan (1995) meen dat sensuele en materiële plesier die bekendste en gereeldste verkreë plesiere is. ‘n Voorbeeld van sensuele plesier sou ‘n seksuele orgasme kon wees. Emosionele intimiteit word soms verwar met seksualiteit, maar daar kan duidelik tussen hulle onderskei word, en beide kan onafhanklik van mekaar bestaan.

Die tweede chakra is, volgens Myss (1996), die verhoudings-chakra. Sy meen dat die energie van emosionele betrokkenheid rondom die sewende lewensjaar van die kind opmerklik word. Kinders begin verhoudings aanknoop met ander kinders en met volwassenes, en word meer onafhanklik van hul ouers en die ouerhuis. Volgens Myss begin die kind tydens sy/haar eerste interaksies om te individualiseer, verhoudings te vorm, en die mag van keuses te eksploreer. Waar verwaarlozing en verwerping na vrese van Chakra 2 verwys, sou verwerping deur die primêre versorger moontlike komplikasies vir die ontwikkeling van Chakra 2 kon veroorsaak.

Beweging

Die teenoorgestelde van emosionele betrokkenheid is ook waar tydens die ontwikkeling van Chakra 2. Brennan (1988) redeneer dat die kind nou begin om van die moeder af weg te beweeg. Terselfdertyd begin die kind om fantasiewêrelde te weef waarin hy/sy leef en volgens Brennan is hierdie fantasiewêrelde vir die kind van hulp tydens die skeidingsproses met die moeder.

Emosies word ook aan beweging gekoppel. So byvoorbeeld bewe ‘n persoon wanneer hy/sy senuweeagtig raak. Die manier waarop ‘n individu sy/haar liggaam dra, kan dus die emosie verklap wat in die onbewuste gestoor is. Judith (1996) postuleer dat die uitdagings van Chakra 2 onder andere is om te beweeg, vry te laat en te voel. Sy redeneer dat die bewuste slegs uitbrei deur middel van beweging en slegs deur verandering gestimuleer word. Dit beteken dat beweging en verandering daartoe bydra om bewuswording te stimuleer. Dit verbreed die individu se persepsie en verhoog sensoriese ervaring. Volgens Judith word spierweefsel gebou, sirkulasie verhoog, senuwee-eindpunte gestimuleer en soepelheid en lewendigheid bevorder wanneer die liggaam beweeg.

4.3.3 Chakra 3 (2-4 jaar)

Primêre Tema: Selfontwikkeling

Die primêre tema, *selfontwikkeling*, is verkry vanuit konsepte soos selfbeeld, selfvertroue, selfdissipline, wil, proaktiewe- en outonome optrede, verantwoordelikheid, sin vir humor, vrees vir straf en die hantering van uitdagings, wat almal in Addendum 11 voorkom. Die navorsers gebruik selfontwikkeling as die oorkoepelende konsep om bogenoemde konsepte mee te bespreek

Brennan (1988) beweer dat die individu die vermoë het om hoër vlakke van vibrasie, energie of bewustheid, wat deur die chakras beweeg, te behou en dat hierdie vermoë verbeter soos die individu groei en ontwikkel. Volgens Myss (1996), is ‘n begrip van die self en self-aanvaarding die belangrikste spirituele uitdaging vir die mens.

Hierdie uitdaging van die derde chakra veroorsaak dat die mens sy/haar sin van mag en die self in verhouding tot die wêreld evalueer. Die mens leer ken sy/haar emosionele natuur deur te eksplorieer, veral in verhouding tot hom/haarself. Die volgende vrae is voorbeeld van die tipe vrae wat die mens tydens hierdie fase stel: “Waarvan hou ek?”; “Wat maak my gelukkig?”; “Wat is my swakhede?”

Volgens Vaughan (1995) kan die definisieering van die self egter beperk word deur persoonlike ervarings en gedeeltelike persepsies van die wêreld. Hierdie beperkinge word versterk deur aannames en uitgangspunte van ‘n individu wat nie beantwoord word nie. Vaughan is nogtans van mening dat, soos wat die individu se bewustheid groei, so brei die self voortdurend uit en gaan deur spesifieke stadiums van ontwikkeling in die normale proses tot volwassewording.

4.3.4 Chakra 4 (4-7 jaar)

Primêre tema: Sosiale identiteit

Vaughan (1995) sien die sosiale self as die self uitgedruk in verhoudings. Sy verdeel die sosiale self op in ‘n universele (transpersoonlike) self en ‘n persoonlike (egosentriese) self. Wanneer die sosiale self primêr deur sosiale reëls en kondisionering gevorm word, kan onbevredigende patronen van gedrag herhaal word totdat ‘n bewuste besluit geneem word om dit te verander.

Aangaande die ontwikkeling van die sosiale identiteit sê Brennan (1988) dat die *ek* nie meer alleen bestaan nie, maar deel word van ‘n *ek-ons* verhouding. Die individu begin te dink dat hy/sy ander moet oortuig om hom/haar lief te hê, aangesien liefde nie meer so vanselfsprekend is soos in die kinderdeie nie. Hierdie konsep veroorsaak spanning in die individu se psige, omdat twyfelin onstaan rondom wie die individu dink dat hy/sy is en wie hy/sy volgens die samelewing behoort te wees.

Judith (1996) bevestig dat die ontwikkeling van die vierde chakra tydens die kinderjare die vorming van ‘n sosiale identiteit verteenwoordig. Volgens haar is sosiale identiteit ‘n aspek van die self wat die individu ontwikkel om liefde en

sosiale aanvaarding te verkry en om in die wêreld te oorleef. Hierdie aspek kom tot stand deurdat kinders verhoudings internaliseer deur middel van nabootsing, wat as identifikasie bekend staan. Identifikasie vind plaas wanneer die kind perspektiewe, spesifieke houdings, waardes en gedrag van ander aanneem en dit dan oordra na sy/haar eie verhoudings toe. Laastens is Judith van mening dat die ontwikkeling van ‘n sosiale identiteit die kind voorberei vir meer komplekse interaksies in die samelewning. ‘n Delikate balans tussen die behoud en die opgee van die outonomie wat in die derde chakra ontwikkel het, word hiervoor vereis.

4.3.5 Chakra 5 (7-12 jaar)

Primêre tema: Self-uitdrukking

“Freedom is essential to any form of genuine self-expression, and freedom in this context means not only freedom from external oppression, but freedom from internal repression as well” (Vaughan, 1995, p. 84)

Met hierdie stelling maak Vaughan dit duidelik dat ware self-uitdrukking nie kan plaasvind wanneer die individu deur eksterne en interne faktore beperk word nie. Dit sluit aan by haar siening dat die ontwikkeling van die self (in Chakra 3) deur persoonlike ervarings en persepsies van die wêreld beperk kan word, en dat die sosiale identiteit in Chakra 4 onbevredigende gedragspatrone kan ontwikkel as dit hoofsaaklik deur sosiale reëls en kondisionering gevorm word.

Volgens Judith (1996) word die sosiale identiteit tydens die ontwikkeling van die vyfde chakra voldoende genoeg gevorm sodat die kind kan begin om met kreatiewe uitdrukking te eksperimenteer. Die skoolomgewing begin nou om die familie as die hooffokus van aktiwiteite te vervang, aangesien dit ‘n wyer spektrum van geleenthede vir kreatiewe uitdrukking bied. As die kind veilig voel in sy/haar verhoudings, is dit moontlikheid dat die kind meer gewillig sal wees om kreatief te eksperimenteer en sy/haar waarheid te spreek.

Sekondêre temas

Kommunikasie

Kommunikasie is essensieel vir ‘n gevoel van voltooiing en kan op verskeie vlakke geskied: fisies, emosioneel, geestelik, eksistensieel of spiritueel. Die vermoë om te luister en die vermoë om stil te bly is belangrik vir effektiewe kommunikasie op alle vlakke. Vaughan (1995) redeneer byvoorbeeld dat betekenisvolle kommunikasie op die eksistensiële vlak na samehorigheid en liefde lei.

Wilber (in Vaughan, 1995) meen dat die gebruik van taal die self toenemend laat identifiseer met die verbale ego-verstand. Hiermee verwys hy na die integrasie van liggaam en verstand. Sy hipotese is dat ‘n gesonde evolusie van die selfbeeld geskoei is op die integrasie van liggaam en verstand.

Dit wil voorkom asof die boublomme van taal en verhoudings bydra om verstandelike kapasiteit te verbreed. In hierdie stadium van die kind se leeftyd word informasie aangaande die wêreld geabsorbeer. Skool, boeke, televisie, gesprekke en ervaringe is belangrike faktore wat bydra tot die uitbreiding van die kind se kennis. Volgens Judith (1996) is die konsepsuele strukture, wat bogenoemde informasie absorbeer, reeds in plek en daarom vind leer klaarblyklik vinnig plaas. Dit is ook moontlik dat kreatiwiteit tydens hierdie fase mag verhoog.

Kreatiwiteit

In die bespreking van Chakra 4 het die navorsers onder ander na die ontwikkeling van ‘n sosiale identiteit verwys. Chakra 5 hou daarenteen gedeeltelik verband met die ontwikkeling van ‘n kreatiewe identiteit. Aangesien self-uitdrukking die primêre tema van die vyfde chakra is, sou dit dus een van die take van kreatiewe identiteit wees.

Vaughan (1995) redeneer dat kreatiwiteit nie geniet kan word wanneer interne inhibisies of eksterne beperkinge konformiteit vereis nie. Dit sluit aan by sy siening

hierbo dat ware self-uitdrukking slegs geskied wanneer die individu vry is van beperkende eksterne en interne faktore. Volgens hom word kreatiwiteit in verskeie vorms uitgedruk: visueel, in kuns, musiek, en beweging, en ook deur die intellektuele uitruil van idees. Die proses om betekenis in die lewe te ontdek of te skep kan dus ook as ‘n kreatiewe poging beskou word.

Kreatiwiteit en effektiewe kommunikasie sou dus essensieel wees vir die optimale ontwikkeling van die individu se self-uitdrukking tydens die ontwikkeling van Chakra 5. Kreatiwiteit kan, net soos kommunikasie, op verskeie vlakke plaasvind, naamlik spiritueel, eksistensiell, verstandelik, emosioneel en fisies.

Grof (1975) sê dat stadiums van ontwikkeling op enigevlak sekere patronen volg. Die algemeenste patroon stem ooreen met die stadiums van die geboorteproses, wat hy as volg beskryf het:

1. ‘n stadium van salige eenheid, waarin alle moontlikhede vervat word;
2. ‘n depressiewe gevoel van druk en geen uitkoms;
3. ‘n passievolle worsteling wat aksie voorafgaan;
4. skeiding en nuwe lewe.

Kreatiwiteit op spirituele, eksistensiële, verstandelike, emosionele en fisiese vlak kan dus beskou word as stadia van ontwikkeling wat met die geboorteproses ooreenstem. Die navorsers maak gevvolglik die aanname dat die kreatiewe proses geboorte kan gee aan ‘n nuwe vorm. So kan spiritualiteit, wat ‘n proses van transformasie is, byvoorbeeld beskryf word as ‘n geboorteskenking aan die self.

4.3.6 Chakra 6 (12-18 jaar)

Primêre tema: Toestande van bewustheid

“A child’s life is normally a magical time, because by not being fully developed consciousness has not yet usurped the position of the I AM and it’s vehicles, intuition and unconscious awareness”. Sherwood (2000, p. 71)

Met bogenoemde aanhaling illustreer die navorser hoe toestande van bewustheid tydens menslike ontwikkeling groei en verander. Sherwood (2002) beweer dat alle kinders in ‘n onbewuste eenheid met die universele veld verkeer en dat hulle die voordele, wat uit die universele veld vloei, geniet. Sodra die kind ‘n aparte identiteit ontwikkel, raak die kind bewus van konsepte soos *ek*, *jy*, *myne* en *joune*. Bewustheid ontwikkel dus tot so ‘n mate dat die ego gevestig raak in die bewuste eerder as in die onbewuste. Laasgenoemde illustreer die mate waartoe die kind die onbewuste eenheid met die universele veld verloor.

Sekondêre temas:

Kognisie

Kognitiewe vermoëns, soos insig en verbeelding, is temas uit die data wat met die tema *kognisie* geassosieër word

Judith (1996) sê dat die kognitiewe vermoë om simbolies en abstrak te begin dink, kenmerkend is van die ontwikkeling van die sesde chakra. Vir Piaget (in Craig, 1996) is hierdie ‘n periode van formele eksplorasie waartydens die kind meer met vorm as met inhoud gemoeid raak. Die kind is nou in staat om te redeneer en kan in die simboliese sfeer leef. Gedurende hierdie stadium van adolessensie vind daar ook ‘n her-evaluasie van die aangename persona plaas. Judith (1996) is van mening dat daar nou vir die adolescent ‘n wyer spektrum persona is om van te kies en dat die kreatiwiteit van Chakra 5 die adolescent in hierdie proses ondersteun.

Die kwessie van insig beskou Judith (1996) as die vermoë om dieper te sien en die vermoë om patronen te herken. Dit wil voorkom asof die adolescent die weg na insig deur die herkenning van patronen vind. Die individu ontwikkel die potensiaal om te bepaal hoe ‘n patroon in die groter prentjie inpas en wat die betekenis van daardie patroon is. Judith redeneer verder dat die informasie van ons ervarings in die self versamel en in die geheue gestoor word.

Vaughan (1995) onderskei twee verskillende rigtings waarin insig ontwikkel: intuïtiewe en sielkundige insig. Hy meen dat sielkundige insig gewoonlik op die inhoud van bewustheid en die prosesse en patronen van persepsie fokus. Intuïtiewe insig, daarenteen, neem die domein van die gees as objek.

Transendentale bewustheid

Alvorens die navorser uitbrei op die konsep van transendentale bewustheid, is dit eers nodig om na De Quincy (2000) se konsep van bewustheid te verwys. Hy tref ‘n onderskeid tussen filosofiese bewustheid en sielkundige bewustheid. Filosofiese bewustheid is die toestand van realiteit en sielkundige bewustheid is die toestand van bewustheid wat bo drempel-bewustheid verhewe is. Voorbeeld van sielkundige bewustheid is, volgens De Quincy, drome, die wakker toestand, geluk, vrees en mistiek.

Drome, intuïsie en visie is temas wat ook vanuit die chakra-indeks verkry is. Volgens Judith (1996) verbind drome die bewuste met die onbewuste en representeer dit alternatiewe tot die ordinêre realiteit. Sy beskou drome ook as ‘n primêre ervaring van transendentale bewustheid en as die psige se manier om homeostase in die liggaam te behou. Dit kompenseer heel moontlik vir die tekort aan balans wat ontstaan terwyl die individu sy/haar lewe by eksterne realiteite aanpas.

Vaughan (1995) verstaan drome as uitdrukings van die onbewuste, geestelike lewe. Dit vestig die aandag op onbewuste faktore wat nodig is vir emosionele en geestelike gesondheid. Dit lyk dus asof drome ‘n belangrike funksie vervul in die individu se ontwikkeling en welsyn

Die ontwikkeling van die tweede tema, naamlik intuïsie, beteken vir Myss (1996) dat die kind begin om energie-data te gebruik en sodoende in staat word om besluite op die ingewing van die oomblik te neem. Hierdie energie-data is die emosionele, sielkundige en spirituele komponente van ‘n gegewe situasie. Intuïsie en die

onafhanklikheid, wat reeds in die derde chakra ontwikkel het, gee die individu die kapasiteit om risiko's te neem en om hierdie risiko's op gevoel uit te voer. Om op intuïsie te kan staatmaak, is dit dus belangrik dat die individu reeds in die derde chakra 'n positiewe selfbeeld ontwikkel.

Soos wat die individu ontwikkel, so word hy/sy meer en meer van hom/haarself bewus, en volgens Judith (1996) stel dit die individu in staat om dieper in mense en situasies rondom hom/haar te kyk. Die visie wat hierdeur onstaan, maak gebruik van verbeelding om iets te skep wat nog nie voorheen bestaan het nie: 'n wêreldsieling of 'n persoonlike gebaar. Die individu se visie is egter nie noodwendig 'n absolute nie, maar kan voortdurend verander. Dit kan hom bevry van die verlede en voorberei vir 'n toekoms. 'n Persoon se visie maak dus die verskil tussen die verlede en die toekoms. Judith postuleer ook dat die individu in nuwe en kreatiewe maniere moet begin dink om sodoende visie, verbeelding en insig te verkry

4.3.7 Chakra 7 (18 jaar+)

Primêre Tema: Universaliteit

As mense ervaar ons die wêreld op twee maniere. Eerstens deur middel van ons vyf sintuie en tweedens ervaar die individu die wêreld intuïtief deur die hart (Sherwood, 2000). In laasgenoemde geval word die heelal ervaar as 'n ondeelbare, dinamiese geheel. Dit is 'n geheel wat bestaan uit vele dimensies wat mekaar interpreer; wat nie onderhewig is aan chronologiese tyd nie; en wat slegs gedefinieer kan word binne die konteks van konstante verskuiwinge wat in verhouding tot mekaar staan.

Judith (1996) postuleer dat die individu 'n universele identiteit tydens die ontwikkeling van die sewende chakra vorm. Wanneer die individu die magiese omvang van die kosmos besef, het die individu die geleentheid om sy/haar klein en beperkte wêreld te transendeer en sodoende met die heelal te identifiseer.

Sekondêre temas:

Spirituele konneksie

Die sewende chakra is, volgens Myss (1996), die verbintenis met die spirituele natuur en dit laat spiritualiteit toe om ‘n integrale deel van die fisiese lewe te word. Sy sê dat die energiesisteem as ‘n geheel lewendig gehou word deur die gees en dat die doel van die sewende chakra daarop gerig is om ‘n intieme verhouding met goddelikheid te verkry. Die sewende chakra verteenwoordig dus die individu se verbintenis met die transendentale dimensie van lewe. Dit is asof die energie van die sewende chakra die individu motiveer om ‘n intieme verbintenis met goddelikheid te hê in alles wat die individu doen.

In verband hiermee is dit egter belangrik om te onderskei tussen die spirituele behoefté vir ‘n verbintenis aan goddelikheid en die behoefté om aan ‘n geloof verbind te wees. Geloof is ‘n groepservaring en gegrond in die energie van die eerste chakra (Myss, 1996). Spiritualiteit, daarenteen, is ‘n individuele ervaring wat vrees van die fisiese wêreld vergemaklik en ‘n verhouding met goddelikheid nastreef.

Sherwood (2000) skryf die volgende oor die spirituele konneksie en dus die spirituele liggaam van die individu. Die spirituele (of onsterlike) deel van die mens beweeg verby die sfeer van persoonlikheid. Die spirituele deel van die mens word is in die heelal gevestig en ontvang versorging direk vanaf die universele veld. Die aanvaarding van eenheid met die universele veld is voordelig vir die individu se psigo-spirituele integrasie. Omdat eenheid die primodale toestand van die heelal is, bly dit en alles wat daarin bestaan, ‘n manifestasie van die geheel. Die individu sal dus nie onafhanklik van die geheel kan ontwikkel nie.

Intelligensie

Die sewende chakra kan ook as ‘n kognitiewe struktuur gedefinieer word. Judith (1996) beweer dat die aktiwiteit van leer die hoofaktiwiteit van die sewende chakra is. Sy meen dat ‘n persoon reg deur sy/haar lewe na kennis sal soek as die persoon se sewende chakra gesond is. Deur te leer verbreed die individu sy/haar horisonne, bemeester verhoudings met objekte en persone, en groei tot insig en wysheid.

Wysheid, volgens Vaughan (1995), is die eienskap wat ‘n individu in staat stel om die natuur van illusie en dualiteit deur middel van innerlike visie te verstaan. Die inherente wysheid van die psige kan geredelik as ‘n innerlike mentor beskikbaar word. Waar sommige meesters in die Oosterse dissiplines intellektuele ontwikkeling as ‘n hindernis vir progressie op die spirituele pad beskou, beweer Vaughan egter dat intellektualisering as ‘n hulpmiddel vir self-transendering kan dien. Hy staaf sy stelling deur te redeneer dat helder denke en ‘n uitdaging van die aannames, rakende die verstand, bruikbaar kan wees in die voorbereiding tot selfkennis.

Om die verstand te oefen (op te voed) is ook ‘n integrale deel van leer en kognitiewe ontwikkeling. Verskillende tradisies stel verskillende vorms van oefening voor, soos byvoorbeeld konsentrasie, insig, willekeurige bewustheid en kontemplasie. In die Weste se sielkundige praktyke word meditasie gewoonlik as kontemplasie of gebed afgemaak, terwyl die komponent van selfgenesing en die ontwikkeling van die verstand soms ontken word.

4.4 Primêre temas in die lewensgeskiedenisvraelys

In die volgende deel sal die primêre temas, wat uit die lewensgeskiedenisvraelys verkry is, binne die konteks van die betrokke literatuur bespreek word.

4.4.1 Fase 1: Baarmoeder tot 12 maande

Primêre Tema: Oorlewing

Die primêre tema, *oorlewing*, kom in respondent se geskiedenis voor vanaf die baarmoeder tot en met 12 maande. Incidente wat die tema van oorlewing staaf, is ‘n laat geboorte, geboorte met die naelstring om die nek en borsvoeding tot op 10 maande.

Hoewel elke fetus met sy/haar individuele verskille ontwikkel, verwys Craig (1996) na ‘n algemene patroon in die proses van prenatale ontwikkeling. Ontwikkeling vind gewoonlik vanaf die bokant van die liggaam na die onderkant van die liggaam plaas. Gelyktydig hiermee ontwikkel die liggaam vanaf die middel in ‘n uitwaartse rigting. Daarna reageer die fetus met die hele liggaam op ‘n stimulus: dus ‘n spesifieke tot algemene ontwikkelingspatroon. Die finale, algemene ontwikkelingsproses tydens prenatale ontwikkeling is differensiasie en integrasie. Volgens Craig verwys dit na die differensiasie van selle in die liggaam en die integrasie van organe/sisteme.

Craig (1996) meen dat die baba tydens die eerste maand van sy/haar leeftyd begin aanpas nadat die veilige en beskermende baarmoeder verlaat is. Hiermee neem die baba die uitdaging van die buitewêreld aan. Die eerste maand behels dus ‘n proses van herstelling na die geboorteproses. Belangrike funksies soos respirasie, sirkulasie, vertering en regulasie van liggaamstemperatuur vind ook tydens die eerste maand van die baba se leeftyd plaas. Dit is ook ‘n tyd waartydens die baba ‘n balans tussen oorstimulasie en onderstimulasie begin ontwikkel.

Binne die eerste vier maande na geboorte verdubbel die baba se gewig byna en vind ‘n groei van ongeveer 10 sentimeter in lengte plaas. Die oë begin te fokus en die baba begin te babbel. Rochat (1989) sê dat die meeste babas teen die vyfde maand begin om ‘n gerigte, visuele uitreiking te ontwikkel. Tussen die ouderdom van vyf tot agt maande word fyn motoriese vaardighede en liggaamlike beweeglikheid

sigbaar. Vanaf die negende tot twaalfde maande verkry die kind die vermoë om op nuwe vlakke en met nuwe tegnieke te eksperimenteer. Volgens Bushnell & Boudreau (1993) word beide die kognitiewe en perseptuele ontwikkeling van die baba deur hierdie groeiproses bevorder.

Die navorser beweer dat die bekwaamheid waarmee die baba in staat is om die algemene patroon van fisiese ontwikkeling tegemoet te kom, die mate van oorlewing kan bepaal. Dit wil voorkom asof die fisiese ontwikkeling in die eerste vier maande ‘n bedreiging is vir die oorlewing van die baba. Vanaf die vyfde maand lyk dit asof fisiese ontwikkeling die baba se toekomstige lewenskwaliteit kan beïnvloed

4.4.2 Fase 2: 12 maande tot 2 jaar

Primêre Tema: Verbintenis

Belangrike sekondêre temas soos familie herinneringe, skeiding, sosiale bereiking, vertroue wat vanuit die lewensgeskiedenisvraelys verkry is, is deur die navorser saamgevat in die primêre tema *verbintenis*.

Mash & Wolfe (1999) beskryf verbintenis as die proses van vorming en behoud van ‘n emosionele band met ouers en ander primêre versorgers tussen die ouderdom van 6 tot 12 maande. Hierdie proses voorsien babas van ‘n konstante en veilige basis waarvandaan hulle kan eksploreer en hul wêreld verken. Die groeiende verhouding tussen baba en versorger help die baba om sy/haar gedrag en emosies te reguleer, veral tydens spanningsvolle omstandighede. Hierteenoor speel goeie binding ‘n belangrike rol in die afname van spanning. Die baba vorm ‘n balans tussen die behoefte om die bekende te behou en om terselfdetyd onbekende informasie te eksploreer. Wanneer die bindingsfiguur ‘n veilige basis vir eksplorasie voorsien, leer die baba om op die self staat te maak. Hierdie eerste verhouding tussen die baba en die versorger kan bepalend wees vir wat die individu van toekomstige verhoudings sal verwag en hoe hy/sy later by verhoudings betrokke sal raak. Onveilige binding kan, volgens Mash & Wolfe, tot wanaangepaste gedrag soos angssteurings en depressie lei.

4.4.3 Fase 3: 2-4jaar

Primêre Tema: Uitreiking

Die navorser het op die primêre tema, *uitreiking*, vir fase drie besluit. Die sekondêre temas (waarna in Addendum 8 verwys word) is verkry vanuit die ontwikkelingstadia in die lewensgeskiedenisvraelys vir die ouderdomsgroep tussen 2 tot 4 jaar en sien as volg daaruit: *verken die omgewing, sibbe interaksie, fisiese bewustheid en diverse ervaringe*.

Volgens Wenar & Kerig (1993) duur die behoefte om te eksplloreer voort in die kleuterperiode. Die kind se beweeglikheid open vir hom/haar 'n nuwe wêrelد om te eksplloreer en te bemeester. Soos wat kleuters eksplloreer, so ontwikkel hulle die konsep van die self-as-agent en as hulle eksplorasies suksesvol is, ontwikkel hulle selfvertroue en selftrots. Dit blyk dus dat dinge soos inisiatief, outonomie en onafhanklikheid tydens hierdie ontwikkelingsjare (2-4 jaar) na vore kom.

Die self-as-agent en uitreiking/uitbreiding is dus die kern van hierdie ontwikkelingsfase. Die kleuter leer dat gebare en woorde gebruik kan word om te kommunikeer en ook aangewend kan word om na ander uit te reik. Woorde en taal begin nou 'n rol te speel met betrekking tot selfbeheersing en kognisie. Wenar & Kerig (1993) sê dat uitreiking die volgende belangrike gevolge vir die self inhoud:

1. Die kind vind uit waartoe hy/sy in staat is en dit speel 'n sentrale rol in self-definiëring.
2. Kinders wat suksesvol in hul uitreiking is, verkry 'n gevoel van trotsheid en selfvertroue.

4.4.4 Fase 4: 4-7 jaar

Primêre tema: Bewustheid

Die kinderjare is 'n besondere tydperk vir die ontwikkeling van die kind se self-beeld en kinders ontwikkel nou 'n bewustheid van sommige van hul persoonlike eienskappe, soos byvoorbeeld hulle ouderdom en geslag. Allport en Erikson (in

Louw & Edwards, 1993) meen dat kinders tydens hierdie stadium begin om hulself en hulle eienskappe te evalueer, en gevolglik gevoelens soos trots en skaamte begin belewe. Erikson (in Louw & Edwards, 1993) meen ook dat kinders nou die inisiatief neem in spel, sosiale verhoudings en die verkenning van hul omgewing.

Volgens Louw & Edwards (1993) kan die volgende faktore ook ‘n invloed op die kind se ontwikkelende selfbeeld hê:

1. Sukses in die aanpak en uitvoer van vaardighede.
2. Ouers en die opvoedingspatrone wat hulle toepas.
3. Die wyse waarop die kind behandel word deur onderwysers, ander volwassenes en ander kinders in hulle eie ouderdomsgroep.
4. Selfmotivering - dit wil sê positiewe gedagtes in reaksie op probleme en teleurstellings.

Fantasie is ‘n ander faktor wat in die spel van kinders in hierdie ouderdomsgroep waargeneem word. Een van die gewilde speletjies op hierdie ouderdom is dramatiese spel en modellering (Craig, 1996). Die kind neem byvoorbeeld verskillende rolle aan deur middel van fantasie en verbeelding. Verder hou die kind hom/haarself besig met speletjies soos byvoorbeeld huis-huis, die nabootsing van ‘n ouer wat werk toe gaan, of die kind gee voor dat hy/sy ‘n ruimtevaarder, onderwyser(es), of iets dergeliks is. Craig (1996) noem hierdie speletjies, wat die nabootsing van gedragspatrone en fantasie insluit, sosio-dramatiese spel. Dit help kinders om verskillende sosiale verhoudings, sosiale reëls en ander aspekte van kultuur aan te leer deur middel van nabootsing en fantasie-belaande spel.

Die navorsers kom dus tot die slotsom dat die kind tydens hierdie stadium ‘n bewustheid van persoonlike eienskappe en die omgewing vorm en dat konsepte soos selfbeeld en sosiale verhoudings van belang is.

4.4.5 Fase 5: 7-12 jaar

Primêre tema: Selfontwikkeling

Soos wat kinders ouer word, vorm hul 'n meer akkurate en komplekse geheelbeeld van die fisiese-, intellektuele- en persoonlikheidskaraktertrekke van hulself en van ander. Die selfbeeld wat vroeër ontwikkel is, voorsien in Fase 7 'n filter waardeur kinders hul eie en ander se sosiale gedrag evaluateer (Harter, 1982). Craig (1996) postuleer dat die ontwikkeling van die selfbeeld 'n sirkulêre proses is. Kinders het die neiging om goed te presteer indien hulle vertroue in hul eie vermoëns het. Die sukses wat hul bereik lei weer tot 'n versterking van die selfbeeld. Kinders se selfvertroue, sowel as hul verhoudings met hulle eie ouderdomsgroep en met hul ouers kan verder ook 'n impak op persoonlikheidontwikkeling hê.

Die sekondêre temas in die lewensgeskiedenisvraelys wat met die primêre tema, *selfontwikkeling* verband hou, is onder andere *sosiale aktiwiteite*, *aanvaarding* en *aanpassing* en sal vervolgens bespreek word.

Volgens Craig (1996) moet die kind in die middel kinderjare, ter wille van sosiale kennis, met die volgende konsepte kontak maak. Hulle moet leer om outoriteit en subtiese boodskappe in vriendskappe te lees en hulle moet bewus word van teenstrydige geslagsrolle, sosiale reëls en regulasies. Die kind doen bogenoemde deur middel van direkte sosialisering wat observasie, nabootsing van rolmodelle, erkenning van gewenste gedrag en straf vir ongewenste gedrag insluit. Aangesien kinders dus van die sosiale wêreld leer deur 'n proses van sosiale kognisie help sosiale kennis hulle om die gepaste gedrag en houdings aan te leer.

Die kind se begrip van die sosiale wêreld verander tydens hierdie proses. Craig (1996) sê dat begrip van die sosiale wêreld, asook gedagtes en kennis, die definisie van sosiale kognisie is. Hy redeneer verder dat sosiale kognisie aan vriendskap en die ontwikkeling van morele diskresie gekoppel is. Hierdie stadium van die kind se lewe het dus te make met selfontwikkeling, wat onder andere selfbeeld en sosiale kennis insluit.

4.4.6 Fase 6: 12-18 jaar

Primêre tema: Aanvaarding

Die tydperk tussen die ouderdom van 12- tot 18 jaar staan bekend as adolessensie (Bee, 1996). Die primêre tema vir hierdie ouderdomsgroep, soos verkry vanuit die lewensgeskiedenisvraelys, is *aanvaarding* en die sekondêre temas wat hierby aansluit, is *onafhanklikheid*, *godsdiens* en weereens *aanvaarding* (Sien Addendum 8).

Erikson (in Schlein, 1987) meen dat die vinnig-groeienteende jeug nou primêr gemoeid is met hulle psigososiale identiteit, wat hand aan hand gaan met aanvaarding. Die adolescent eksperimenteer dus tydens hierdie stadium met sy/haar selfdefinisie in ‘n sosiale omgewing. Die proses van verlief raak, kan volgens Erikson byvoorbeeld ‘n poging wees om ‘n selfdefinisie te verkry. Sodoende word die self opnuut as ‘n geïdealiseerde en erotiese ander gereflekteer.

Erikson (in Schlein, 1987) redeneer verder dat adolescente mekaar tydelik in hul onsekerheid uithelp deur groepe en stereotipes te vorm. Die adolescent bepaal nou wie sy/haar gunstelinge of vyande is. Gedurende hierdie proses kan hulle selfs gemeen raak in hul uitsluiting van diegene wat “anders” is.

‘n Verdere aspek van adolessensie is die kwessie van ego-identiteit. Dit word aanvaar dat die ego-identiteit gevestig is wanneer die individu vir ander persone belangrik is en aanvaar word deur persone wat vir die individu van belang is. Dit sou egter verkeerd wees om identiteitsverwarring as ‘n negatiewe resultaat af te maak. Erikson (in Hamachek, 1988) redeneer dat identiteitsverwarring individue kan help om hul selfpersepsies op te skerp en aanpassings te maak in die lig van veranderde lewensomstandighede. Tydens hierdie ontwikkeling van die selfbeeld het die adolescent die behoefte om eie besluite te neem en om, meer as van tevore, onafhanklik te funksioneer.

‘n Adolescent se sin vir sy/haar identiteit gaan volgens Erikson (in Hamachek, 1988) dan ook gepaard met ‘n sin vir onafhanklikheid. Die adolescent met ‘n sin vir sy/haar identiteit glo ook dat hy/sy verantwoordelik is vir wat met hom/haar gebeur, of dit nou goed of sleg is.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dus dat identiteitsvorming tydens adolessensie primêr gekoppel is aan aanvaarding en onafhanklikheid. Marcia (in Bee, 1996) se bewering dat die adolescent verskeie identiteite moet verkry, soos byvoorbeeld ‘n beroepsidentiteit, ‘n geslagsidentiteit, ‘n politiese identiteit en ‘n godsdienstige identiteit, sluit by bogenoemde idee aan.

4.4.7 Fase 7: 18 jaar +

Primêre tema: Universaliteit

Hierdie ouerdomstydperk hou verband met volwassenheid. Bee (1996) meen byvoorbeeld dat die individu op die ouerdom van 18 jaar begin om die verantwoordelikhede van volwassenheid aan te neem. Sy deel volwassenheid op in drie stadiumse: jong volwassenheid (18 tot 40 jaar), middel volwassenheid (40-65 jaar) en bejaardheid (die oorblywende lewensjare).

In die lewensgeskiedenisvraelys is daar van respondentे verwag om ervaringe vanaf 18 jaar en ouer aan te haal. Volgens die data wat verkry is, figureer veral kennis en spiritualiteit nou in die volwassene se lewe. Vanuit die lewensgeskiedenisvraelys het dit ook duidelik geword dat individue sekondêre temas soos ‘*n belangstelling in die toekoms* en *die self in die wêrelد* tydens hierdie fase kontempleer en internaliseer.

Om die konsep van die primêre tema, *universaliteit*, vir die leser meer verstaanbaar te maak, het die navorsers dit goed gedink om eerder die sekondêre temas te bespreek.

Sekondêre temas:

Toekoms en die self in die wêreld

Die belang van die twee sekondêre temas van Fase 7 kan onder andere as volg beskryf word. Die volwassene vorm gedurende volwassenheid nuwe, sterk verbintenis met ‘n eggenoot/lewensmaat; behou of ontwikkel die verbintenis met die ouers verder; en vorm ‘n verbintenis met sy/haar kinders sodra daar tydens hierdie stadium met ‘n gesin begin word. Die *toekoms en die self in die wêreld* kan veral nou prominente kwessies vir die volwassene word.

Kennis

Kramer & Riegel (in Louw & Edwards, 1993) koppel die naam *post-formele denke* aan kognitiewe ontwikkeling tydens volwassenheid. Post-formele denke ontwikkel namate lewenservaring toeneem en is daarom geneig om tydens volwassenheid toe te neem.

Volgens Louw en Edwards (1993) sluit die eienskappe van post-formele denke onder ander die volgende in:

1. Die vermoë om meer objektief na sake te kyk.
2. Die vermoë om verskillende perspektiewe op ‘n vraag te verskaf.
3. Die vermoë om verder as teenstrydige perspektiewe te beweeg ten einde ‘n sintese te vind wat hierdie perspektiewe integreer.

‘n Ander aspek van post-formele denke is die vermoë om kennis, wat opgegaar is, nie op ‘n meganiese wyse aan te wend, of in detail vas te vang nie, maar om eerder ‘n geheelbeeld van sake te vorm. Hierdie vermoë staan met volle ontplooiing bekend as wysheid. Craig (1996) sê dat die mekanismes van die geheue in jong volwassenes sterker is as in ouer volwassenes, maar dat die omgekeerde waar is betreffende wysheid. Sy definisie van wysheid kan as volg verwoord word: ‘n vaardige kennissisteem wat fokus op die pragmatiek van die lewe en wat goeie oordeel en advies ten opsigte van kritieke lewenskwessies kan lewer.

Spiritualiteit

Spiritualiteit behels volgens Wilber (1999) die hoogste vlak van enige ontwikkelingstadium. Hy lê sy definisie van spiritualiteit as volg uit:

Spirituality basically means the transpersonal, transrational, post-postconventional levels of any of the developmental lines, such as our highest cognitive capacities (e.g. transrational intuition), our most developed affects (e.g. transpersonal love), our highest moral aspirations (transcendental compassion for all sentient beings), our most evolved self (the transpersonal self or supra-individual witness), and so on (Wilber, 1999, p. 6).

Grof (1985) sluit aan by die idees van Wilber (1999) deur te beweer dat spiritualiteit ‘n intrinsieke eienskap van die psige is. Hierdie eienskap onstaan spontaan sodra die proses van self-eksplorasie ‘n voldoende diepte bereik het. Hy sê verder dat Westerse skole van psigoterapie, behalwe miskien psigosintese en Jungiaanse sielkunde, spiritualiteit nie as ‘n opregte en geloofwaardige fors van die psige erken nie.

Abraham Maslow (in Grof & Grof, 1991) maak melding van mistiese ervaringe wat onder andere ‘n ervaring van eenheid met ander mense, die natuur, die heelal en God insluit. Hy verwys daarna as ‘n hoogtepunt in menslike ervarings. As hierdie ervaringe toegelaat word om natuurlik te ontwikkel, lei dit tot *self-aktualisering*. Indien die volwassene dus spiritualiteit beleef, sou dit kon lei tot self-aktualisering of self-verwesenliking.

4.5 Vergelyking van temas vanuit die chakra-indeks met Erikson se teorie

Die navorser bespreek Erik Erikson se ontwikkelingsteorie in Hoofstuk 4 nie in detail nie, maar maak gebruik van die teorie en literatuur wat reeds in Hoofstuk 2 ingesluit is.

Tabel 3:’n Vergelyking van die temas vanuit die chakra-indeks met Erikson se teorie.

Erikson se temas							
0-1 jaar	2-3 jaar	4-5 jaar	6-12 jaar	13 - 18 jaar	19-25 jaar	25-65 jaar	65 jaar+
Basiese vertroue vs. wan-troue	Outono-mie vs. skaamte en twyfeling	Inisiatief vs. skuld	Arbeid-saamheid vs. minder waardig-heid	Identiteit vs. rolover-warring	Intimiteit vs. isolasie	Voort-planting vs. Selfabsorp-sie en skuld	Ego-integriteit vs. wanhoop
Chakras en temas							
1	2	3	4	5	6	7	
Baarmoeder - 12 maande	12 mnde-2 jaar	2-4 jaar	4-7 jaar	7-12 jaar	12-18 jaar	18 jaar +	
Fisiese identiteit	Emo-sies	Selfont-wikkeling	Sosiale identiteit	Self-uitdrukking	Toestande van bewustheid	Universaliteit	

In die bespreking wat volg, sal daar hoofsaaklik gefokus word op die vergelyking tussen die ontwikkelingstadia van die chakras en Erikson se agt ontwikkelingstadia, wat in Tabel 3 uiteengesit is. Daarom verwys die navorsing na aanhalings uit vorige hoofstukke/paragrawe en integreer dit ook in die opvolgende bespreking. Erikson se ontwikkelingstadia sal dien as die basis kategorie waarin die vergelyking met die primêre en sekondêre temas wat uit die chakra-indeks verkry is, sal plaasvind.

4.6 Erikson se agt ontwikkelingstadia:

4.6.1 Stadium 1 (0-1 jaar)

In bogenoemde tabel is dit duidelik dat Erikson die kwessie van hierdie ouerdomtydperk definieer as een van *vertroue versus wantroue*. Judith (1996) som die eerste ontwikkelingstadium van Erikson op deur te sê dat dit die fondasie van sekuriteit en stabiliteit bou. Sekuriteit en stabiliteit maak self-behoud moontlik en vorm die fisiese identiteit. Newman & Newman (1975) skryf dat ‘n baba nou ‘n vertroue ontwikkel dat daar in sy/haar behoeftes voorsien sal word. Hierdie vertroue ontwikkel deur interaksies met familielede. Wantroue mag egter ontstaan wanneer die versorger nie tussen die baba se behoeftes kan onderskei nie.

Erikson (in Hall, 1985) beweer dat die versorger/moeder tydens hierdie stadium ‘n innerlike sekerheid en ‘n uiterlike voorspelbaarheid vir die baba word. Die baba oorweeg dus sosiale uitreiking buite die sig van die versorger/moeder. Zimberoff en Hartman (2000) sê dat die baba en die versorger ‘n wederkerige verhouding ontwikkel, waartydens onder andere emosionele binding plaasvind en die baba leer om volwassenes te vertrou.

Soos reeds genoem, is die primêre tema van die eerste chakra die vorming van ‘n fisiese identiteit. Dit beteken die vorming van ‘n fisiese liggaam. Die kind leer nou sy/haar eie liggaam ken en ook die funksies daarvan. Die eerste stap na onafhanklikheid vind plaas sodra die kind leer om die liggaam se motoriese funksies te bemeester. Judith (1996) sê dat die basiese taak van die eerste chakra daarin lê om die chakra-sisteem te stabiliseer (vergelyk Hoofstuk 4, p.3). Verwaarlozing en verwerping kan die stabiliseringsproses egter kniehalter en die onstabilitet in die baba se ontwikkeling kan lei tot wantroue in ander mense.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat Erikson se eerste ontwikkelingstadium ooreenstem met die ontwikkeling van die eerste chakra. Beide stadiums verwys na die ontwikkeling van fisiese identiteit en na die vertrouensverhouding wat die baba ontwikkel.

Die primêre tema van Chakra 2 is *emosies*, met twee sekondêre temas, naamlik *emosionele betrokkenheid* en *beweging*. Met betrekking tot emosionele betrokkenheid, ontwikkel die kind gevoelens en sensasies wat hom/haar by verhoudings betrokke laat word. Myss (1996) verwys dan ook na Chakra 2 as die verhoudings-chakra en verwerping in hierdie stadium sou ook komplikasies in die vertrouensverhouding impliseer.

Brennan (1988) maak melding van ‘n skeidingsproses tydens die ontwikkeling van Chakra 2. Die baba begin stelselmatig sy omgewing eksplorere en skei met tye van die primêre versorger. Die baba ondergaan dus kort ervaringe van onafhanklikheid. Aangesien die baba nog nie taal ontwikkel het nie, kommunikeer die baba deur middel van emosies en hoop dat die versorger tussen sy/haar behoeftes kan onderskei.

Soos in die geval van die eerste chakra kan die aanname dus gemaak word dat Erikson se eerste ontwikkelingstadium ook met die ontwikkeling van Chakra 2 ooreenstem. Beide Chakra 2 en Erikson se Stadium 1 verwys na emosionele binding, vertroue versus wantroue, en uitreiking/beweging.

4.6.2 Stadium 2 (2-3 jaar)

Die ouderdomstydperk tussen 2 en 3 jaar word as die kleutertydperk beskou. Die tema vir hierdie stadium is deur Erikson geïdentifiseer as *outonomie versus skaamte en twyfeling*. Judith (1996) noem dat bogenoemde lewenskrisis, wat bestaan uit die gesonde oplossing van outonomie versus skaamte en twyfeling, veroorsaak dat mag en wilskrag na vore kom. Hall (1985) ondersteun Erikson se kategorisering deurdat hy konsepte soos onafhanklikheid, die aanleer van selfvertroue, behoefte aan vrye keuses, asook selfbeheersing aan die kleuterjare te koppel.

Selfontwikkeling is die primêre tema wat vanuit die chakra-indeks vir Chakra 3 verkry is. Soos in Hoofstuk 2 bespreek is, meen Judith (1996) dat ‘n belangrike doelwit vir hierdie ontwikkelingstadium die bereiking van outonomie en wilskrag is

wat met die wil van ander gebalanceerd is. Sy sê verder dat die kind nou die behoefté het om self te skep, die self te definieer en sy/haar behoeftes te bepaal. Daarenteen plaas Myss (1996) die klem op ‘n begrip van die self en selfaanvaarding as die uitdaging van die ontwikkeling van Chakra 3.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat die konsepte van Erikson se tweede ontwikkelingstadium ooreenstem met die ontwikkeling van die derde chakra, aangesien beide ontwikkelingstadia te make het met die vorming van ‘n persoonlike ego-identiteit wat spesifiek op self-definiëring fokus.

4.6.3 Stadium 3 (4-5 jaar)

Erikson identifiseer die tema van Stadium 3 in terme van *inisiatief versus skuld*. Soos vroeër vermeld, beweer Allport en Erikson (in Louw & Edwards, 1993) dat kinders tydens hierdie stadium begin om hulle persoonlike eienskappe en hulself te evalueer, en dat gevoelens soos trots en skaamte gevvolglik belewe word. Kinders van hierdie ouderdom neem inisiatief in spel, sosiale verhoudings en in die verkenning van die omgewing. Die oplossing van die lewenskrisis, inisiatief versus skuld, lei tot standvastigheid en het te make met doelgerigtheid. Selfbeeld, sosiale verhoudings en sosiale reëls blyk ook prominente ontwikkelinge tydens hierdie stadium te wees.

Die primêre tema vir Chakra 4, wat vanuit die chakra-indeks vir bogenoemde ouderdomsgroep geïdentifiseer is, is *sosiale identiteit*. Judith (1996) sê dat die outonomie wat reeds in die derde chakra ontwikkel, die fondasie vir verhoudings met ander lê. Die kind internaliseer familie-verhoudings en begin om verhoudings met kinders van dieselfde ouderdom aan te knoop. Omdat die aard van hierdie verhoudings die kind se selfbeeld tot ‘n groot mate affekteer, kan verwerping en verlies skadelik wees vir die kind. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat die kern van die ontwikkeling in Chakra 4 te make het met die vorming van sosiale verhoudings. Judith redeneer ook dat die suksesvolle vorming van ‘n gesonde sosiale identiteit, afhanklik is van selfaanvaarding.

Dit blyk dus dat die prominente ooreenstemming tussen Erikson se derde stadium en Chakra 4 in die vorming van sosiale verhoudings lê.

4.6.4 Stadium 4 (6-12 jaar)

Erikson (in Bee, 1996) noem die tema van Stadium 4 *arbeidsaamheid versus minderwaardigheid*. In hierdie stadium lei die neem van besluite tot ‘n gevoel van bevoegdheid. Volgens Erikson se beskrywing van hierdie stadium is dit ‘n periode van uitbreiding, eksperimentering en kreatiwiteit.

Judith (1996) postuleer dat die ontwikkeling van Chakra 5 te make het met die vorming van ‘n kreatiewe identiteit waarvan self-uitdrukking ‘n belangrike aspek is. Die primêre tema, wat in die chakra-indeks geïdentifiseer is tydens die ontwikkeling van Chakra 5, is self-uitdrukking. Twee sekondêre temas, kommunikasie en kreatiwiteit, verskaf meer detail van hierdie proses. Judith redeneer dat die kind nou ‘n seker idee van die self sal hê, indien vorige stadiums van chakra-ontwikkeling suksesvol afgehandel is. Daar ontstaan ‘n behoefte om energie na kreatiwiteit te geleei en sodoende iets aan die wêreld terug te gee. Die vermoë om hierdie offer te maak en erkenning daarvoor te ontvang, is belangrik vir die behoud van die kind se ego-sterkte.

Om saam te vat kan gesê word dat beide ontwikkelingstadia, dit wil sê Stadium 4 en Chakra 5, verwys na wat die kind verkry deur na ander (deur middel van kommunikasie of kreatiwiteit) uit te reik en erkenning daarvoor te kry.

4.6.5 Stadium 5 (13-18 jaar)

Erikson (1968) verwys na hierdie stadium as *identiteit versus roloverwarring*. Dit blyk dat hierdie fase van ‘n individu se lewe gefokus is op identiteitstatus. Navorsing het reeds bewys dat bevredigende interpersoonlike verhoudings, morele ontwikkeling en akademiese sukses geassosieer word met die ontwikkeling en verkryging van ‘n identiteitstatus. Adolesensie en identiteit gaan veral gepaard met moontlike veranderinge in die individu. Erikson verduidelik dat die adolescent dit

nou oorweeg om ‘n eie/persoonlike identiteit te vorm en nie’n identiteit te behou wat vir sosiale aanpassings-doeleindes gebruik word nie.

Ten slotte is dit belangrik om te noem dat Erikson (1968) ‘n onbewuste proses van identiteitsvorming in sy teorie insluit. Die onbewuste proses kan tweeledig verstaan word. Eerstens is identiteitsvorming ‘n sielkundige proses wat sosiale prosesse reflekter. Tweedens kan identiteitsvorming vanuit ‘n sosiale perspektief gesien word as ‘n sosiale proses wat sielkundige prosesse reflekter.

Dit wil voorkom asof die teorie, wat gekoppel is aan die primêre en sekondêre temas tydens die ontwikkeling van Chakra 6, ooreenstem met die temas van Erikson se vyfde ontwikkelingstadia. Tydens die ontwikkeling van Chakra 6 ontstaan daar byvoorbeeld ‘n her-evaluering en moontlike veranderinge aangaande die kind se voorstelling en presentering van die self. Hierdie stelling stem ooreen met Erikson se omskrywing van die vorming van identiteitstatus in die voorafgaande bespreking.

Soos vroeër in Hoofstuk 4 bespreek is, identifiseer Vaughan (1995) en De Quency (2000) bewuste en onbewuste prosesse vir die ontwikkeling van Chakra 6 tydens adolessensie. Beide hierdie prosesse kan ‘n invloed hê op die individu se ontwikkeling en welsyn (emosioneel, sowel as geestelik). Drome, as uitdrukkings van die onbewuste, kan byvoorbeeld die aandag vestig op onbewuste faktore wat nodig is vir emosionele en geestelike gesondheid. In die bespreking van Erikson se ontwikkelingstadia hier bo, is getoon dat hy sielkundige en sosiologiese prosesse koppel aan die invloed wat die onbewuste op identiteitsvorming het. Dit is dus duidelik dat beide Erikson en die chakra-sisteem na bewuste en onbewuste prosesse verwys wat by identiteitsvorming betrokke is.

Tydens bespreking van Chakra 6 se temas het dit duidelik geword dat intuïsie en visie twee verdere faktore is wat die individu tydens adolessensie toelaat om hom/haarself beter te leer ken. Visie en intuïsie (as onbewuste prosesse) sluit dus aan by die bewuste ontwikkeling van die adolescent se identiteit.

In haar bespreking van die ontwikkeling van die sesde chakra, maak Judith (1996) ook melding van die moontlikheid dat die adolessent, deur middel van musiek, lirieke, gewilde televisie-sterre en modes, ‘n belangstelling in spirituele kwessies, mitologie of simboliek kan ontwikkel. Wanneer ‘n belangstelling in die spirituele toegelaat word om te ontwikkel, lei dit volgens Judith na die vorming van ‘n argetipiese identiteit wat self-refleksie as ‘n belangstelling het. Bogenoemde stem ooreen met die konflik wat Erikson geïdentifiseerde het by die kwessie van identiteit versus roloverwarring (tydens adolessensie), asook by die her-evaluasie van die self (waarna reeds verwys is tydens die bespreking van Chakra 6 se ontwikkeling).

Wanneer Stadium 5 en Chakra 6 dus met mekaar vergelyk word, vind die navorser sekere ooreenkoms. Vir beide ontwikkelingsprosesse is identiteit in die algemeen ‘n sleutelwoord, terwyl beide stadia in die besonder fokus op prosesse wat te make het met die vorming van identiteit.

4.6.6 Stadium 6 (19-25 jaar)

Die data wat vanuit Erikson se stadia en die chakra-indeks verkry is, toon ‘n ooreenstemming tussen al die temas van Stadia 6 - 8 en dié van Chakra 7. Die navorser het dit dus goed gedink om hierdie oorblywende stadia van Erikson eers apart te bespreek alvorens dit met Chakra 7 vergelyk word.

Erikson (1968) verwys na die sesde ontwikkelingstadium as jong volwassenheid en assosieer dit met *intimitet versus isolasie*. Volgens hom hou intimitet verband met verbintenis en opoffering in ‘n verhouding tussen mense. Die skeiding-binding spanning van die individu sou tydens die oplossing van hierdie lewenskrisis ter sprake kom. Soos reeds genoem, meen sommige kritici dat Erikson die vroulike geslag nie in aanmerking neem by sy uiteensetting rakende die oplossing van hierdie lewenskrisis nie. Hodgson en Fischer (1979) maak egter melding van geslagsverskille ten opsigte van die definiëring van intimitet en meen dat intimitet meer by vroue as by mans voorkom en dat die bereiking van intimitet in mans meer met identiteit geassosieer word as by vroue.

Die tema *eenheid* in die chakra-indeks (sien Addendum 11) stem ooreen met *intimititeit versus isolasie* (in Stadium 6). Die navorser sal later, by die bespreking van Chakra 7, na die kontakpunte verwys wat tussen die ontwikkelings van Stadium 6 en Chakra 7 bestaan.

4.6.7 Stadium 7 (25-65 jaar)

Erikson (1982) omskryf hierdie stadium as ‘n stadium van volwassenheid wat te make het met voortplanting versus selfbeheptheid en stagnasie. Tydens hierdie stadium van ontwikkeling toon die individu besorgdheid teenoor ander. Die besorgdheid waarna Erikson verwys, is nie noodwendig aan godsdiens gekoppel nie, maar eerder aan liefdadigheid. Die liefdadigheid wat tussen die ouderdom van 25 en 65 jaar by die individu gevind word, het ook te make met ‘n universele begrip, naamlik die behoud van die wêreld.

Volgens Erikson, Erikson & Kivnick (in Christiansen & Palkovitz, 1998) is voortplanting ‘n essensiële eienskap wat ‘n wedersydse verhouding tussen afhanklikheid en volwassenheid verg. Erikson (in Christiansen & Palkovitz, 1998) meen ook dat voortplanting deur pro-kreatiwiteit, kreatiwiteit, produktiwiteit, advisering, onderrig en versorging verder ontwikkel kan word.

4.6.8 Stadium 8 (65 jaar+)

Erikson (in Zimberoff & Hartman, 2001) glo dat die individu se lewensiklus vervul is wanneer ‘n finale eksistensiële identiteit, met behulp van psigososiale ontwikkeling, gevorm is. Hy redeneer ook dat wysheid die ego-sterkte van hierdie stadium is. Wysheid ontstaan wanneer die individu hom/haarself beide kan distansieer en aktief besorg kan wees oor die lewe in die aangesig van die dood. Dit verwys ook na die behoud van ‘n individu se integriteit en ervaringe in plaas van spyt ten opsigte van persoonlike teleurstellings.

Die primêre tema wat vir die ontwikkeling van Chakra 7 in die chakra-indeks geïdentifiseer is, is *universaliteit* en die twee sekondêre temas is *spirituele konneksie* en *intelligensie*. Volgens die literatuur wat bestudeer is en die temas wat uit die chakra-indeks verkry is, vind die navorser ‘n ooreenkoms tussen die ontwikkeling van Chakra 7 en Stadia 6, 7 en 8 van Erikson se ontwikkelingstadia.

Dit beteken dat die spirituele konneksie tydens die ontwikkeling van Chakra 7 ‘n verhouding met goddelikheid versus ‘n verbintenis aan geloof impliseer. Sherwood (2000) beweer origens dat die individu steeds van die geheel afhanklik is vir ontwikkeling. Hierdie aanvaarding van eenheid met die geheel, of die universele veld, is voordelig vir die individu se psigospirituele integrasie.

Judith (1996) verwys na die sewende chakra as die individu se kognitiewe struktuur wat leer. Die individu se horisonne word sodoende verbreed, verhoudings met objekte en persone word bemeester en ‘n groei na insig en wysheid vind plaas. Judith sê verder dat die individu in die stadium van die sewende chakra ‘n konstante behoefté na ‘n meer intense of dieper begrip van sy/haar bestaan het. Die uitbreiding van kennis en ‘n bevraagtekening van die self ontstaan wanneer die kind die ouerhuis verlaat, gewoonlik om en by die ouderdom 18 jaar. Die familiesisteem word geleidelik op die agtergrond geskuif en die jong volwassene hunker na ‘n eie funksionele sisteem. Dit stem ooreen met Erikson se lewenskrisis *intimitet versus isolasie*. Volgens Judith is die jong volwassene gereed om deur middel van leer en eksperimentering verhoudings met ander persone te bemeester. Die intimitet wat hieraan verbonde is, kan deel wees van die individu se hunkering na ‘n dieper begrip van sy/haar menslike bestaan. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat die ontwikkeling van Erikson se Stadium 6 ooreenstem met die ontwikkeling van Chakra 7

Na aanleiding van die bespreking van Chakra 7 se primêre tema, universaliteit, stem die navorser saam met Judith (1996) dat daar, in vergelyking met die ander chakras, ‘n klemverskuiwing in Chakra 7 plaasvind ten opsigte van die funksionering van die ego. Die ego, as die soek na betekenis, raak verhewe bo die self. Die individu konsentreer al hoe meer op begrip ten opsigte van ‘n universele bestaan en is ook

meer besorg oor ander en die wêreld. Dit is een van die belangrike redes waarop Erikson se sewende ontwikkelingstadium ook ooreenstem met die ontwikkeling van die sewende chakra. Soos vroeër vermeld, meen Erikson, Erikson & Kivnick (in Christiansen & Palkovitz, 1998) dat die ontwikkeling van voortplanting tydens volwassenheid 'n wedersydse verhouding van afhanklikheid en volwassenheid verg.

In aansluiting by die kwessie van voortplanting redeneer die navorser dat die volwassene onder andere voortplant om 'n eenheid met die universele geheel te vorm asook uit liefdadigheid vir die behoud van die wêreld. Hierdie gevolgtrekking is gemaak op grond van Sherwood (2000) se siening dat die individu nie onafhanklik van die geheel kan ontwikkel nie, en Erikson (in Hall, 1983).se redenasie dat liefdadigheid te make het met die behoud van die wêreld.

In die bespreking hier bo is vermeld dat Judith (1996) in haar beskrywing van die ontwikkeling van Chakra 7 na konsepte soos kognitiewe struktuur, insig en wysheid verwys. Wysheid word ook verbind aan die egosterkte in Erikson se agtste stadium (Erikson, 1982). Origens verwys Erikson (in Zimberoff & Hartman, 2000)) na die volwassene (65 jaar +) se besorgdheid oor die lewe en 'n nader beweeg aan spiritualiteit soos wat die volwassene die dood nader. Die ontwikkeling van Chakra 7 stem dus ooreen met Erikson se agste ontwikkelingstadium.

Ter opsomming is die navorser se gevolgtrekking dat Ontwikkelingstadia 6,7 en 8 soos Erikson dit geïdentifiseer het, ooreenstem met die ontwikkeling van Chakra 7. Die vergelyking van die ontwikkeling van die chakra-sisteem met Erikson se ontwikkelingskategorieë kan as volg in tabelvorm voorgestel word:

Tabel 4: 'n Vergelyking van Erikson se ontwikkelingstadia met die ontwikkeling van die chakra sisteem.

Erikson: Ontwikkelingstadia	1	1	2	3	4	5	6	7	8
Chakra	1	2	3	4	5	6	7	7	7

Ooreenkomste tussen die temas in Erik Erikson se ontwikkelingstadia en die temas vir die onderskeie chakras in die chakra-sisteem kan ook in tabel- vorm voorgestel word.

Tabel 5: Ooreenkomste tussen temas in Erikson se ontwikkelingsteorie en die chakra-sisteem.

Erikson	Chakras
Vertroue vs wantroue	Fisiiese identiteit
Vertroue vs wantroue	Emosies
Outonomiteit vs skaamte en twyfeling	Selfontwikkeling
Inisiatief vs skuld	Sosiale identiteit
Vlyt vs minderwaardigheid	Self-uitdrukking
Identiteit vs roloverwarring	Toestande van bewustheid
Intimiteit vs isolasie	Universaliteit
Voortplanting vs selfbeheptheid	Universaliteit
Integriteit vs wanhoop	Universaliteit

4.7. Vergelyking van die temas in die lewensgeskiedenisvraelys met Erikson se ontwikkelingstadia

Aanvullend tot die vorige bespreking, waarin die navorser Erikson se ontwikkelingstadia met die onderskeie chakras vergelyk het, is die volgende inligting betreffende die lewensgeskiedenis ook relevant.

Tabel 6: Vergelyking van die temas in die lewensgeskiedenisvraelys met Erikson se ontwikkelingstadia

Erikson se temas							
0 -1 jaar	2 - 3 jaar	4 - 5 jaar	6 - 12 jaar	13 - 18 jaar	19 - 25 jaar	25 - 65 jaar	65 jaar+
Basiese vertroue vs. wantroue	Outo-nomie vs. skaamte en twyfeling	Inisiatief vs. skuld	Arbeid-saamheid vs. minder-waardig-heid	Identiteit vs. rolover-warring	Intimiteit vs. isolasie	Voort-planting vs. selfabsorp-sie en skuld	Ego-integriteit vs. wanhoop
Lewensgeskiedenisvraelys							
Baarmoe-der-12 Maande	12 mnde - 2 jaar	2 - 4 jaar	4 – 7 jaar	7 –12 jaar	12 – 18 jaar	18 jaar+	
Oorlewing	Verbintenis	Uitreiking	Bewustheid	Selfont-wikkeling	Aanvaarding	Universaliteit	

Die navorser het die lewensgeskiedenisvraelys se ontwikkelingstadia gebruik as agtergrond en as aanvullende inligting vir ‘n Westerse begrip van die lewenskrisisse wat Erikson tydens elke ontwikkelingstadium geïdentifiseer het. Na aanleiding van die inligting in Tabel 6 en die grondige bespreking van temas in die lewensgeskiedenisvraelys in Hoofstuk 4 maak die navorser kortlik die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van die lewensgeskiedenisvraelys en Erikson se ontwikkelingstadia.

4.7.1 Stadium 1: 0-1 jaar

Lewensgeskiedenisvraelys: Baarmoeder tot 2 jaar

Beide *oorlewing* en *verbintenis* in die lewensgeskiedenisvraelys en *basiese vertroue versus wantroue* in Erikson se ontwikkelingstadia omskryf die baba se stryd om fisies te oorleef, primêre behoeftes te bevredig, die liggaam te leer ken en geleidelik weg van die moeder af te beweeg.

4.7.2 Stadium 2: 2-3 jaar

Lewensgeskiedenisvraelys: 2-4 jaar

Uitreiking en *outonomie versus skaamte en twyfeling* stem met mekaar ooreen omdat beide verwys na die wilskrag wat die kleuter ontwikkel om vrye keuses te maak en na sy/haar determinasie om onafhanklikheid te verkry. Dit verwys ook na die kleuter se uitreiking deur middel van kommunikasie, wat die ontwikkeling van trots en selfvertroue kan aanmoedig.

4.7.3 Stadium 3: 4-5- jaar

Lewensgeskiedenisvraelys: 4-7 jaar

Bewustheid en *inisiatief versus skuld* hou verband met die kleuter se behoefte om te eksperimenteer en die omgewing te verken. Die kind word bewus van konsepte soos geslag en ouderdom, en bewustheid brei onder andere uit deur middel van fantasie in spel en modellering. Beide bogenoemde temas verwys ook na die kind se evaluering van die self. Selfbeeld en sosiale verhoudings vorm dus nou ‘n belangrike deel van die kind se lewe.

Stadium 4: 6-12 jaar

Lewensgeskiedenisvraelys: 7-12 jaar

Selfontwikkeling en *arbeidsaamheid versus minderwaardigheid* verwys beide na konsepte wat gedurende hierdie ouerdom figureer. Sosiale leer en die verdere

ontwikkeling van die selfbeeld is die prominentste krisisse tydens hierdie stadium van ontwikkeling. Sosiale betrokkenheid, interpersoonlike verhoudings, selfvertroue en ‘n gevoel van bevoegdheid is ook belangrike temas wat aan hierdie ouerdomsgroep verbind word.

4.7.4 Stadium 5: 13-18 jaar

Lewensgeskiedenisvraelys: 12-18 jaar

Aanvaarding en *identiteit versus roloverwarring* as temas is onderskeidelik kategorieë in die lewensgeskiedenisvraelys en Erikson se stadia van ontwikkeling. Hierdie temas ondersteun die gevolgtrekking dat identiteitsvorming die hooftaak van hierdie ontwikkelingstadium is. Self-definiëring is dus die lewenskrisis waarmee die adolescent nou gekonfronteer word.

4.7.5 Stadium 6 tot 8: 19 - 65 jaar+

Lewensgeskiedenisvraelys: 18 jaar+

Die primêre tema, *universaliteit* (vanuit die lewensgeskiedenisvraelys: 18 jaar+), stem ooreen met die volgende temas in Erikson se Ontwikkelingstadia 6-8: *intimitet versus roloverwarring*, *voortplanting versus self-absorpsie*, en *ego-integriteit versus wanhoop*. Hierdie drie stadia van Erikson verwys kortlik na opoffering, sorg, besorgdheid, liefdadigheid en voortplanting wat ooreenstem met die tema universaliteit soos dit vroeër in Hoofstuk 4 bespreek is. Universaliteit verwys onder ander ook na die toekoms en die self in die wêreld, wat weereens ooreenstem met Erikson se Stadium 6 (intimitet versus isolasie) en Stadium 7 (voortplanting versus self-absorpsie). Verder toon universaliteit (vanuit die lewensgeskiedenisvraelys) ook ‘n ooreenstemming met Erikson se Stadium 8 (ego-integriteit versus wanhoop). Laasgenoemde temas verwys beide na wysheid, kennis, spiritualiteit, integriteit en ‘n finale eksistensiële identiteit, wat volgens Maslow (in Craig, 1995) as selffunktualisering omskryf kan word.

Na aanleiding van bogenoemde bespreking kom die navorsers dus tot die gevolg trekking dat die temas van die lewensgeskiedenisvraelys die agt ontwikkelingstadia wat deur Erik Erikson geïdentifiseer is, ondersteun.

4.8 Samevatting

Die deeglike bespreking van die studie se resultate in Hoofstuk 4 lei tot die gevolg trekking dat daar wel ooreenkoms tussen Erikson se ontwikkelingstadia en die ontwikkeling van die chakra-sisteem bestaan. Dit beteken dat daar ooreenstemminge is tussen Westerse en Oosterse oortuigings betreffende menslike ontwikkeling. Hierdie bevinding impliseer dat ‘n terapeut Oosterse konsepualisering in ‘n Westerse praktyk kan gebruik om sodoende te voldoen aan die vereistes van globalisering. Hierdie studie se bevindinge kan verder gebruik word om ‘n holistiese benadering tot kliënte in die praktyk te volg, met ander woorde ‘n benadering wat liggaam, verstand en gees inkorporeer.

HOOFTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Hoofstuk 5 is ‘n opsomming van die studie. Die navorser bespreek die doel van die studie, probleme ervaar tydens die studie en ‘n kritiese evaluering van die studie in sy geheel. Die navorser verwys ook in hierdie hoofstuk na aanbevelings ten opsigte van toekomstige studies in dieselfde konteks.

5.2 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie was ten eerste om ‘n vergelykende, kwalitatiewe beskrywing van die ontwikkelingstadia van Erik Erikson en chakra-ontwikkeling te gee. Dit het ‘n evalusie behels van hoe die Westerse ontwikkelingstadia, soos Erikson dit geïdentifiseer het, ooreenstem met die esoteriese Oosterse filosofie van die ontwikkeling van die chakra-sisteem. Om dit te kon doen was dit nodig om beide die ontwikkelingstadia van Erikson en die chakra-sisteem as ontwikkelingsteorieë van menslike groei te hanteer.

Die navorser is van mening dat hierdie doel van die studie geslaagd was ten opsigte van die voorgestelde hipotese. Deur middel van inhoudsanalise, kodering (gebaseer op begronde teorie) en die illustratiewe metode (Neuman, 2000) het die navorser in Hoofstuk 4 bewys dat daar wel ooreenstemminge is tussen Erikson se agt ontwikkelingskategorieë en die sewe chakras.

Die studie het ook ten doel gehad om ‘n bewustheid rondom alternatiewe genesing te genereer. Binne die Westerse filosofie val die klem steeds op mediese intervensies. Deur middel van ‘n intensieve omskrywing van globale funksionering en die funksies van die chakra-sisteem kon die navorser die teenwoordigheid, relevansie en impak van die chakra-sisteem op die individu se daaglikse lewe en ontwikkeling demonstreer. Dit het op sigself verder daartoe bygedra dat die studie

daarin kon slaag om die ooreenkoms tussen Erikson se agt ontwikkelingstadia en die ontwikkeling van die chakra-sisteem uitgewys.

‘n Verdere oorweging vir die studie was die verskynsel van globalisering in Suid-Afrika (Daya, 2000). Die navorser glo dat Oosterse genesingstegnieke, na afloop van die vergelyking met ‘n Westerse model, vir die leser nou meer geloofwaardig is; en dat die leser se verwysingsraamwerk verbreed is ten opsigte van die konsepualisering van gevallenstudies.

5.3 Probleme ervaar tydens die studie

In terme van die studie in sy geheel het die navorser moeite gehad om die Oosterse, esoteriese literatuur wetenskaplik te omskryf en te vergelyk met Westerse, mediese terme. Aangesien die chakra-sisteem nie ‘n sigbare en bekende fenomeen vir die leser is nie, was dit vir die navorser moeilik om die verskaafte inligting geloofwaardig te maak en wetenskaplik te verklaar. Hierdie proses is verder bemoeilik deurdat daar slegs ‘n beperkte aantal bronne/literatuur in Suid-Afrika beskikbaar was. Die navorser was dikwels verplig om van buitelandse biblioteke en bronne gebruik te maak, en dit het die navorsingsproses aansienlik vertraag.

Die navorser het ook probleme met die respondenten ondervind. Die geïdentifiseerde respondenten was aanvanklik gewillig om die navorser in die studie te ondersteun. Tydens die sessie waarin die navorser die twee vraelyste aan die respondenten verduidelik het, het die respondenten se entoesiasme egter tot ‘n mate gedaal. Dit was asof hul bedreig gevoel het om persoonlike inligting oor hulle ontwikkeling en private lewe aan die navorser weer te gee. Hoewel die respondenten verseker is van anonimitet en vertroulikheid, het sekere van die respondenten nie die vraelyste aan die navorser terug besorg nie en was dit gevoldig nodig om ander, moontlike deelnemers te nader. Die navorser kon dus ten einde daarin slaag om die korrekte hoeveelheid respondenten, wat vir die kwalitatiewe studie benodig is, by die studie te betrek.

Taal was ‘n verdere probleem vir veral een van die respondenten. Die navorser was nie bewus daarvan dat hierdie spesifieke kandidaat se huistaal Duits is nie. Beperkte

inligting is dus vanuit die spesifieke respondent se lewensgeskiedenisvraelys verkry en die navorser is onseker oor die respondent se begrip rakende die chakra-indeks.

Sommige respondente het gevoel dat die twee vraelyste ‘n groot hoeveelheid van hul private tyd opgeneem het. Ten spyte hiervan het hierdie respondente volledige antwoordlyste ingehandig. Sommige van genoemde respondente het die twee vraelyste voordelig gevind met betrekking tot die herinnering aan hul eie selfbewustheid.

5.4 Kritiese evaluering

